DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA

# VRYE Weekblad

17 November1989 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,20 (R1,06 + 14c AVB)



Die makabere moord op Griffiths Mxenge opgelos - 2

# BLOEDSPOOR



**Ontmoet kaptein Dirk Johannes Coetzee, bevelvoerder van 'n moordbende van die SA Polisie. Hy vertel eksklusief die volle grusame verhaal van politieke sluipmoorde, gifkelkies, buitelandse bomaanvalle en briefbomme.**

# VAN DIE SAP

Dirk Coetzee: die mens - 5









# Moordbende se register van terreur

**Alle berigte en foto's deur JACQUES PAUW**

KAPTEIN DIRK COETZEE erken dat hy tot en met 1982 aktief deelgeneem en help beplan het aan verskeie moorde en terreuraanslae wat deur die SA Polisie se spesiale eenheid te Vlakplaas gepleeg is.

Daarna het hy steeds noue kontak met verskeie lede van die moordbende behou en is bewus van nog terreur in die jare daarna.

Hier is sy doodregister:

* Die moord op die anti-apartheidsaktivis en Durbanse prokureur Griffiths Mxenge: "In November 1981 is ek vanaf Vlakplaas deur brigadier Van der Hoven, destydse hoof van veiligheid in Natal, na Durban ontbied waar ek opdrag gekry het om Mxenge te vermoor.

"Die polisie het geweet dat geld vir die ANC deur hom gekanaliseer is, maar kon dit nie bewys nie. Ek is aangesê om te sorg dat die moord soos 'n roof lyk, want Van der Hoven het gesê die polisie was nie lus vir nog 'n Biko-geval nie.

"Die veiligheidspolisie in Durban het sy huis aan ons uitgewys en inligting oor sy bewegings aan ons verskaf. Ek, kaptein Koos Vermeulen en adjudant-offisier (vandag luitenant) Paul van Dyk het vier stukke vleis met strignien gedokter om sy honde mee te vergiftig en dit vir my Askari's, Almond Nofomela, David Tshikalange, Brain Ngulungwa en ene Joe gegee.

"Ek het hulle duidelik laat verstaan dat hy met messe doodgemaak en nie geskiet moet word nie. Ek is hierna op hoogte gehou van al hulle bewegings: hoe hulle hom agtervolg het, die vergiftiging van sy drie honde en die lokval wat hulle vir hom langs die pad gestel het.

"Hulle het vir my vertel hoe hulle hom voorgekeer en na die Umlazi-stadion ontvoer het waar hulle hom met messe doodgesteek het. Hulle het ook sy keel en ore afgesny.

"Na die voorval het ek hulle laat die aand op 'n afgespreekte plek ontmoet waar hulle Mxenge se baadjie, horlosie, beursie en karsleutels by hulle gehad het. Hulle het my verseker dat dit soos 'n roof lyk.

"Mxenge se kar is deur Van Dyk en konstabel Braam Kruger verwyder wat dit na die Gollela-grenspos geneem het. Ek het intussen aan Van der Hoven terug rapporteer, wat opdrag gegee het dat die span na Pretoria moet terugkeer.

"Daar is ek na brigadier Marius Schoon ontbied wat baie besorg wou weet of ons enige spore gelaat het. Hy het opdrag gegee dat Mxenge se kar onmiddellik verbrand moet word. Dit is naby die Swaziland-grens gedoen.

"Ek het later verneem dat genl Johan Coetzee, toe nog hoof van die veiligheidspolisie, na my terugrapportering aan Schoon uit 'n vergadering ontbied is om die nuus van die geslaagde operasie aan te hoor.

"Die Askari's het elkeen R1 000 vir hul goeie werk ontvang."

* Die moord op twee ANC-lede naby Komatipoort: "Na die Weermag se inval in Maputo in 1980 is twee verdagte ANC-lede, Vusi en Ghost, na Suid-Afrika ontvoer. Ghost is na Vlakplaas geneem waar hy later vrywillig begin saamwerk het. Vusi is in die polisieselle in Brits aangehou waar hy die houding van 'charge me or shoot me' gehad het.

"Schoon het opdrag gegee dat Vusi en 'n ander gevange ANC-lid wat op Vlakplaas aangehou is, Peter, uit die weg geruim moet word. Ek het Vusi (sy MK-naam) uit die polisieselle gaan haal en hom na 'n verlate plaas naby die Kopfontein-grenspos teen die Botswana-grens geneem waar kaptein Koos Vermeulen en Peter ons reeds ingewag het.



Genl Lothar Neethling



Craig Williamson



Genl Johan Coetzee

"Ek het Vusi eers drie verskillende vooruitgedateerde kwitansies met drie verskillende penne laat teken sodat dit sou lyk asof hy nog minstens drie maande later in ons diens en lewend was.

"Ek en Vermeulen het gif, wat deur die forensiese laboratorium voorberei is, in hul koeldrank en bier gegooi. Almal het gepraat van 'Lothar se gif, (Generaal Lothar Neethling is die hoof van die forensiese laboratorium.) Ons is verseker dat sestig gram genoeg sou wees om hul aan 'n 'hartaanval' te laat beswyk. Die gif wou nie werk nie. Ons het die dosis tot 360 gram elk verhoog, maar niks het gebeur nie.

"Ons het die twee later Komatipoort toe geneem waar Paul van Dyk ons ingewag het. Ons is vandaar na 'n plaas daar naby waar majoor Archie Flemington van veiligheid te Komatipoort ons ontmoet het.

"Ons het Vusi en Peter 'n slaapmiddel ingegee wat ook deur die forensiese laboratorium voorberei is. Ons is vooraf gevra om aantekeninge oor die uitwerking daarvan te hou. Toe die twee terries goed deurmekaar was, het Vermeulen hul met 'n Makarov-pistool met 'n knaldemper deur die kop geskiet.

"Die twee lyke is hierna met hout en buitebande wat ons op 'n ashoop gaan haal het, verbrand. Dit het sewe ure geneem voor die liggaam uitgebrand was. Die as en oorblyfsels is in die Komatirivier geskep.

"Tydens die verbranding van die twee terries het die veiligheidsmanne van Komatipoort aan my vertel hoe hulle sterk drank wat met gif gedokter is, onder ANC-lede in Maputo versprei. Die gif word met 'n mikronaald deur die prop in die bottels ingespuit."

* Die verbranding van 'n "tweede Biko": "Ek en Nofomela moes in opdrag van majoor Nick van Rensburg (vandag brigadier) 'n kar van 'n vakbondleier in Port Elizabeth gaan steel. Hy het vir ons 'n duplikaatsleutel gegee.

"Nadat ons die kar gesteel het, is dit by die polisiestasie op Jeffreysbaai gebêre. In die enkelkwartiere is 'n lang, skraal man aangehou wat uit Lesotho ontvoer is.

"Kort voor ek hom gesien het, het die man met sy hande agter sy rug vasgebind uit die venster van die enkelkwartiere geduik in 'n poging om te ontsnap. Hy het bloeding op die brein opgedoen.

"Omdat die polisie weer eens bang was vir 'n tweede Biko, het hulle besluit om van hom ontslae te raak. Ek het Van Rensburg, die skraal man en kaptein Doep du Plessis van veiligheid in Port Elizabeth op die plaas by Komatipoort ontmoet. Majoor Archie Flemington en 'n paar van sy manne het ook daar aangekom.

"Die skraal man is van Lothar se slaapmiddel ingegee waarna 'n polisieman van Komatipoort hom met 'n Makarov-pistool met 'n knaldemper deur sy kop geskiet het.

"Ons het hom op 'n brandstapel van hout en buitebande verbrand en die as na die tyd gelyk gehark."

* Die moord op die aktivis Patrick Makau en 'n jong kind: "Ek het opdrag van brigadier Viktor gekry om by Van Rensburg in Ermelo te rapporteer. Daar is ek in bevel geplaas van Paul van Dyk, Chris Rorich en Krappies Engel-brecht. Laasgenoemde twee was plofstofdeskundiges.

"Ons moes 'n transitohuis van die ANC, genaamd White House, en die huis van nog 'n ANC-lid in Manzini gaan opblaas. 'n Kas met veertig kilogram plofstof is saam met twee Russiese tydmeganismes gebruik om die bom voor te berei.

"Ons het oor die grensdraad geklim en na Manzini gegaan waar ons die tydmeganismes gesinchroniseer het. Ek en Rorich het die bom teen die transitohuis se slaapkamermuur gestel, en Van Dyk en Engelbrecht die bom by die ander huis. Nadat die bomme ontplof het, is ons vinnig weer landuit.

"Ek het 'n paar dae later na die skade gaan kyk. Die huise was platgevee. Dis toe wat ek gehoor het dat 'n kind ook dood is."

* Die bomaanslag op Chris Hani, militêre bevelvoerder van Umkhonto We'Sizwe: "Veiligheid in Bloemfontein het 'n moordaanslag op Hani beplan, wat toe nog in Lesotho gebly het. Die bom is voorberei deur kaptein Wahl du Toit en geplant deur 'n polisie-informant in Lesotho.

"Die informant, wat ons as Mosjesj geken het, was 'n vertroueling van Hani en lid van die Lesotho Youth Organization. Die motorbom sou ontplof sodra die motor begin beweeg.

"Mosjesj het 'n fout gemaak en die bom het langs hom ontplof. Sy bene is erg vermink en sy oordromme het gebars. Nadat hy uit die hospitaal ontslaan is, is hy aangehou en sou deur Lesotho aangekla word.

"Ons het borg vir hom gaan reël, en nadat hy losgelaat is, het ons hom uit Lesotho gesmokkel en na Vlakplaas geneem."

* Die moord op Ruth First: "Kort voor ek na Veiligheidshoofkantoor in Pretoria verplaas is, het ek opdrag ontvang om by die Verenigde Volke se Hoë Kommissaris vir Vlugtelinge se kantoor in Mbabane te gaan inbreek. Die kantore was in buitekamers agter 'n huis geleë.

"Ons het die kabinette oopgebreek en gesteel wat ons kon: leêrs van ANC-verdagtes en -vlugtelinge, teleksbande, plakkers en 'n verskeidenheid van koeverte met die embleem van die Kommissaris op die omslag.

"Ek het sowat twee jaar later verneem dat die pakkie waarmee First opgeblaas is, in een van dié koeverte versteek was. Nadat ek met Craig Williamson bevriend geraak het, het hy aan my bevestig dat die veiligheidsowerhede vir haar briefbom verantwoordelik was."

First is op 17 Augustus 1982 in haar kantoor in Maputo met 'n pakkiebom opgeblaas. Die ontploffing het haar hele kantoor in puin gelê.

* 'n Moordaanslag op Marius Schoon: "Brigadier Schoon het opdrag gegee dat ons vir

*Vervolg op bladsy 4*

**Kopiereg**

**Die kopiereg op alle berigte én foto's op bladsye 1, 2, 3, 4 en 5 word streng deur Vrye Weekblad voorbehou.**






# 'Ek was in die hart van die hoer'

"EK was die bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisie se moordbende. Ek en my manskappe moes politieke- en veiligheidsteenstanders van die Regering vermoor en elimineer."

Dít is die woorde van kaptein Dirk Johannes Coetzee, 44-jarige gewese veiligheidspolisieman van Pretoria, nadat hy verlede week uit Suid-Afrika padgegee het om 'n nuwe lewe êrens in die buiteland te begin.

Nadat hy sy tasse gepak, sy gesin vlugtig gegroet en uit Suid-Afrika verdwyn het, het hy op die skilderagtige eiland Mauritius in 'n eksklusiewe onderhoud aan Vrye Weekblad erken:

"Ek was in die hart van die hoer. Ek ken die diepste geheimenisse van hierdie eenheid wat verhewe is bo die wet. Ek is self skuldig of minstens medepligtig aan talle moorde wat ons moes pleeg."

Dirk Coetzee vertel 'n verhaal van gevange ANC-guerrillas wat eers verdoof en dan tromp-op met Russiese pistole deur hul koppe geskiet is, van lyke wat met buitebande verbrand is waarna die as in riviere gegooi is en van teenstanders wat met 'n generaal se spesiale doepa vergiftig is.

Dis 'n verhaal van gewese ANC-guerrilla's - wat Askari's genoem word - wat op 'n geheime plaas net buite Pretoria "geswaai" word om ou makkers wat te astrant begin word het, binne en buite Suid-Afrika te gaan "piets" of "raps".

Dis boonop die verhaal van een van die polisiemag se briljantste maar mees omstrede polisiemanne se aandeel en kennis van die dood van talle anti-apartheidsaktiviste wat deur die Suid-Afrikaanse Polisie geskiet, gesteek, vergiftig en opgeblaas is.

Vrye Weekblad het vandeesweek nog 'n gewese Askari en lid van die moordbende in een van die tuislande opgespoor wat na Coetzee se vertrek op Vlakplaas aangebly het. Uit vrees vir sy veiligheid word sy naam weerhou.

Hoewel hy onwillig was om besonderhede oor sy eie betrokkenheid te gee, het hy erken: "Ons het baie mense doodgemaak. Ons het hulle geskiet en gesteek. Ons het net gedoen wat vir ons gesê is."

Kort voor sy vertrek na Europa om werk as diepseeduiker op 'n olieboor te gaan soek, het Coetzee gesê: "Ek het besluit om my gewete skoon te kry. Ek dink met minagting aan wat ek gedoen het. Dit was so nutteloos."

Coetzee se bekentenisse kom in 'n tyd waar Suid-Afrika en veral die polisiemag se geloofwaardigheid opnuut onder skoot kom namate meer en meer getuienis oor die werklike bestaan van polisie-moordbendes na vore kom.

Coetzee se verklarings volg enkele weke nadat 'n terdoodveroordeelde moordenaar, Butana Nofomela, teregstelling met enkele ure vrygespring het nadat hy vertel het dat hy 'n lid van 'n moordbende was waarvan kaptein Dirk Coetzee die bevelvoerder was.

Dié bende het een van die bekendste anti-apartheidsaktiviste, Griffiths Mxenge, vandeesweek presies agt jaar gelede vermoor, sê Nofomela.

Sy bekentenis het gelei tot die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek.

Vandeesweek, ondanks pogings van die polisie om Nofomela klaarblyklik te diskrediteer deur vooraf aan getuies te sê om alles te ontken, sê Coetzee: "Ja, ons het Mxenge vermoor. Ek het die opdrag van 'n brigadier ontvang en op my beurt my manskappe opdrag gegee om hom dood te steek. Daar is nog baie ander gevalle ook."


Ruth First


Griffiths Mxenge

Menseregte-aktiviste probeer jare reeds om 'n geregtelike kommissie van ondersoek aangestel te kry om die bestaan van 'n moordbende te ondersoek.

Die polisie het nog altyd die bestaan van só 'n eenheid ontken.

Coetzee, wat die polisiemag in 1986 ná 'n departementele verhoor met vervroegde mediese pensioen verlaat het, was tot en met 1982 bevelvoerder van die moordbende wat vanuit Vlakplaas net buite Pretoria opereer het.

Ná sy vertrek het andere hom opgevolg en die bende het bly voortbestaan.

Hy sê aan Vrye Weekblad: "Ek was in bevel van 'n eenheid van die veiligheidspolisie wat bestaan het uit gerehabiliteerde terroriste. Die doel van die eenheid was om ANC-guerrillas wat Suid-Afrika geïnfiltreer het, op te spoor en aan te keer.

"Hierdie eenheid is ook gebruik om politieke teenstanders van die polisie en regering te vermoor en te elimineer. Ons het in siviele klere geopereer en was toegerus met vreemde wapens en ploftoestelle. Ons het ondergronds gefunksioneer en was onherkenbaar as lede van die polisie."

Vir twee jaar het Coetzee die bewegings, optrede en operasies van sy moordbende met die goedkeuring van baie senior polisiemanne beheer. Dis hy wat die bevele gegee het: "Raak ontslae van Mxenge, maar laat dit lyk soos 'n roof", en "Gooi gif in sy drankie, dit sal lyk soos 'n hartaanval."

Verskeie senior en gerespekteerde polisiemanne se name word in Coetzee se getuienis genoem:

* Generaal Johan Coetzee, gewese kommissaris van Polisie en nou diplomaat.
* Brigadier Marius Schoon, wat pas afgetree het as hoof van seksie C1 - die ANC/PAC-lessenaar - by Veiligheidshoofkwartier in Pretoria.
* Brigadier Nick van Rensburg, wat pas aangestel is in brigadier Schoon se pos.
* Brig H van der Hoven, gewese Veiligheidshoof in Natal en nou op pensioen.
* Craig Williamson, gewese "baasspioen" en nou lid van die Presidentsraad.

Verskeie ander junior offisiere, wat die moordbende landswyd bygestaan en logistiese ondersteuning verleen het, se name word ook genoem.

Coetzee se getuienis werp nuwe lig op talle van die onopgeloste moorde van "teenstanders van die staat" wat die afdgelope tien jaar tot die dood van minstens 46 anti-apartheidsaktiviste gelei het.

Coetzee sê hy was betrokke by onder meer die volgende:

* Die briefbom-moord op Ruth First, vrou van die leier van die SAKP, Joe Slovo, op 17 Augustus 1982 in Maputo, Mosambiek. Sy is vermoor met 'n koevert van die Verenigde Volke se Hoëkommissaris vir Vlugtelinge wat deur Coetzee in Swaziland gesteel is.
* Die moord op Griffiths Mxenge in November 1981. Coetzee het die moord beplan, gif vir die honde voorberei, sy manskappe beveel hóé om hom dood te maak en agterna vir elkeen 'n R1 000 gegee.
* Coetzee het opdrag gekry om die wit ANC-aktivis, Marius Schoon, met 'n spesiaal voorbereide Amerikaanse masjienpistool in 'n aktetas versteek was, dood te skiet. Kort voor die operasie is hy gestop. Schoon se vrou, Jeanette, en hul dogter is in Julie 1984 in 'n briefbomontploffing dood.
* Coetzee het in 1980 die bomme help plant wat die ANC-aktivis Patrick Makau en sy kind in Swaziland opgeblaas het.
* Twee gevange lede van die ANC moes geëlimineer word. Hulle is eers gif gevoer, maar toe die gif nie wou werk nie, is hulle 'n slaapmiddel ingegee en tromp-op deur die koppe geskiet. Daarna is hulle liggame met buitebande en hout verbrand. Die as is in 'n rivier gegooi.

Daarbenewens het Coetzee eerstehandse kennis van:

* Die bomontploffing by die Londense kantore van die ANC in 1982. Die bom is in die Suid-Afrikaanse diplomatieke sak na Londen gesmokkel.
* Die bomaanslag op die lewe van die militêre leier van Umkhonto we Sizwe, Chris Hani, in Lesotho. Die polisieman wat die bom moes plant, het homself byna opgeblaas.
* Bottels whisky wat vol gif gespuit word wat na Maputo gesmokkel word en onder ANC-lede versprei word.

Coetzee het gesê dat hy bereid is om op enige vooraf gespreekte plek ter wêreld voor 'n kommissie van ondersoek getuienis af te lê oor sy betrokkenheid by die moordbendes.

**'Ons het baie mense doodgemaak. Ons het hulle geskiet en gesteek. Ons het net gedoen wat vir ons gesê is.'**

# Vlakplaas: hoofkwartier van die moordbendes




Dirk Coetzee op Mauritius

DIT is hier op 'n verlate plaas, 44 hektaar groot en geleë sewe kilometer buite Erasmia naby Pretoria, waar kaptein Dirk Coetzee in 1981 swart polisiemanne en gewese ANC-guerrillas saamgesnoer het in 'n gedugte eenheid wat uiteindelik die veiligheidspolisie se moordbende geword het.

Vandag nog is daar sowat sewentig gewese ANC-guerrillas en swart polisiemanne wat onder die bevel van blanke offisiere operasies vanaf Vlakplaas bedryf. Na Coetzee aan die begin van 1982 daar weg is, het verskeie ander offisiere hom opgevolg.

Vlakplaas is amptelik gestig om gevange guerrillas wat "draai", te huisves en in verskillende eenhede in te deel. Hul hoofdoel is dan om geïnfiltreerde ANC-guerrillas op te spoor, aan te keer of uit te wis. Deur die jare het die eenhede 'n baie spesiale werkswyse ontwerp om dit te doen.

Maar die aanwesigheid van "gerehabiliteerde" guerrillas - wat Askari's genoem word - wat aan die goeie genade van die polisie uitgelewer is, het die ideale geleentheid geskep om 'n moordbende saam te snoer.

Coetzee vertel hoe dit gebeur het: "Kort na my aankoms by veiligheidshoofkwartier in 1980 is nege blanke polisiemanne na Vlakplaas verplaas om vyf eenhede te stig wat vanaf Vlakplaas in verskillende dele van die land sou opereer.

"Elke groep het het bestaan uit twee blanke polisiemanne, twee swart polisiemanne en vier gerehabiliteerde terroriste. Die swartes het in 'n Kombi plekke soos smokkelkroeë, busstoppe en stasies besoek om ANC-guerrillas te probeer opspoor. Die twee blankes was gewoonlik êrens in die nabyheid in 'n motor en in radiokontak met die Askari's.

"Foto-lêers van verdagte ANC-lede word gewoonlik aan die Askari's gewys voor hulle 'n gebied binnegaan. Hulle is gewoonlik drie weke van elke maand in die veld, en keer die laaste week terug om hul geld te kom ontvang.

"My groep het uiteindelik die kern van die veiligheidspolisie se moordbende gevorm. My groep was ideaal daarvoor saamgestel: ek was ambisieus en wou graag my meerderes beïndruk, Almond Nofomela was slim en baie getrou, ek het David Tshikalange jare reeds geken en Joe was 'n geharde krimineel wat enige opdrag sou uitvoer. Ek en die ander blanke lid, Paul van Dyk, was lank reeds goeie vriende.

"Dit is nooit amptelik aan my gestel dat my eenheid die moordbende is nie. Ek was egter die mees senior offisier op die plaas en my eenheid was die voorste eenheid. Almal het geweet dat ons werk baie spesiaal was en het ons daarvoor gerespekteer."

Coetzee sê dat hy as bevelvoerder van die moordbende altyd in sy kar met die volgende wapenarsenaal rondgery het: 'n tas met 40 kilogram Russiese PE4-plofstof, 'n tas offensiewe en defensiewe Russiese handgranate, vyf handmasjienkarabyne met knaldempers en 'n Makarov- en Tokarev-pistole met knaldempers.

"'n Mens kon vir die Askari's enige opdrag gee en hulle sou dit uitvoer. Hulle sou enigiemand vermoor of ontvoer. Hulle het nooit teëgestribbel nie en moord het deel van hul alledaagse lewe geword."

Teen die tyd wat Askari's op die plaas aangekom het, sê Coetzee, het hulle reeds ingewillig om saam met die polisie te werk. 'n Askari kry kos, klere en slaapplek op Vlakplaas en word aangestel as 'n sogenaamde hoofkantoorbron. Hy kan uiteindelik aangestel word as volwaardige konstabel en toegelaat word om weer by sy gesin te gaan woon.

Askari's het min keuse as om saam met die polisie te werk. Dis dikwels 'n keuse van òf langtermyn-tronkstraf òf 'n nuwe lewe as polisieman. Hulle kry ook geen opleiding nie, want hulle het guerrilla-opleiding in die buiteland ondergaan. Hulle doen wel skietoefeninge met onder meer AK 47's en RPG-vuurpyllanseerders.

Coetzee sê daar is min Askari's wat werklik glo wat hulle doen. "Heelwat Askari's keer uiteindelik weer terug na die ANC. In my tyd het Ben Lucky Zwane en die broers Johannes en Chris Mnisi na die ANC teruggekeer.

"Ander weer het stil-stil verdwyn as hulle samewerking nie goed genoeg was nie en die vrees begin ontstaan het dat hulle na die ANC mag terugkeer. Op die plaas het 'n ou aangekom, ek dink dit was Chris, 'n stil teruggetrokke terrie, maar 'n intelligente dônner.

"Hy het nooit so spontaan ingeval soos die ander nie. Hy is stil-stil Komatipoort toe geneem. Hy was net een aand weg. Soos Koos Vermeulen vir my gesê het: geskiet en verbrand.

"Op die plaas het daar in 'n stadium 'n man onder groot geheimsinnigheid aangekom. Ons het hom Oupa genoem. Hy was 'n groot vis - 'n MK-man uit die binnekringe. Hy het plastiese chirurgie ondergaan. Sy oogbanke was opgestop."

Coetzee sê slegs senior offisiere op afdelingsvlak en veiligheidshoofkantoor is werklik bewus van die bestaan van Vlakplaas en die werksaamhede van die Askari's.

Hy sê die meeste operasies wat die moordbende gedoen het, was in samewerking met plaaslike afdelings en takke van die veiligheidspolisie. Omdat die moordbende geen lêers by hulle gedra het nie, was hulle altyd afhanklik van inligting van plaaslike afdelings en takke.

Coetzee sê dat nadat hy Vlakplaas in 1982 verlaat het, hy steeds kontak met van sy oudkollegas soos Paul van Dyk, David Tshikalange en Almond Nofemela behou.

"Die moordbende is na my vertrek onder bevel van kaptein Jan Coetzee geplaas en kort daarna kaptein Eugene de Kock, wat voor dié aanstelling by Koevoet in Namibia was. De Kock is vandag nog op Vlakplaas.

Coetzee sê De Kock het van Joe ontslae geraak, waarna Almond Nofomela en 'n opgeleide guerrilla, Jeff Bosigo, die vernaamste elimineerders in die moordbende geword het.

*Vervolg van bladsy 2*

# Register van terreur

Marius Schoon, 'n blanke lid van die ANC, in Botswana moet gaan elimineer. 'n Baie spesiale moordwapen is vir die geleentheid voorberei.

"'n Generaal het 'n Scorpio-masjienpistool by Amerikaners present gekry. Hy het dit aan veiligheid geskenk. Die masjienpistool is met 'n knaldemper in 'n swart aktetas ingebou. Die loop is met 'n plakkertjie weggesteek en 'n sakkie is ingebou waarin die doppies moes val. Dit is afgevuur met 'n snellermeganisme buite die tas."

"Die plan was dat ek eers by kaptein Rudie Crous van Zeerust moes gaan rapporteer wat Schoon se blyplek aan my sou gaan uitwys. Ek moes aan die deur klop en hom skiet sodra hy oopmaak.

"Kort voor ons vertrek het 'n generaal self opdrag gegee dat ons nie meer moes gaan nie. Toe ek vra hoekom nie, is bloot gesê dat daar nou ander planne beraam word."

Schoon se vrou, Jeanette en hul dogtertjie is in 1984 in Angola met 'n briefbom opgeblaas wat vermoedelik vir Schoon self bedoel was.

* 'n Diamanthandelaar word deur die moordbende vermoor: "Op 'n dag in 1981 wou die Askari's, Almond Nofomela, David Tshikalange en Joe, wie se van ek nie kan onthou nie, geld by my leen om diamante in Lesotho te gaan koop.

"Ek het R5 000 vir hulle geleen. 'n Paar dae later was hulle terug met 'n handvol swak en goedkoop diamante. Ek het hulle teruggestuur om die diamante te gaan teruggee en my geld terug te bring.

"'n Dag of wat later was hulle terug met 'n wit Datsun Laurel met Lesotho-registrasienommers. Hulle het gesê die handelaar wou nie hulle geld teruggee nie. Hulle het hom ontvoer, uit Lesotho geneem en naby Lindley in die Vrystaat in 'n bloekomplantasie doodgeskiet.

"Ek het die kar gevat en op Vlakplaas gaan versteek. Ek het brigadier Schoon oor die moord ingelig. Hy het gesê ons moet so vinnig as moontlik van die lyk ontslae raak. Ek en my manskappe het die lyk gaan haal. Dit is later naby die Swazilandse grens agter 'n murasie van 'n ou plaashuis verbrand.

"Die vermoorde se kar is vir R5 000 verkoop en ek het my geld teruggehad."

* 'n Operasie in Botswana: "Brigadier Schoon het opdrag gegee dat ek en my eenheid twee ANC-lede in Gabarones in Botswana moet gaan elimineer. Die een was 'n vrou wat glo een van die ANC se heel beste skuts was.

"Ons het kaptein Rudie Crous van veiligheid te Zeerust naby die Kopfontein-grenspos ontmoet waar hy die ligging van die huis aan ons verduidelik het. Ek en kaptein Koos Vermeulen het ons hande swart gesmeer en balaklava's aangetrek.

"Ons was met handmasjienkarabyns en handgranate gewapen, terwyl Joe 'n Tokarev en Almond Mafomela 'n Makarov by hulle gehad het. Terwyl ons voor die huis vir die regte oomblik gesit en wag het, het twee vroue in die kombuis ingestap en die agterdeur oopgemaak.

"Joe het die een vrou gegryp, haar mond toegedruk en haar deur die kop geskiet. Die ander vrou het skreeuend in die huis teruggehardloop. Ons het almal op haar geskiet. Sy het geval en ons het verdere skote in die huis ingeskiet voordat ons vinnig padgegee het."

* 'n ANC-lid word in Swaziland opgeblaas: "Die veiligheidspolisie te Ermelo het 'n voorbereide bom in die posbus van twee prokureurs in Manzini gaan plaas nadat hulle inligting gekry het dat die ANC ook die posbus gebruik.

"Die plofstofdeskundige, Chris Rorich, het 'n bom met twee veiligheidsmeganismes gestel. Toe Bufana Duma, 'n lid van die ANC, die volgende oggend die posbus oopmaak om die pos uit te haal, het bom ontplof en sy arm afgeruk. Hy loop vandag nog met 'n houtarm rond.

"Ek het die volgende dag self na die poskantoor gaan kyk, en yslike skade is aangerig."

* 'n Ontvoering uit Swaziland: ""Ek Paul van Dyk en majoor Paul Hattingh, tweede in bevel van die plofstofafdeling by veiligheidshoofkwartier (vandag kolonel), is saam met vier Askari's na Swaziland vir die uitkenning en opblaas van ANC-blyplekke.

"Die blankes het in vakansierondawels laaggelê, terwyl die Askari's verkenning gedoen het. Brigadier Schoon het ons teruggeroep Pretoria toe vir verdere opdragte. Die Askari's het alleen agtergebly.

"Terwyl ons in Pretoria was, het die Askari's 'n verdagte streeksbevelvoerder van die ANC, Joe Pillay, uit Swaziland ontvoer. Pillay is na Vlakplaas gebring.

"Terwyl die manskappe in Swaziland was, wou hulle glo 'n bankroof pleeg en is deur die Swazilandse polisie in hegtenis geneem. Ons is terug na Swaziland waar ons R800 borgtog vir die vier gereël het. Ons het hulle in die kattebak van ons karre teruggebring na Suid-Afrika.

"Intussen is Pillay deeglik ondervra en ondanks 'n bietjie 'third degree' (marteling) en waarheidserum, het hy nie veel geweet nie. Hy was nie 'n streeksbevelvoerder nie. Hy is in die polisieselle op Ermelo aangehou tot sy blou oë herstel het.

"Ons het hom geld gegee en teruggeneem na Swaziland."

* Die opblaas van die ANC-kantore in Londen: "Ek het die Britse burger wat later 'n Suid-Afrikaanse spioen geword het, Peter Casselton, deur Craig Williamson leer ken.

"Ons drie het later groot vriende geraak. Casselton het my onder meer gevra om diamante met die diplomatieke sak vir hom Londen toe te smokkel waar hy dit glo teen hoë pryse kan verkoop.

"In ongeveer 1982 is Casselton Londen toe gestuur waar hy vir die veiligheidspolisie inbrake in ANC-kantore in Londen en elders in Europa gedoen het. In hierdie tydperk is die Londense kantore van die ANC opgeblaas. Hy is vir inbraak gevang en tronk toe gestuur.

"Daar kon nooit bewys word dat hy ook sabotasie gepleeg het nie.

"Casselton het agterna persoonlik vertel dat die plofstof waarmee die kantore opgeblaas is, in die Suid-Afrikaanse ambassade in Londen se diplomatieke sak na hom gesmokkel is. Dit was ook sy nie-amptelike koerierdiens waardeur Williamson met hom geskakel het.

"Hy het ook vertel dat 'n plofstofdeskundige, sersant Jerry Ravan, spesiaal na Londen gestuur is om die bom vir hom voor te berei. Terwyl hy die betrokke aand na die ANC-kantore is, is hy in 'n padblokkade voorgekeer, maar gelukkig vir hom is die bom nie gekry nie."

* Coetzee vertel van verskeie ander terreurdae waarby hy betrokke is of kennis van dra. Hy vertel van etlike ander insidente, veral in Swaziland, waar ANC-lede vermoor en ontvoer is.

In een geval is 'n voertuig selfs met 'n RPG-vuurpyllanseerder opgeblaas. Verskeie motors is ook in Swaziland gesteel, onder meer dié van Stan Mabusela, vandag hoof van die ANC in Zimbabwe.

Hy vertel ook van 'n insident waar hulle tydens 'n terroristeverhoor in Bethal die staatsaanklaer se motor met 'n Russiese landmyn opgeblaas het om die regter net voor vonnisoplegging kwaad te maak.

In 'n ander geval is 'n groep vakbondlede van die Oos-Kaap wat op pad was na 'n vakbondskonferensie in Harare, se mikrobus uit 'n Johannesburgse hotel se parkade gesteel om te keer dat hulle by die konferensie uitkom.

Hy weet ook van 'n geval waar 'n verdagte ANC-lid wat in Port Elizabeth aangehou is, gif ingegee is. Hy het egter nie al die gif ingekry nie, is verlam en sy hare het begin uitval.

Hy is uiteindelik in die Groote Schuur-hospitaal in Kaapstad opgeneem waar dokters uitgevind het dat hy vergiftig is.

Hy het eendag, op pad na die hospitaal, met rystoel en al verdwyn.

## SAP-MOORDBENDES

# 'Ek minag myself'



MET 'n hart vol hoop en 'n storie wat hy vir die wêreld móét vertel, het Dirk Coetzee verlede week op 'n vliegtuig geklim om 'n nuwe lewe in die buiteland te begin. Hy skuld sy vrou en kinders 'n nuwe lewe en wil gaan regmaak vir sy aandeel in die polisie se moordbende.

Hy is die man wat as bevelvoerder emosieloos staan en toekyk het hoe mense tromp-op deur hul koppe geskiet word, lyke op hout en bande lê en brand, bomme langs huise ontplof waarin mense lê en slaap en gevangenes ontwetend die gif sluk wat hy in hul bier of koeldrank gegooi het.

Dit was sewe jaar gelede. Dis toe hy nog gedink het: "Ek doen dit alles vir Volk en Vaderland, vir my vrou en kinders en ma en pa. Laat die bliksems op die brandstapel brand."

Vandag sê Dirk Coetzee: "Ek dink met minagting aan myself. Hoe kon ek myself in sulke nutteloosheid begeef het?"

Dit is dié verskriklike skuldgevoel, die feit dat hy sê dat hy geen toekoms meer in Suid-Afrika het nie en 'n vrees dat hy weens sy aandeel in die moordbendes weens moord aangekla mag word, wat hom gedryf het om verlede week op 'n vliegtuig te klim en 'n nuwe lewe in die buiteland te gaan soek.

Coetzee, 'n gekwalifiseerde polisieduiker, hoop om werk as diepseeduiker op 'n olieboor te kry. Hy glo sy vrou en kinders sal later by hom kan aansluit. Sy vrou en kinders het hy vlugtig gegroet, sy half-blinde pa en ma glad nie.

Voor hy Europa toe is, het hy op die eiland Mauritius gestop om sy verhaal aan Vrye Weekblad te vertel. Hy sê: "My mede-aanspreeklikheid het my verhoed om in Suid-Afrika met die sak patats vorendag te kom. Nou wil ek dit vir eens en altyd van my gewete afkry."

Coetzee was 'n uitstekende en toegewyde polisieman: Beste Polisiestudent van die Jaar in 1970, vinnige opgang na offisiersrange en toelating tot die veiligheidspolisie, die elite-eenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie.

"Ek was in die elite, en boonop 'n offisier. Die gewone ou lol nie met jou nie, vra nie vrae nie. Daar's so sinistêre air om hulle. Ek was in sivvies met 'n wapenarsenaal agter in my kar en gereed om verskriklik oorlog te maak. Ek was so half in die onderwêreld."

"Ek was nog meer geëerd toe hulle my boonop kies om die moordbende te lei. My base hou van my, het ek gedink. En my land het my nodig, hier rus 'n verskriklike taak op my. Daar is mense wat die land wil vat en doodgemaak móét word.

"Ek het nooit gehuiwer om enige opdrag uit te voer nie. Ek het gekyk na mense op 'n brandstapel en gedink dis goed so, laat hulle brand. Ek was trots toe ek in Swaziland kom en die verwoeste huis sien wat my bom platgeskiet het.

"Ja, ek het geglo Mxenge moes sterf. Ek was bly Ruth First is opgeblaas met 'n koevert wat ék gesteel het. Ek was selfs teleurgesteld toe die aanslag op Marius Schoon se lewe afgestel word, want ek het gemeen hy móét sterf. So 'n witman tussen die terries, het ek gedink.

"Daar was selfs 'n geval waar generaal Johan Coetzee my ná 'n Swaziland-operasie in die gang by veiligheidshoofkwartier raakgeloop en gesê het: 'Goeie werk Dirk, goeie werk.' Dít was nou baie lekker. Die generaal hou van my."

Coetzee sê dit was maklik om aan operasies deel te neem waar gesiglose mense om die lewe gebring moes word. Dit was vir hom baie moeilik om aan eliminasies deel te neem waar hy slagoffers se gesigte geken het. "Ek het nooit van hulle oë gehou nie."

Coetzee, wat in Warrenton in die Noord-Kaap gebore is, sê hy bly in sy hart en wese 'n polisieman. Hy wou nooit iets anders word nie en het so half geroepe gevoel om wet en orde te handhaaf.

Coetzee is in 1986 met vervroegde pensioen ui die mag nadat hy weens suikersiekte medies ongeskik bevind is vir verdere. Voor dit was hy betrokke in 'n departementele verhoor nadat hy onder meer 'n verslag oor telefoonmeeluistering aan dr Van Zyl Slabbert, toe nog leier van die Amptelike Opposisie, gestuur het. Dit was nadat hy uitgevind het die polisie luister sy eie telefoon af.

Hy is ook daarvan aangekla dat hy Craig Williamson gevra het om hom te help om 150 000 Amerikaanse dollar vir 'n dokter onwettig in die land in te bring.

Tydens die verhoor het brigadier Jan du Preez van veiligheidshoofkantoor in Pretoria vir Coetzee as volg beskryf: "Hy is 'n baie entoesiastiese en aktiewe werker, maar dikwels onortodoks. Hy was 'n harde werker gewees en het baie inisiatief aan die dag gelê. Ure het vir hom nie saak gemaak nie."

Hoewel Coetzee op van die aanklagte skuldig bevind is, is hy toegelaat om weens mediese redes (hy is 'n suikersiektelyer) op vervroegde pensioen te gaan. Hy het sy rang behou.

"Sedert ek die polisiemag verlaat het, kon ek nog nooit weer enige werk kry nie. Die werk waarvoor ek aansoek gedoen het, het altyd een of ander vorm van sekerheidsklaring vereis. Ondanks my skoon kriminele rekord kon ek nooit 'n klaring kry nie. Ek is dan ook gesekwestreer.

"Ek het geen toekoms meer in Suid-Afrika nie. Ek is dit aan my vrou en kinders verskuldig om met 'n nuwe lewe te begin. Dit lyk verder asof daar geen moontlikheid is dat die volle waarheid oor die moordbendes aan die lig sal kom nie.

"Ek besef dat my optrede en betrokkenheid by hierdie bendes verkeerd was en ek sal dit graag van my gewete wil afhê. Ek gaan die wêreld vertel wat ek weet en wat ek gedoen het."



Coetzee en sy vrou, Karin



SUID-AFRIKAANSE POLISIE — SOUTH AFRICAN POLICE

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA — REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

TOEKENNINGSERTIFIKAAT — CERTIFICATE OF AWARD

HIERBY WORD GESERTIFISEER DAT — THIS IS TO CERTIFY THAT

*Die Suid-Afrikaanse Polisiemedalje vir Troue Diens*

*The South African Police Medal for Faithful Service*

TOEGEKEN IS AAN — HAS BEEN AWARDED TO

NO. W56470F LUITENANT DIRK JOHANNES COETZEE

OP DIE EERSTE DAG VAN APRIL VAN DIE JAAR 1980

*Vir 10 Jaar Getroue Diens en Voorbeeldige Gedrag*

*For 10 Years Faithful Service and Exemplary Conduct*

PRETORIA 1981-05-25

Die toekenningsertifikaat van die Suid-Afrikaanse Polisiemedalje vir Troue Diens wat Coetzee in 1980 ontvang het.



Die jong luitenant Dirk Coetzee saam met sy hond

# 'Polisiemanne aangesê om alles te ontken'

**GETUIENIS het na vore gekom wat daarop dui dat polisiemanne wat getuienis lewer voor die McNally-kommissie van ondersoek na bewerings van Almond Nofomela, 'n lid van Dirk Coetzee se moordbende, aangesê is om te ontken dat hulle enigiets weet.**

**Terselfdertyd het dit nou ook aan die lig gekom dat 'n veiligheidspolisieman besig is om alle moontlike dokumentêre getuienis oor die moord op die anti-apartheidsaktivis Griffiths Mxenge te verwyder.**

**Die Prokureur-Generaal van die Vrystaat, TP McNally, is aangestel om Nofomela se bewerings te ondersoek. Nofomela, wat tans teregstelling in die dodeselle afwag, het in 'n verklaring aan Regslui vir Menseregte erken het dat hy lid was van die polisie se moordbende wat vir Mxenge vermoor het. Die kommissie sal na verwagting sy verslag aan die einde van dié maand publiseer.**

**Coetzee, wat deur Nofomela as bevelvoerder van die moordbende genoem word, is self nooit deur die kommissie vir getuienis genader nie.**

**'n Offisier in die veiligheidspolisie het hom egter kom spreek om vir hom te sê dat alle betrokkenes klaar getuig het dat hulle gesê het dat hulle niks weet nie.**

**Coetzee sê dat 'n luitenant hom op 30 September, vyf dae voor hy die land verlaat het, kom besoek het en gesê het dat daar groot vrees in die polisie bestaan dat die McNally-kommissie se verslag kan lei tot die aanstelling van 'n geregtelike kommissie van ondersoek na moordbendes en 'n private kriminele vervolging deur Mxenge se familie.**

**Die polisieman het aan Coetzee gesê dat alle polisiemanne wat deur Nofomela genoem is en wat sou getuig, vooraf aangesê is om enige betrokkenheid by die moordbendes te ontken.**

**Twee Askari's wat by die moord betrokke was, Brain Ngulungwa en ene Joe, is aangesê om alles te ontken.**

**"Die polisieman het my gevra dat sou die kommissie by my uitkom, ek ook alles moet ontken. Hy was positief dat die kommissie 'n negatiewe verslag teen Nofomela gaan uitbring en dat alles gedoen word om hom te diskrediteer," sê Coetzee.**

**Coetzee sê hy het op Vrydag, 3 November met adjudant-offisier Connie Swiegelaar by veiligheidshoofkwartier in Pretoria gesels en gevra wat aangaan. "Sy het vir my gesê daar is nie moeilikheid nie. Sy het gesê dat kaptein Eugene de Kock besig is om logstate en ander moontlike bewysstukke uit hoofkantoor te verwyder en te vernietig."**

**McNally sal na verwagting sy verslag dié maand publiseer.**

# Skok oor ligte vonnis vir oud-Recce

**Anton Steenkamp**

REGSLUI vir Menseregte en 'n DP-parlementslid was onder die organisasies en individue wat vandeesweek hul skok en verontwaardiging uitgespreek het oor die agt jaar gevangenisstraf wat 'n oud-Recce opgelê is nadat hy 'n plaaswerker vermoor het.

Piet Leeb, 27, 'n oud-Recce en plaasvoorman van die plaas London naby Naboomspruit, is Maandag in die Rondgaande Hof op Tzaneen deur regter J Coetzee skuldig bevind aan moord met versagtende omstandighede op Simon Snyders en tot agt jaar gevonnis.

Leeb het in Maart vanjaar vir Snyders bewusteloos geslaan, 'n ketting om sy nek vasgemaak en die volgende dag sy lyk in 'n erdvarkgat versteek.

Regter Coetzee het in sy uitspraak vir Leeb as 'n "gevoellose, onnadenkende wreedaard" beskryf en gesê die vonnis moet as afskrikmiddel dien vir boere wat hul plaaswerkers so behandel.

'n Psigiater, dr Anton Potgieter, het egter ter strafversagting aangevoer dat Leeb nie professionele "ontlonting" ontvang het nadat hy in Maart 1987, ná twee jaar, uit die Verkenningskommando bedank het nie. Leeb het self getuig dat hy in Angola, Botswana en Zimbabwe in militêre operasies betrokke was.

Dave Dalling, die Demokratiese Party se woordvoerder oor Justisie, het in 'n verklaring gesê hy is geskok oor die ligte vonnis wat opgelê is.

"Met afslag vir goeie gedrag, sal dié boer wat sy arbeider vermoor en daarna sy misdaad probeer wegsteek het, binne twee en 'n half jaar uit die tronk wees as 'n vry man, terwyl sy slagoffer dood is," sê Dalling.

"Dit lyk my asof daar te veel teenstrydighede in vonnisoplegging is, veral in gevalle van misdade oor die kleurgrens heen."

Dalling sê hy is van plan om die saak in die parlement te berde te bring.

Regslui vir Menseregte het in ook 'n verklaring hul kommer uitgespreek oor die "skynbaar ligte vonnisse wat opgelê word waar die beskuldigde wit is en die slagoffer swart".

Met verwysing na die Leeb-saak sê die organisasie se direkteur van regspleging, Ahmed Motala: "Dis nie duidelik watter rol die ras van die beskuldigde en die slagoffer in dié geval gespeel het nie, maar die toegeeflikheid wat aan Leeb betoon is, skyn daarop te dui dat mindere waarde op die lewe van 'n swartmens geplaas word."


Standard Bank National Drawing Competition 1990

Drawing is the mother of the visual arts. Without her there can be no foundations nor future.

The Standard Bank National Drawing Competition was initiated in 1987. The success of this exhibition was such that it has been decided to make this a triennial event. During 1990 and 1991 the exhibition will travel to 10 museums. Its judging panels, prizes and conditions of entry are unique and different to any previous art competitions.

For the purpose of this competition the definition of drawing is any original work of art, irrespective of the medium used, which is supported by paper. (Etchings, woodcuts, linocuts, lithographs, screenprints and photographs etc are not acceptable.) The submission date for entries is between 15 and 19 May 1990.

The exhibition will first open as the main visual arts event at the Standard Bank National Arts Festival in Grahamstown, 28 June – 7 July 1990. The names of those winning awards will be revealed at the opening.

For further information entry forms are obtainable at all Art Museums, Art Schools and from Roslyn Katzen, Standard Bank Public Affairs Department: P O Box 3124, Johannesburg 2000.

Standard Bank

The Standard Bank of South Africa Limited (Registered Bank) Reg No. 62/00738/06


## SA se leiers (9): Cheryl Carolus

CHERYL CAROLUS, 32, UDF-leier van Wes-Kaapland, wat gister vrygelaat is nadat sy sedert 5 November onder die noodmaatreëls aangehou is, het in die sewentigerjare as hoërskoolleerling by die South African Black Students Association aangesluit.

Ná skool het sy vir 'n BA-graad by die Universiteit van Wes-Kaapland ingeskryf.

Sy het aktief betrokke geraak in die South African Students Organisation (Saso) en is in 1976 aangehou.

In 1981 het Carolus teruggekeer na die UWK, waar sy tot die Studenteraad verkies is.

Gedurende 1982 en 1983 het sy ook by die kerklike Urban Planning Centre gewerk.

Sy was 'n stigterslid van die United Women's Organisation (later die United Women's Congress) in Wes-Kaapland en is tans hoofsekretaris van die Federation of South African Women (Fedsaw).

Carolus was ook betrokke by die stigting van die United Democratic Front in 1983.

Sy is 'n voormalige sekretaris van die Wes-Kaapse streek van die UDF, en het van 1983 tot 1987 op die nasionale bestuur van dié organisasie gedien.

Sy is tans 'n lid van die Wes-Kaapse tussentydse bestuur van die UDF.

In 1986 is Carolus ook onder die noodmaatreëls aangehou ná 'n besoek aan Swede, waar sy die UDF verteenwoordig het.

Sy het onlangs as lid van die UDF/Cosatu-afvaardiging in Harare samesprekings gevoer met die ANC.

# Klein gemeente die ruggraat van 'n groot ideaal



Dr Nico Smith

**Elsabé Wessels**

DIE aftakeling van apartheid binne die NG Kerk word op 26 November in Pretoria verder gevoer met die eerste erediens van 'n uitgebreide nie-rassige gereformeerde kerkgemeenskap.

"Ons wil nie net kerklidmaatskap hê nie. Ons wil hê mense moet saamwerk om die etos van 'n nie-rassige gemeenskap te help skep," sê prof Klippies Kritzinger, een van die stigterslede van die Belydende Gemeenskap wat sedert 1986 nie-rassige eredienste in Laudium hou.

Die Belydende Gemeenskap, wat bestaan uit NG-lidmate wat gekant is teen apartheid, vorm die grondslag vir dié nuwe inisiatief.

Die Gemeenskap beywer hulle vir 'n kerk gevrywaar van rassisme, seksisme, klassisme en alle ander vorme van onderdrukking.

Die "eksperiment" om 'n volwaardige nie-rassige gereformeerde kerkgemeenskap in Pretoria tot stand te bring, word as 'n groot uitdaging beskou - veral gesien in die lig van Pretoria se streng handhawing en toepassing van apartheid. Die handhawing van die Groepsgebiedewet is een van die belangrikste struikelblokke in die pad van kerkeenheid.

Twee eredienste, op 26 November en 14 Januarie, word voorlopig beplan. Die inisiatief vir die nie-rassige eredienste is gebore uit die voortgesette protes vanuit kerkgeledere teen die afdwing van apartheid deur die wit Moederkerk. Die NG Kerk is steeds sterk gekant teen die opsegging van die strukturele skeiding op grond van ras binne die kerk.

Die skep van so 'n nie-rassige gemeente word as 'n voorloper van 'n konkrete eenwordingsproses van die NG Kerk-familie beskou wat, ondanks die wit kerk se teenstand, deur die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika van stapel gestuur is. Die gemeente sal inskakel by die verenigde Gereformeerde Kerk van Suidelike Afrika wat volgens plan in 1991 gestig sal word.

"Dis nie net 'n poging om ontredderde Afrikaners bymekaar te bring nie, maar 'n werklike poging om te bou aan die fondamente van 'n ware nie-rassige gemeenskap," sê Kritzinger. Volgens Kritzinger sal bywoners van die eredienste "geassosieerde" lidmaatskap kan hê indien hulle aan die bedrywighede van die Gemeenskap wil deelneem, maar steeds lidmate van hul betrokke gemeentes wil bly.

Dr Nico Smith wat op die gesamentlike kerkkomitee van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika dien, beskou nie-rassige eredienste as belangrik in die aftakeling van die taal- en kultuurgrense wat deur die apartheidstrukture van die NG Kerk in stand gehou word. "Psigologies het apartheid 'n baie diep greep op mense gekry wat nie maklik ongedaan gemaak word nie," sê hy.

Smith het gewys op die belangrikheid wat swart lidmate in die eenwordingsproses speel.

Prof Willem Saayman het die behoefte van die "liberalisering" van die NG Kerk in die nuwe gemeente in die vooruitsig gestel en beklemtoon dat die gemeente ook 'n ruimte moet skep waarbinne vroue en kinders tot hul reg kan kom.

'n Komitee vir NG eenheid het reeds in 1982 op inisiatief van die Belydende Kring in Pretoria tot stand gekom. Dié poging het egter doodgeloop.

In 1986 is die stigting van 'n nie-rassige gemeente weer opgeneem en in 1988 is Pretoria se Belydende Gemeenskap in Laudium gestig.

Dit is dié klein gemeente wat Sondae in 'n skoolklaskamer bymekaarkom wat die ruggraat sal vorm vir die eredienste by Kilnerton, Charles Jacksonstraat, Weavind Park. Die dienste op 26 November en 14 Januarie begin om 10 vm.

# Matie-koshuise oop, maar die ander sukkel nog

**Anton Steenkamp**

SWART Maties sal van volgende jaar af saam met hulle wit medestudente in die koshuis wees, Tukkies en Kovsies het "in beginsel" besluit dié soort saamwonery is aanvaarbaar, maar moet nog die "praktiese implikasies" daarvan uitwerk, en RAU en Potch is nog onbeskaamd rassisties.

Dit is kortliks die posisie in die verwarrende "oop-en-toe"-toutrekkery oor koshuise op Afrikaanse kampusse.

Douglas Davis, die Stellenbosse rektor se assistent, is duidelik trots daarop dat al die koshuise by dié universiteit, nie net die Goldfields-kompleks nie, van 1990 af vir enige student oopgestel is.

Die universiteitsraad het in Junie vanjaar reeds besluit om die koshuise oop te stel, en hulle het dié week 'n brief ontvang van Amie Venter, die minister van Begroting en Plaaslike Bestuur, waarin hulle toestemming kry om studente van alle rasse op die kampus te huisves.

Dié toestemming is steeds nodig terwyl die Groepsgebiedewet geld, hoewel die minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad), Piet Clase, in Junie vanjaar die universiteite laat weet het dat hulle nou self jurisdiksie oor koshuisinwoning het.

"Die universiteit sal dus voortaan aan alle studente in koshuise huisvesting kan verskaf volgens behoefte en aanvraag en in ooreenstemming met die keuringstandaarde wat nog altyd gegeld het," het die rektor, prof Mike de Vries, gesê.

Die Universiteit van Pretoria se rektor, prof Danie Joubert, sê hulle het wel die universiteitsraad se "beginselbesluit" op 16 Oktober vanjaar, dat die universiteit en koshuise oop is, aan die minister oorgedra. Hulle het egter nie formeel verlof gevra om swart studente in die koshuise te laat woon nie.

Ondanks Tukkies se "beginselbesluit", lyk dit onwaarskynlik dat swart studente in die hoofstad werklik die koshuise sal deel wanneer die universiteitstermyn volgende jaar begin.

Elke koshuis, sê Joubert, kan self besluit watter aansoekers vir koshuisinwoning toegelaat word en wie nie. Die huiskomitee, koshuishoof en universiteitsadministrasie het inspraak in dié besluit.

Die kriterium vir toelating kan letterlik enigiets wees - insluitende kleur, erken Joubert.

Intussen word "bestaande wooneenhede" op die kampus omskep en uitgebrei om "gemengde fasiliteite" daar te stel. Joubert voorsien dat die situasie oor twee, drie jaar "normaal" sal wees, "maar niemand sal in 'n situasie ingedwing word teen sy wil nie".

Joubert is trots daarop dat sy kampus, met sy 23 000 studente, nog 'n "rustigheid handhaaf" wat ongekend is op ander kampusse.

Hy het reeds met die studenteraad, die Bond van Oud-studente, koshuisprimaria, die senaat en koshuishoofde gepraat, en hulle ondersteun almal die Raadsbesluit.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat se Raad het op 25 September vanjaar ook "in beginsel besluit om die beperking ten opsigte van koshuisinwoning van gekleurde studente op te hef" en die rektor, prof Francois Retief, gemagtig om dié beginselbesluit te implementeer "op 'n datum en wyse wat administratief hanteerbaar is".

Retief is nou, in samewerking met die SR, besig om houdings en menings oor die oopstelling van koshuise te bepaal.

"Uit Kovsies vir Kovsies is die enigste manier wat die oopstelling van koshuise hanteer kan word," sê Retief.

'n Meningspeiling of referendum om die meerderheidsopinie vas te stel, sal egter nie gehou word nie. Die SR voer samesprekings met koshuisinwoners en verteenwoordigers van die swart studente, openbare vergaderings word gehou, en die SR sal dan vroeg volgende jaar 'n aanbeveling aan die rektor voorlê.

Intussen is dit duidelik dat geen swart studente in 1990 in die Kovsie-koshuise sal tuisgaan nie.

Die Raad van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het reguit besluit dat bestaande koshuise nie vanjaar oopgestel sal word nie. Die Studenteraad het egter verlede week "in beginsel" hul steun vir oopstelling uitgespreek, maar hulle "werk nog aan die implementering daarvan," sê die SR-voorsitter, Marlise Kruger.

"Ons het 'n kommissie aangestel om die probleem aan te spreek en die werkwyse te bepaal sodat oopstelling op 'n nie-revolusionêre wyse kan geskied, maar dit sal nie onmiddellik moontlik wees nie. Ons sal eers aan mense se gesindhede moet werk," sê sy.

Sy meen dat oopstelling in dié stadium tot polarisasie sal lei. Op die vraag of aparte koshuise nie juis polarisasie aanhelp nie, sê sy: "Ek dink nie so nie. Oopstelling sal nog meer polarisasie beteken. Maar ons sal op Christelik-reformerende wyse die kwessie aanspreek."

Die Potch-SR is ook van plan om studente se menings te toets sonder dat 'n referendum gehou word.

"Dis 'n beginselbesluit, wat nie deur 'n referendum getoets kan word nie," sê Kruger. "Dis in elk geval nie 'n praktiese werkswyse nie en werp nie eintlik vrugte af nie - kyk maar hoeveel mense neem eintlik deel." Kruger kon nie dink aan 'n verteenwoordiger van die swart studente op die Potch-kampus met wie Vrye Weekblad kon praat om hulle siening van die saak in te win nie.

Die Randse Afrikaanse Universiteit se koshuise is nog steeds net vir wit studente beskore. Die RAU-Raad neem in April volgende jaar 'n besluit oor hul koshuise. Intussen woon enkele swart studente in die verpleegsterstehuis van die Hillbrow-hospitaal gehuisves.

# Hoe verlig is die Kaapse wynboere?

**Anton Steenkamp**

WYNMAKERS gluur vir mekaar nadat Tim Hamilton-Russell beweer het sommige wynboere sorg nie vir hul werkers nie en senior amptenare van die KWV verlede week die Diners Club-geleentheid waar Hamilton-Russell die toekenning vir Wynmaker van die Jaar gekry het, geboikot het.

Dit as al jare lank bekend dat sommige Kaapse wynboere hul landgenote verder noord ver vooruit is wat bestaanslone, lewensomstandighede (soos lopende water en elektrisiteit) en opvoeding van hul werkers betref. Boere soos Jan Boland Coetzee en Nickie Krone se name word dikwels in dié verband genoem. Terselfdertyd vertel werkers op ander wynplase van haglike omstandighede, lae lone en 'n dopstelsel wat voortduur.

Toe gooi vier Engelse boere in Oktober vanjaar die wynbalie om met die "Winelands Commitment", 'n dokument waarin hulle apartheid verwerp en minimum-diensvoorwaardes vir werkers neerlê.

Die dokument is onderteken deur Tim Hamilton-Russell van die Hamilton-Russell-landgoed naby Hermanus, John Platter van Clos du Ciel, Peter Younghusband van Haute Provence en Simon Barlow van Rustenberg en Schoongezicht.

Hulle verbind hulle tot 'n minimum-bestaansloon van R500 'n maand, huise met lopende water en elektrisiteit, oortydbetaling, mediese hulp en kollektiewe bedinging.

Hamilton-Russell het die KWV-mense warm onder die kraag gehad nadat hy in 'n berig in die London Sunday Telegraph aangehaal is as sou hy gesê het dat ander wynboere heelwat minder as hy en die ander ondertekenaars betaal. Hy het ook dié boere se praktyke as "moreel onverdedigbaar" bestempel en die Landelike Stigting se werk as "kosmeties" beskryf.

Theo Pegel, Charles Whitehead, Jos le Roux en Henry Hopkins het besluit om die Diners Club-geleentheid te boikot. Intussen het die KWV vir Hamilton-Russell gedaag om die gewraakte uitlatings te staaf, en 'n apologie geëis.

Theo Pegel, hoofbestuurder kommunikasies van die KWV, het dié week aan Vrye Weekblad gesê hy vind dit onverstaanbaar dat Hamilton-Russell dit goed gedink het om in die buiteland "snedige aanmerkings" oor sy mede-wynboere te maak.

"Ek sal graag wil hê dat hy dit in Suid-Afrika herhaal, en vir ons sê hoekom dit nodig was om dit in die buiteland te sê.

"Ons werk almal saam om die posisie van arbeiders te verbeter, en dié boere wat lankal daarmee besig is, moet krediet kry daarvoor eerder as om onder verdenking geplaas te word," sê Pegel.

'n Ander werknemer van die KWV, wat nie sy naam genoem wil hê nie, sê die "Winelands Commitment"-vier se motiewe lyk edel, maar 'n mens moet in gedagte hou dat die artikel juis in Londen verskyn het, waar die vier hulle wyn - "wat te duur vir die Suid-Afrikaanse mark is" - moet probeer bemark en hulle vasloop teen boikotte.

Hoewel toegegee word dat loonskale aan die verbeter is en sommige wynboere hul werkers se belange op die hart dra, laat die omstandighede op baie wynplase nog veel te wense oor.

In die September-uitgawe van Wynboer, die KWV-tydskrif, skryf Leonard McLeod dat die gemiddelde loon vir werkers op wynplase sowat R200 'n maand is, wat gewoonlik swak behuising sonder elektrisiteit insluit.

"Baie boere betaal R20 of minder 'n week wanneer dit reën," skryf hy. "As die werkers kla, word hulle soms vervang met gevangeniswerkers, wat R1,80 'n dag betaal word."

Ben Schoeman van die Stellenbosse Advieskantoor, wat plaaswerkers se griewe in die omgewing hanteer, sê die gemiddelde loon van werkers op wynplase is sowat R45 'n week. Dit is heelwat minder as die minimum-bestaansvlak, wat volgens die Landelike Stigting R370 'n maand is.


catholic AFRICA

Openbare Stigting van die Pretoria-tak

Datum: 21 November 1989
Tyd: 7.30 nm
Plek: St Albans-katedraal
Schoemanstraat
Pretoria (Sentraal)

Tel: (012) 733769

# Joernaliste in die spervuur



Dit is lede van die pers in Johannesburg wat aanklagte in die gesig staar, wat op aanklagte skuldig bevind is of wat met vervolging, hoofsaaklik onder die mediaregulasies, gedreig word.

Agterste ry, van links na regs: Tertius Myburgh (redakteur, Sunday Times); Max du Preez (redakteur, Vrye Weekblad); Gabu Tugwana (waarnemende redakteur, New Nation); Harvey Tyson (redakteur, The Star); Gideon Mendel (vryskutfotograaf); Gavin Sinclair (vryskutfotograaf); Edwin Linington (redakteur, Sapa); Anton Harber (mede-redakteur, Weekly Mail); Charles Leonard (joernalis, Vrye Weekblad).

Voorste ry: Thami Makhwanazi (joernalis, Weekly Mail); Ismail Lagardien (joernalis, Sowetan); Jo-Ann Bekker (joernalis); Joe Latakgomo (assistent-redakteur, The Star); Sophie Tema (joernalis, City Press).

Die aanklagte teen Tema is dié week laat vaar.

Te midde van bespiegelinge van die moontlike opheffing van die media-regulasies, duur die staat se aanslag teen die media voort, sê die Anti-sensuur Aksiegroep in 'n verklaring.

*(Foto: David Goldblatt)*

## Baai se NP-LP loop teen apartheid

'N NASIONALE PARTY-LP, Sakkie Louw, het onderneem om saam met wit inwoners van Port Elizabeth die afskaffing van apartheid te bepleit in 'n Loop vir Hoop-optog.

Die opmars van wit inwoners van die Baai na die stad se townships word op Saterdag, 25 November gehou.

Die rektor van die Port Elizabeth Technikon, prof Hennie Snyman, stap ook saam, sê organiseerders.

Deelnemers aan die opmars verbind hulle tot die uitwissing van apartheid en die skep van 'n vrye en verenigde Port Elizabeth.

Die opmars sal in Korsten begin en deur Young Park na New Brighton beweeg, waar 'n diens by die Eeufeessaal gehou sal word.

Die boodskap van hoop, wat ook deur Louw onderteken is, verklaar dat apartheid "skeiding, verdeling en eindelose lyding" veroorsaak. Voornemende stappers het hul ook verbind tot die "bou van 'n nuwe en nie-rassige Suid-Afrika" en die daarstelling van 'n "demokratiese en verenigde Port Elizabeth vry van rassisme".

## Bierwerkers staak nog ná dooiepunt

**Anton Steenkamp**

DIE SAB-staking duur ná meer as 'n maand steeds voort nadat hernieude onderhandelinge tussen die Suid-Afrikaanse Brouerye en die Food and Allied Workers Union (Fawu) Woensdag op 'n dooiepunt uitgeloop het.

'n Fawu-woordvoerder, Ragin Naicker, sê die vakbond het sy looneis van 'n 38 persent verhoging na 32 persent afgeskaal "om onderhandeling aan te help" en sodoende die dispuut op te los.

Hy het die SAB beskuldig van onwilligheid om eise oor werksomstandighede aan te spreek en om onderhandeling ernstig op te neem.

Die SAB, aan die ander kant, het Fawu beskuldig van "halsstarrige en verbeeldinglose" optrede.

"Geen voerdering is gemaak nie. Fawu het te min, te laat aangebied," het 'n SAB-woordvoerder ná die vier uur lange onderhandelinge gesê.

SAB het ook vir Fawu kwalik geneem omdat die vakbond onwillig was om, naas die loonkwessie, ook die geweld wat die staking tot dusver gekenmerk het, te bespreek.

Die SAB-woordvoerder het beweer dat stakers begin terugkeer werk toe en druk op die vakbond sal toepas om die SAB-aanbod van 16 persent te aanvaar.

Naicker hou egter vol dat die staking verskerp sal word, aangesien daar vir hulle geen ander uitweg is nie.

# Hugh Lugg lieg, sê Broederstroom Drie

**Charles Leonard**

**HUGH LUGG, die man wat die Broederstroom-ANC-sel verraai het, se bewerings dat sy makkers hom wou doodskiet, is nie waar nie. Só sê die drie, Damian de Lange, Iain Robertson en Susan Westcott, wat verlede Vrydag in die Landdroshof in Pretoria onderskeidelik tot 25, 20 en 18 jaar weens terreurdade gevonnis is.**

**Lugg het Saterdag op 'n perskonferensie in Johannesburg beweer dat De Lange hom die aand voordat hy gedros het met 'n vuurwapen teen die kop gedwing het om 'n dokument te onderteken waarin verantwoordelikheid vir sekere terreurdade aanvaar word.**

**Die Broederstroom Drie se prokureur, Peter Harris, het dié week na 'n besoek aan hulle in die tronk gesê dat hulle Lugg se bewerings met die "minagting wat dit verdien, bejeën".**

**Indien hulle hom wel sou wou doodmaak, sou hulle hom beslis nie toegelaat het om gewapen te wees nie. Dié oggend toe hy hom na bewering by 'n veiligheidswag by Pelindaba gaan oorgee het, was hy gewapen.**

**Dié beweerde verklarings het ook spoorloos verdwyn. Daar word gevra of hulle wel bestaan het.**

**Uit gesprekke wat Harris en De Lange se pa, Neil, met die drie gehad het, blyk dit dat Lugg 'n dissipline-probleem had, én dat hy dinge wou aanvang wat die sel in gevaar sou stel en die ANC in onguns sou bring. Hulle beweer dat Lugg onstabiel was en "gevou het onder die druk om onder die vyand se neus op te tree".**

**Hulle vind dit jammer dat hy nóú, wanneer hulle hulself nie kan verdedig nie, al dié aantygings maak.**

**Lugg, teen wie alle aanklagte laat vaar is, was tot verlede Vrydag onder streng polisiebewaking.**

**Paul Annagarn, die vyfde lid van die sel, het uit die land gevlug net vóór die polisie op die kleinhoewe naby Broederstroom toegeslaan het.**

**Annagarn het dié week in die pers gereageer op Lugg se bewerings. Hy sê dat hy met die Broederstroom Drie se families saamstem as hulle Lugg "'n leuenaar en verraaier" noem.**

*** De Lange se tweelingseuns, Seamus en Kieran, kom volgende week in Suid-Afrika van Lusaka af aan. Dié twee 7-jariges sal hopelik hul pa in die tronk kan besoek, het hul oom, Kieran, aan Vrye Weekblad gesê.**


*Daljosaphat-kunsstigting*

*Somer-uitstalling*



*26 Kaapse kunstenaars*
*Opening 18 November om 3 nm*
*Duur tot 18 Desember*

DALJOSAFAT
Arts Foundation
Iziko Lobugcisa
Kunsstigting

*Met onder andere Hardy Botha, Gavin Young, Tyrone Appolis, Pippa Skotnes, Billy Mandini en Julia Teale.*

*Posbus 2462, Paarl 7260*
*Tel (02211) 24924*



Vereniging van Demokratiese Joernaliste (ADJ)

Die ADJ wag aansoeke in vir die volgende twee poste in Johannesburg.

**Projekoffisier**

Pligte sluit in:
* die koördinering van persopleiding,
* die aanbied van opleiding,
* die vestiging van 'n audio-visuele projek,
* die daarstelling van 'n navorsingseenheid
* die beplaning van persveldtogte.

Vereistes:
* media-ondervinding,
* organisatoriese ondervinding,
* bereid om lang ure te werk,
* bereid wees om te reis,
* 'n verbintenis tot 'n nie-rassige Suid-Afrika.

**Deeltydse administratiewe werker**

Pligte sluit in:
* kantoor-administrasie,
* boekhou,
* skakeling met die streke,
* opdragte van die nasionale uitvoerende komitee uitvoer,

Vereistes:
* rekenaarkennis,
* administratiewe ondervinding,
* boekhou,
* 'n verbintenis tot 'n nie-rassige Suid-Afrika.

Aansoeke tesame met 'n CV en twee kontakbare referente kan voor 8 Desember gestuur word aan:
ADJ
Posbus 260425
Excom
2023.



COSAW EN DIE TEATER-ALLIANSIE

*Stil Stemme*

'n Voorlesing van verbode en gesensureerde letterkunde insluitend uittreksels uit die werke van:

***Dan Roodt, Ruth First, Alex la Guma, Helen Joseph, Nelson Mandela, Hein Willemse & Hans Pienaar (reds), Salman Rushdie, Alfred Qabula***

**Voorgelees deur Ramalao Makhene, Gcina Mhlope, Andrew Buckland, Gladwin Marumo, Dawid Minnaar**

By die Warehouse, Markteater
Saterdag, 25 November om 1 nm
Ingang is gratis

# Greg Rockman roer voort

KAAPSTAD se rebelle-polisieman, luit Gregory Rockman, wat die brutale optrede van die onluspolisie blootgelê het, het gister 'n uitgebreide werwingsveldtog van stapel gestuur om steun te wen vir die Polisie en Gevangenis Burgerregte-vakbond wat hy verlede week geloods het.

"Dit is belangrik dat ons as 'n verenigde krag saam moet staan, want wat ons doen, is tot die voordeel van almal," het Rockman gesê.

Rockman, die voorsitter van die unieke vakbond is, het gister 'n uitnodiging aan alle tronkbewaarders en polisiemanne gerig om hom te kontak.

Ten tye van die stigting van die vakbond verlede week het ongeveer 30 polisiemanne en tronkbewaarders in uniform stories oor diskriminasie en brutaliteit binne die polisiemag en die gevangenisdiens uitgeruil.

Rockman en elf tronkbewaarderlede van die vakbond is in die week uit die Polisiemag en Gevangeniswese geskors nadat hulle aan 'n protesoptog deelgeneem het om die aandag op "ongerymdhede" binne die polisiemag te vestig.

Volgens Rockman is die bewaarders onder "huisarres" beplaas. Op navraag is dit bevestig dat die geskorste bewaarders tot hul woonkwartiere beperk is en dat hulle elke oggend hulself by die bevelvoerder moet aanmeld. Dit is as "normale prosedure", deur 'n woordvoerder van die gevangenisdiens beskryf. - Sapa/AFP



(Foto: Benny Gool - Afrapix)

Studente tel luit Rockman omhoog na sy inhegtenisneming dié week

# Is hulle dan nie aan dieselfde kant nie?

Christina Scott

HULLE is veronderstel om aan dieselfde kant te wees, maar bewerings van konfrontasie tussen lede van die Suid-Afrikaanse weermag en polisiemanne van KwaZulu (ZP) in Durban se noordelike townships is besig om dié veronderstelling te bevraagteken.

In een voorval het weermaglede in drie hippo's "op 'n koppie toegekyk" hoe 'n groep gewapende mans van Lindelani - 'n plakkerskamp onder beheer van 'n voormalige lid van Inkatha se Sentrale Komitee, Mandla Shabalala - marsjeer", het 'n voormalige aangehoudene vertel.

"Ongeveer 60 comrades het aan die ander kant van Ntuzuma-township bymekaar gekom. Ses vangwaens van die KwaZulu-polisie het opgedaag en hulle met traanrook en donshael uiteengejaag en toe teruggestaan en gekyk hoe die amabutho verby loop."

'n SAW-bron het dié voorval bevestig en gesê weermaglede het vinnig na die gebied gegaan, die groep laat terugkeer en koeëldoppies opgetel wat hulle aan die veiligheidstak gestuur het om hulle klagtes te staaf.

In 'n ander voorval het weermaglede kitskonstabels van KwaZulu, wat na bewering wapens aan vigilantes van Mshayazafe-plakkerskamp, naby Inanda verskaf het, gekonfronteer.

Toe dinge begin warm raak, moes die weermaglede vinnig padgee.

Reaksies van die SAW en die ZP verskil, hoewel beide ontken dat hulle enigiets van die voorval weet.

"As twee mense op straat in 'n skermutseling betrokke is, dink ek nie dit is nodig om gerapporteer te word nie," het lt-kol Kenneth Ngcobo, bevelvoerder van die ZP in die gebied, gesê.

Hy sê 'n ondersoek sal bykans onmoontlik wees want "die ZP is oral".

"'n Persoon van Ulundi kan hier wees, en as hy betrokke raak in 'n skermutseling, sal ek nie daarvan weet nie. Hulle hoef my nie in te lig nie," sê hy.

Die eerste reaksie van die skakeloffisier van die Natal Kommando was om te vra of die SAW-informante swart of wit was.

Kol Hans Stempfle het later in Pretoria gesê "ons weet daar niks van nie."Die kolonel kon nie sê of sy manne in dié gebiede doenig was nie.

* Intussen berig AFP dat 'n menseregte monitorgroep sê dat daar die afgelope tyd 'n skrikwekkende toename in geweld in Durban is.

Roy Ainslie, hoof van die Demokratiese Party se monitorgroep, sê dat 32 mense sover dié maand in die Durban-omgewing in geweldpleging dood is.

Intussen het die polisie Dinsdag gesê dat vier bendemoorde die vorige aand plaasgevind het. Drie van die slagoffers is met messe gesteek en een is geskiet. Hulle sê ook dat twee mense gewond is, ses huise en een treintrok aan die brand gesteek, 'n skool beskadig en in twee gevalle op polisiepatrollies geskiet is.

"Ons is baie bekommerd. Moorde het plaasgevind in gebiede wat tot dusver nog geweldloos was," sê Ainslie.

Hy sê dit lyk asof die toenemende geweld 'n gevolg is van die vredesamesprekings tussen die UDF/Cosatu en Inkatha wat in September in duie gestort het.

"In Junie, toe die samesprekings nog op dreef was, is net 9 mense in geweldpleging dood. Dit het tot 47 in Augustus, 49 in September en 46 in Oktober gestyg.

"Dit lyk of die dodetal in November nog hoër kan wees."

Monitors in die Pietermaritzburggebied sê 68 mense is in Oktober daar doodgemaak.

Die ANC het 'n beroep op beide groepe gedoen om vredesamesprekings te hervat. By 'n onlangse openbare byeenkoms was Walter Sisulu versigtig om nie die skuld voor enige kant se deur te lê nie en het gesê "die bose hand van apartheid" steek daaragter.

Sisulu het die geweldpleging as "'n skandvlek op ons edele stryd vir bevryding" beskryf.

# Polisie en werkers raak slaags

Elsabé Wessels

STAKENDE werkers en polisiemanne is gister beseer toe die werkers en die polisie in verskeie voorvalle slaags geraak het. Die voorvalle het by Germiston-stasie en die nybygeleë kantore van Cosatu plaasgevind.

Volgens 'n woordvoerder van Cosatu het geweld gisteroggend uitgebreek toe stakende werkers van die SAVD en SAB op die stasie met die polisie slaags geraak het. Die werkers het in die nabyliggende vakbondkantore gaan skuil, waar die polisie twee keer daarna weer toegeslaan het.

Volgens die Cosatu-woordvoerder is 'n aantal werkers ernstig beseer en in die hospitaal opgeneem. Die getal beseerdes is nie bekend nie. Volgens die woordvoerder is 'n aantal polisiemanne ook in die voorvalle beseer. Hoewel skote afgevuur is, is niemand raakgeskiet nie, sê die woordvoerder.

Die algemene sekretaris en visepresident van Cosatu, Jay Naidoo en Chris Dlamini asook 'n Cosatuprokureur wat met werkers op die toneel gaan praat het, sê daar is aan hulle gesê dat die aanvalle sonder provokasie plaasgevind het.

'n Polisiewoordvoerder het gesê dat daar gisteroggend om 9.15 vm opgetree is toe sowat 50 werkers vanaf Springs op Germiston-stasie aangekom het. Hulle het nie hul reiskoste betaal nie en die polisie is ingeroep. Die twee groepe het slaags geraak. Ene sers Potgieter is na bewering met 'n klip gegooi en skote is afgevuur toe twee ander polisiemanne hom te hulp gesnel het. Volgens die woordvoerder het die polisie knuppels in die voorval gebruik.

Die Polisiewoordvoerder sê die tweede voorval het om 10.30 vm plaasgevind toe stakende werkers in voorvalle met ander SAVD-werkers betrokke geraak het. Die polisie is na die ou Cosatu-hoofkwartier in Stasiestraat, en nadat hulle 'n waarskuwing gegee het om te verdaag, is hulle deur die polisie met knuppels uiteengejaag. 'n Spesiale konstabel het kopbeserings opgedoen, sê die woordvoerder.


"Namibia vandag en môre"

*Paneelbespreking*

Openbare deelname sal verwelkom word

**Plek: Claremont-Burgersentrum**
**Datum: Maandag, 20 November**
**Tyd: 8 nm**

**Georganiseer deur die Kaapse Demokrate**



**VAKANTE BETREKKING:**
**VELDWERKER: ORGANISATORIESE ONTWIKKELING**

**Dié betrekking bied die geleentheid om deel te hê aan die totale bediening van die Weskus Raad van Kerke.**

*Die suksesvolle aansoeker sal deel vorm van 'n span en sal verantwoordelik wees vir:*
* die opbou van 'n netwerkstelsel tussen organisasies met 'n gemeenskapsbasis en lidgemeentes van die Raad.*
* om dmv werkswinkels organisasies, sowel as die mense betrokke, te ontwikkel.*
* gereelde konsultasies met organisasies in die streek*
* befondsing fasiliteer*

Vereistes:
Die suksesvolle persoon sal beskik oor:
Ondervinding in bestuur en koördinering.
Ondervinding in die prosesse van organisatoriese ontwikkeling is 'n wesenlike voordeel.
Goeie kommunikasievaardighede in Afrikaans.
Verbind tot sosiale geregtigheid in Suid-Afrika.

**Slegs persone wie verbind is tot die ekumene kan aansoek doen by:**
Die Organiserende Sekretaris, Weskus Raad van Kerke, Posbus 20, DIAZVILLE, 7397

Salaris: Onderhandelbaar binne die skale van die WRK afhangende van die ondervinding van die aansoeker.
Alle aansoeke moet die kantoor bereik voor 18 Januarie 1990.
Sluit asseblief 'n volle CV in met twee bereikbare verwysings asook 'n kort opstel van ongeveer 500 woorde oor u perspektief van Organisatoriese Ontwikkeling.
Tel (02281) 41984 Faks (02281) 41269

CONFERENCE FOR A DEMOCRATIC FUTURE

# Konferensie vir 'n Demokratiese Toekoms

Die Konferensie vir 'n Demokratiese Toekoms (CDF) gaan 'n vergadering van mense van ons land wees wat waarlik demokraties in sy aard en doelstellings sal wees. Die doel van die konferensie is om sleutelkwessies wat ons mense raak, te bespreek. Dit sluit in:

* 'n Program van breë verenigde aksie om apartheid te beëindig
* Die houding van ons mense oor die kwessie van onderhandeling
* Ons beroep op die internasionale gemeenskap en sy rol in die beëindiging van onderdrukking en uitbuiting.

Alle organisasies wat verbind is tot die hervereniging van ons land en tot 'n demokratiese grondwetlike regering, en wat die verenigde perspektief onderskryf, word uitgenooi na die konferensie.

## VERENIGDE PERSPEKTIEF

* Een mens, een stem in 'n demokratiese land
* Die opheffing van die noodtoestand
* Die onvoorwaardelike vrylating van alle politieke gevangenes
* Die wettiging van alle politieke organisasies
* Vryheid van assosiasie en spraak
* Persvryheid
* 'n Bestaansloon vir almal

Organisasies wat aan die CDF wil deelneem, moet asseblief met die sameroepers in verbinding tree.

Tel: 339-7675/6 Faks: 339-7709
Computer Science-gebou
10e Vloer
Jutastraat
Braamfontein
2017

VOORWAARTS NA 'N KONFERENSIE VIR 'N DEMOKRATIESE TOEKOMS

# 'n Koel versoeningswind waai oor die wêreld se jongste demokrasie

**Pierre du Plessis**



Foto: John Liebenberg

Uitbundige Swapo-ondersteuners in Windhoek ná die verkiesingsuitslae

TOE Martti Ahtisaari Dinsdagaand kort na agt op die trappe van die Untag-hoofkwartier verklaar dat die verkiesing vir 'n grondwetgewende vergadering vry en regverdig was, het Namibia amptelik die wêreld se jongste demokrasie geword.

Volgende week begin die groot gesprek om te besluit hoe Namibia ná 105 jaar van kolonialisme onafhanklik regeer moet word.

Swapo se onvermoë om meer as 57,4 persent van die stemme te trek beteken dat die bevrydingsbeweging nou 'n grondwet sal moet skryf wat vir ten minste sewe ander lede van die vergadering aanvaarbaar is. Dit behoort nie te moeilik te wees nie.

Daar is eintlik maar min verskille tussen die partye oor watter soort staat Namibia moet wees. Buiten die ACN - die NP in "drag" - en kapt Hans Diergaardt van Rehoboth wat die FCN verteenwoordig, staan al die ander lede vir 'n eenheidstaat met 'n sentrale regeringstelsel, 'n Handves van Menseregte, 'n onafhanklike regbank en 'n veelparty-parlement.

Sam Nujoma het Woensdagoggend op die oorwinning gereageer en gesê Swapo is bereid is om na ander partye te luister, solank dit nie onafhanklikheid onnodig vertraag nie. Dit is duidelik dat Swapo weet nasie-bou kan eers begin ná die regeringsmag oorgeneem is.

Die bouery sal begin moet word met die wete dat Namibia in sy wese 'n skepping van die kolonialisme is - kyk maar net na die reguit grense wat die mense van dié land in hul verskeidenheid saamgooi (en soms ook afsny van hul stamgenote).

Dat daar 'n sterk gees van nasionalisme in die land aan die brand is, was duidelik uit die vloed van mense wat Dinsdag hul oorwinning gevier het. En hoewel die Swapo-driekleur van blou, rooi en groen triomfantelik gewapper het, was daar heelparty DTA-mense wat net so bly was om uiteindelik self te kon besluit.

Met 28,6 persent van die stemme en 'n meerderheid in die Suide het dié Alliansie van etniese partye bewys dat daar in groot dele van die land 'n nasionalisme is wat nie byt aan "Swapo is the people" nie.

En Nujoma het dan ook uitgespel dat Swapo nie van plan is om sy idees af te dwing nie. Die party hou by sy beleid van vergeet-en-vergewe ter wille van nasionale versoening, sê Nujoma, want Namibia sal nêrens kom as daar heeltyd op die onreg van die verlede teruggekyk word nie.

Die blankes moet asseblief bly en help bou, veral die staatsamptenare, sê hy, maar voormalige lede van Koevoet en die gebiedsmag is nie geskik om polisie te wees nie. Miskien is dit omdat die veiligheidsmagte werk moet verskaf vir die Planvegters wat na die land teruggekeer het.

Tog hou dit, in die lig van geweld deur voormalige Koevoet-lede, die gevaarlike kiem van 'n weerstandsbeweging in. Nie dat daar onlangs juis tekens van geweld was nie - met die uitsondering van feestelike oordadigheid bly die land kalm, sê Fred Eckhard van Untag.

Dit is asof 'n koel Novemberwind van versoeningsgesindheid na die verkiesing besig is om deur die land te trek. Die ander partye het meestal hul tevredenheid met die verkiesing uitgespreek. Almal besef die erns van die taak wat voorlê. Almal sê hulle wil doen wat goed is vir die land, help bou aan 'n vry en voorspoedige Namibia.

Die probleem is dat daar tot onlangs nog wêrelde tussen die twee strome nasionalisme was - 'n oorlog, om die waarheid te sê. Daar is soveel wantroue om af te breek, soveel vooroordele om te ontnugter aan beide kante, soveel samewerking en verstandhoudings om te bou.

Of versoening moontlik is, sal net die tyd leer, maar aan die wil om te probeer ontbreek dit nie, al is daar nog 'n paar kêrels wat mompel oor oorlog begin. Hulle is egter 'n hardekwasminderheid en dis onwaarskynlik dat hulle veel hulp sal kry, want Suid-Afrika lyk baie gretig om ontslae te wees van die konflik. Die laaste troepe word Woensdag en Donderdag aan die land onttrek.

Die opstel van 'n grondwet is wel die volgende stap, maar almal weet dat die eintlike vraag is wat Swapo ná onafhanklikheid gaan doen?

Nujoma sê hy sal landbou-ontwikkeling 'n prioriteit maak, 'n gemengde ekonomie daarstel wat buitelandse belegging aanmoedig, probeer om die land sover moontlik selfvoorsienend te maak.

Die samelewing sal vryheid van spraak, beweging, assosiasie, die pers en geloof, sowel as gelykheid tussen mans en vroue voorstaan. Daar sal nie "deals" met "minority white settlers" in Suid-Afrika wees nie. Skole sal oop wees en die medium van onderrig Engels. Alle produktiewe sektore van die samelewing is nodig en welkom, insluitende sakemanne, boere en werkers, sê hy.

Hulle is nodig omdat daar vir Namibia na onafhanklikheid veel werk voorlê om in die sosio-ekonomiese behoeftes van haar groeiende bevolking te voorsien.

Dit was opvallend dat "Aluta Continua!" een van die gunsteling slagspreuke was toe die Swapo-massas hulle oorwinning gevier het.

En die stryd duur inderdaad voort: die stryd om 'n vry en regverdige verkiesing te omskep in 'n vry, regverdige, voorspoedige en trotse nasie.


## SACHED

BETREKKINGS

Turret-korrespondensie-kollege (TKK), 'n senior sekondêre opvoedkundige program van die SACHED-Trust, wag aansoeke in vir die volgende betrekkings in die Johannesburg-gebied:

Korrespondensiesentrum-koördineerder

Die pos is belangrik in die ontwikkeling van die sentrum, waarvan die sleutelfunksie is om deur middel van die afstandopvoedingsmodel saam met matrikulante te werk

Die suksesvolle aansoeker sal verantwoordelik wees vir:
* aanmoediging van spanlede, fasilitering van tydsbeplanning en die doeltreffende beheer van die sentrum
* werwingsopleiding en die beoordeling van nasieners
* doeltreffende werwing, inskrywing, ondersteuning en beoordeling van studente
* die betydse aflewering van materiaal aan studente
* fasilitering van skakeling tussen studente en opvoedkundige ontwikkelings binne SACHED en met die breë gemeenskap

Die suksesvolle aansoeker moet beskik oor:
* 'n deeglike kennis van die krisis in swart opvoeding
* 'n graad
* onderwysondervinding in ten minste twee matriekvakke
* 'n goeie begrip van opvoedkundige administrasie
* die vermoë om doeltreffend en deeglik met volwasse studente te werk

Die salaris sal volgens kwalifikasies en ondervinding bepaal word.

Veldwerker

Die betrekking is beslissend in TKK se studieprogramme wat met verskeie gemeenskapsorganisasies gekoördineer word.

Die veldwerker sal verantwoordelik wees vir:
* die beskikbaarheid van TKK/SACHED- studiemateriaal aan groepe/organisasies
* onderhandeling oor die gebruik van materiaal en ander bronne
* die ontwikkeling van 'n studieprogram
* die fasilitering van ondersteuningsmetodes deur lektore en akademiese koördineerders van TKK
* navorsing en die skryf van materiaal vir leervaardighede en inhoudsgegronde werkswinkels
* die beplanning en beoordeling van evaluasie-prosesse saam met gemeenskappe en organisasies
* die persoon moet ook bereid wees om te reis

Die suksesvolle aansoeker moet beskik oor:
* 'n graad
* kwalifikasies om ten minste 2 vakke op matriekvlak te doseer
* 'n geldige rybewys

Die salaris sal volgens kwalifikasies en ondervinding bepaal word.

Akademiese Koördineerders

Die betrekking is beslissend tot die ontwikkeling en verbetering van die leerprosesse wat vereis word om studente, wat volgens die afstandopvoedingsmodel studeer, te ondersteun.

Die suksesvolle aansoeker sal verantwoordelik wees vir:
* die uitbreiding en verspreiding van TKK-opvoedingsmateriaal
* die ontwikkeling van ondersteunende studiemateriaal soos take, studieprogramgidse, studieklasgidse en studiebriewe aan studente
* skakeling met matriek-eksamenliggame om voortdurende kennis van die leerplanne en eksamenvereistes te verseker
* die persoon moet beskikbaar wees om met studente by die TKK-sentrum op 'n voortdurende grondslag te skakel om die materiale wat ontwikkel word te toets en die uitwerking daarvan te beoordeel
* die opleiding van nasieners
* die opleiding van groepleiers in groepstudiemetodes
* die aanbied van vaardigheidsopleiding werkswinkels

Die suksesvolle aansoeker moet beskik oor:
* 'n graad
* die vermoë om in 'n progressiewe organisasie te werk
* kwalifikasies en selfvertroue om studente in ten minste 2 van die volgende matriekvakke te ondersteun: Engels, Geskiedenis, Aardrykskunde, Wiskunde, Rekeningkunde, Biologie, Liggaamlike Opvoeding en Afrikaans
* ten minste 3 jaar onderwysondervinding op senior sekondêre vlak
* die vermoë om onder druk te werk

Om aan die vereistes van die betrekking te voldoen, sal daar van die kandidaat verwag word om te reis

Stuur u aansoek tesame met 'n CV aan:
Personeel Ontwikkeling en Opleiding
SACHED-Trust
Posbus 11350
Johannesburg
2000

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 November 1989.

# Een Namibia, een nasie, maar waar pas dié mense in die mosaïek?

**Die naweek voor die verkiesing in Namibia het 300 Swapo-ondersteuners by Tsumkwe in Boesmanland, wat tradisoneel as 'n DTA-vesting beskou word, saamgetrek. Van hulle het nou die dag nog teen Swapo geveg, maar skaar hulle nou by die gebalde vuis. PAUL WEINBERG het sy tikmasjien en kamera saamgeneem Boesmanland toe**

TOE Tsitsaba as 'n jong man in sy twintigerjare die eerste keer kontak met Swapo gemaak het, was dit tydens 'n grenspatrollie as 'n soldaat in 202 Bataljon.

Dié betrokke patrollie het een Swapo-vegter doodgeskiet en 'n ander het ontsnap. Sy volgende ontmoeting met Swapo was 'n paar maande gelede toe hulle by sy kraal opgedaag het om stemme vir die verkiesing te werf.

Wat het hy tóé gedink? Het hulle gekom om wraak te neem? Of het hulle in vrede gekom?

Hy lag. Nee, sê hy in Afrikaans, wat hy op skool in Tsumkwe geleer en in die weermag opgeknap het. "Ek was bereid om Swapo 'n kans te gee, want die DTA het nog niks vir ons gedoen nie."

Maar wat van al die negatiewe Swapo-propaganda wat hy in die weermag gehoor het? Hy het dit begin bevraagteken. Hy het in 1986, na vier jaar in die weermag, bedank én 'n goeie salaris verbeur.

Hoekom het hy dit gedoen? "Ek hou nie van 'n werk waar 'n mens ander mense doodmaak nie," sê hy. Vandag is hy een van die aktiefste Swapo-ondersteuners op sy dorpie.

Van die ander mense in die dorpie het ook húl mening oor die SAW en die DTA verander en ondersteun nou Swapo. 'n Uitgesproke ou man, Debbie Dam, is 'n luidrugtige Swapo-ondersteuner. "Swapo vir een Namibia!" skree hy met sy vuis in die lug. "Swapo kan die land sterk maak, die DTA kan nie. Ons hou van die DTA se kos en T-shirts, maar van die idees van Swapo."

Die naweek voor die verkiesing het 300 Swapo-ondersteuners by Tsumkwe in Boesmanland, wat tradisoneel as 'n DTA-vesting beskou word, saamgetrek. Die oorgangsregering - nog meer as die Odendaal-plan - het die Boesmans van hulle grond ontneem deur 'n wildreservaat in dié gebied te begin. Hulle het met nog een gedreig wat die Boesmans van 'n derde van die grondgebied waar hulle tans woon, sou ontneem.

Ongeag versoekskrifte, klagtes en afgevaardigdes is die eise van die Boesmans vir jare geïgnoreer. Hul verteenwoordiger in die DTA se oorgangsregering het nie veel gedoen om die ware kwessies van die Boesmans aan te spreek nie.

"Ons het gekyk hoe hy ryker en ryker word, terwyl ons armer en armer geword het," sê een van die inwoners. Met die ontbinding van die oorgangsregering het die Boesman-verteenwoordiger, Geelbooi Kashe, R95 000 ontvang.

Die politieke kwessie was nie altyd maklik vir die Boesmans om te begryp nie. Hulle is jare lank uit die politieke proses gehou en die DTA se skielike belangstelling is met agterdog begroet. Daarbenewens het die DTA en die weermag die mitologie gebruik om mense te verwar. Die DTA het probeer om die Boesmans te oortuig dat hulle simbool die horings van 'n eland is. Die weermag, wat voor onttrekking in April vanjaar op "opvoedings- en inligtingstogte" gekonsentreer het, het Swapo as 'n hiëna uitgebeeld.

Dit is moeilik vir 'n waarnemer om agter te kom wie watter party steun. Dit was 'n algemene gesig om iemand met 'n T-hemp van die DTA en 'n Swapo-lapelwapentjie te sien. Ons het !Xaishe by !Na !Nahem, 'n dorpie nie ver van Tsumkwe af nie, ontmoet. Hy het 'n DTA-pet en 'n T-hemp van Swapo gedra en daar was 'n pyl-en-boog in sy hand.

!Xaishe is een van die helde van Boesmanland. As hy in die stad gewoon het, sou daar waarskynlik 'n monument in sy eer gebou gewees het. Hy het al vier leeus enkelhandig met 'n spies doodgemaak toe hulle die beeste in sy kraal aangeval het. Hy praat Fanagalo wat hy op die myne aan die Rand geleer het.

Ons vra hom vir wie hy gaan stem. Hy haal sy DTA-pet af, en met sy hand op die uitbeelding van Sam Nujoma op sy T-hemp, sê hy hy gaan hy vir Swapo stem, hoewel hy van die DTA-pet hou.

In !Gautcha het ons vir Tsamko Toma, die voorsitter van die Nyae Nyae-boerekoöperasie, ontmoet. Die kinders in die kraal speel 'n speletjie waarvolgens hulle dieregeluide namaak en op hul borse klop. Na 'n ruk vorm hulle 'n groep en begin slagspreuke skree en deur die dorpie toyi-toyi. Soos baie Namibiane het Toma die eerste keer in die 1978-verkiesing die geleentheid gekry om te stem. "Ons het almal toe vir die DTA gestem, maar hoe het die regering ons gehelp? Kyk na die kraal voor jou - ek het dit met my eie hande gebou. Vandag stem ek vir Swapo."

Maar "Een Namibia Een Nasie" beteken verskillende dinge vir verskillende mense. Vir die Boesmans kan dit beteken dat - indien dit nie in die grondwet gewaarborg word nie - Herero-beesboere in die gebied kom woon. En as wild- en jagplase in die gebied gevestig word, kan die Boesmans hulle gebied verloor en sien hoe hulle bron van voedsel vir duisende dollars uitgevoer word.

Die !Juwasi is van die laaste grondeienaars in Boesmanland. Hulle verteenwoordig egter net 5 persent van die totale Boesmanbevolking. Die res van die Boesmans besit nie grond nie en is op weermagsalarisse vir hul voortbestaan aangewese, maar ook dít kom nou tot 'n einde.

Andersins kan hulle vir swart of blanke boere gaan werk. Die oorgrote meerderheid is plakkers wat op die grond waarop hulle jare gelede so meesterlik gejag het, woon.

Die meeste Boesmans ondersteun die DTA, miskien omdat Swapo nie by dié wat op wit plase woon of in die weermag is, kon uitkom nie. Soos een boer dit op 'n onlangse besoek aan Boesmans in die Gobabis-distrik gestel het, "Ek glo in demokrasie, maar as Swapo een voet op my plaas sit, skiet ek hulle." 'n Mens kan jou net voorstel dat toegang tot weermagbasisse nie makliker was nie!

Vir die gelukkiges wat grond besit, die !Juwasi van Boesmanland, strek hulle stemme verder as net die party waarvoor hulle stem. Met grond het hulle meer selfvertroue om hulle eise te laat geld. Húlle stem vir 'n toekomstige regering wat hopelik hul lewensmiddele sal beskerm - die reg om hul grond te behou.

Soos !Gau Tekening dit stel: "Ek stem nie vir 'n party nie - ek stem vir my land."



Boesmans in !Xaru staan en wag om te stem

## Die Boesmans speel saam vir die krummels

**Anton Steenkamp**

DIE Boesmans is "uiters sensitiewe mense met diepgewortelde minderwaardigheidsgevoelens en wantroue in ander mense", sê die Kommissie vir Sending en Evangelisasie (KSE) van die NG Kerk in Afrika (Suid-Transvaal) in 'n brief wat op 8 September in Die Kerkbode verskyn het in beswaar teen 'n vorige berig en spotprent in dié kerkblad.

In die oorspronklike berig vertel Lenka Smit hoedat 'n hele klomp ou kerkhoede onder 'n groepie Boesmans in die Kalahari uitgedeel is.

"Die volgende dag," vertel Lenka, "het ons pal gelê soos ons lag. Op ons omswerwinge tussen die duine het ons elke nou en dan afgekom op 'n Boesman in die Kalaharisand, geklee in sy stertriem en 'n groot pienk of geel of rooi hoed (af en toe ook nog met 'n laproos aan die kant en 'n net voor die oë), besig om doodluiters 'n springbok te bekruip..."

Die ondertekenaars van die KSE se brief aanvaar dat die berig en spotprent "allig bedoel (is) as 'n stukkie onskuldige humor," maar sê daar is 'n "ander, dieper perspektief op die Boesmanmense van die Kalahari-woestyn wat ons ter wille van die Christelike gewete genoodsaak is om te stel."

Die KSE wys daarop dat die Boesmans se menswaardigheid deur die jare deur die ander volkere van Suider-Afrika misken is. "Hulle is verjaag en aan die rand uitgedryf; soveel so dat hulle eeue-oue bestaan tans so bedreig is dat hulle, wat tradisioneel die langste in die woestyne en bos van Afrika oorleef het, nou 'n verhongerde en weerlose volkie geword het.

"Hulle weet dat die mense hulle as interessante voorwerpe vir volkekundige studies beskou. Hulle weet dat mense hulle besoek, selfs films oor hulle maak en hulle so voorstel dat ander oor hulle en vir hulle kan lag. Hulle speel soms selfs die spel saam ter wille van die krummels wat na hulle kant toe kan val.

"Diep binne-in is hulle nie so nie. Hulle is mens met gevoelens wat seerkry as hulle menswaardigheid geminag word. So wil hulle verstaan en gerespekteer word. Immers, vanuit die evangelie is hulle mense wat na die beeld van God geskape is."

Die skrywers sluit af met die woorde van die Amerikaanse digter Hughes:

*"Because my mouth is wide with laughter*
*You do not hear my inner cry,*
*Because my feet are gay with dancing*
*You do not know I die."*



Die spotprent in Die Kerkbode van 8 September



'n Boesmanmeisie in !Xaru

## !Gau 'n Swapo-man, en Jamie Uys sal verstaan

DIE dorpie waar !Gau, die ster van die twee "The Gods must be Crazy"-rolprente woon, is ongeveer 20 kilometer buite Tsumkwe geleë. Dit heet !Na !osi.

Toe ons daar aankom, is alles in rep en roer. Mense skree en gil. 'n Klein ou vroutjie kom aangeloop. Daar is bloed op haar linkerbors. Dit blyk dat sy deur 'n jong man met 'n mes gesteek is.

Van die mense vra dat ons hom na die polisiekantoor moet neem sodat hy aangekla kan word. Ander wil hê ons moet eers hoor wat gebeur het. 'n Vrou kom wys vir ons twee 20-liter waterkanne. Daar is gate ingesteek, dis onbruikbaar.

Dit is duidelik net nog 'n geval van dronkenskap en die gevolglike bakleiery in die dorpie. Dit is die einde van die maand, en die mense stook gereeld 'n mengsel van gis en suiker. Die waterkanne is 'n bewys van die mengsel se gevolge.

'n Jeugdige soek skoor met 'n ou man, gou het hulle mekaar aan die keel beet. Ons slaag daarin om die geveg op te breek. Daar word weer gepraat en dinge word kalmer. Uit die kalmte verskyn 'n middeljarige man met 'n bofbalpet, twee Swapo-lapelwapentjies en 'n T-hemp. "Ek is !Gau, die filmster," stel hy homself voor.

In die lig van die gebeure, wonder ons of dit die regte tyd is om met die beroemdste Boesman ter wêreld te praat!

!Gau stel ons gerus, die mense is opgewonde en vier die verkiesing. Hy sit voor sy hut - dit lyk soos enige ander hut in Boesmanland, met die verskil dat daar 'n omheinde stoepie voor die huis is.

!Gau vertel sy lewensverhaal. Hy was nooit, soos wat ek in ander onderhoude gelees het, 'n jagter in Boesmanland nie. Hy het as jong seun vir Herero-boere in die !Ai !Ai-distrik gaan werk. In die sestigerjare het hy na Tsumkwe teruggekeer en onder andere administratiewe werk gedoen. Hy het ook vir die plaaslike dominee gewerk.

Die lewe was maar bra saai voor Jamie Uys in die sewentigerjare daar opgedaag het om 'n Boesman te soek om in The Gods must be Crazy te speel. Of dit nou geluk was of vooraf bestem was, !Gau is vir die rol gekies.

"Aan die begin het ek gedink die filmbesigheid is niks nie, maar ek het later besef dat dit eintlik 'n groot ding is." Vir die eerste film het hy R2 000 ontvang en vir Gods 2 R5 000. Hy kry ook R200 per maand. Die film het al 'n wins van 65 000 dollar gemaak, 'n konsep wat die Boesman moeilik begryp.

Maar dink hy hy is goed betaal? !Gau kyk op en af en glimlag breed. "Jamie Uys het my verneuk."




!Gau en sy gesin voor sy huis



'n Kind en 'n Untag-helikopter in !Xaru

# BEVRY DIE DEMOKRATIESE PROSES

**Shell doen 'n dringende beroep op die regering om:**

1. **Die Noodtoestand te beëindig**
2. **Alle politieke leiers vry te laat en inperkings op te hef**
3. **Beperkings op demokratiese organisasies te skrap**
4. **Vryheid van spraak te bevorder en aan te moedig**

# Sal iemand asseblief Lao-Tse se boodskap aan die vors oordra?

**DIE LEWENSWEG VAN LAO-TSE**
*Vertaal deur Martin Versveld*
*Perskor, R17,50*

**Ryk Hattingh**

HET die wyse Lao-Tse vandag geleef, en dieselfde dinge in Afrikaans gesê wat hy so om en by 2 500 jaar gelede in Chinees kwytgeraak het, glo ek nie ek sou hom hier mog aanhaal nie. Maar Lao Tse is dood en, danksy Martin Versveld se vertaling van die "Tao Te Tsjieng" kan die ou Chinese wysgeer in eenvoudige Afrikaans met ons praat én ons hom aanhaal sonder om vervolging te vrees.

Volgens tradisie het Confucius, 'n jonger tydgenoot van Lao-Tse, só gereageer ná sy ontmoeting met die ou man: "Ek weet 'n voël kan vlieg, 'n vis kan swem, en 'n dier kan hardloop. Dít wat hardloop, kan met 'n net gevang word; dit wat swem, met 'n lyn; en dit wat wat vlieg, met 'n pyl. Maar die draak se opvaar na die hemel op die wind en die wolke gaan my verstand te bowe. Lao-Tse, wie ek vandag gesien het, is soos 'n draak."

Ek wens meer mense kon dié draak se weg raaksien en verwonderd staan voor die eenvoud daarvan.

"Die lewensweg van Lao-Tse" is 'n versameling kort gedigte waarin die essensie van die Taoïsme vervat word. Die Taoïsme, in teenstelling met die intellektueel morele leringe van Confucius, is eerder 'n lewensbenadering as -filosofie wat na 25 eeue nog steeds die aard en wese van die mens omvat. Selfs ná Jung, Kapra, of enige van die Nuwe Fisika-skrywers, lewer dié juweel van die Chinese letterkunde steeds 'n geldige pleidooi vir die onvoorwaardelike oorgawe aan die Tao, die natuurlike ontluiking van dinge. Want die antieke Chinese wysgere het, sóós die moderne fisikus vandag weet, aangevoel dat hulle model van die wêreld op 'n psigo-fisiese struktuur berus.

Versveld stel dit duidelik in sy uiters insiggewende en heldere inleiding: "Die Tao is nie 'n bewuste intelligente plan wat die wêreld van buite bestuur nie. Alles word in en deur die Tao voldoen met onsegbare eenvoud, sonder dwang, soos die son skyn, soos water vloei..."

Daarom kan Lao-Tse nou in Afrikaans sê:

*Die mense sê almal dat my Weg*
*Net 'n groot windblaas is.*
*Dit kom so voor.*
*Net omdat dit groot is.*
*As jy dit maklik kon begryp,*
*Was dit lankal tot niet.* (67, p 80)

Lao-Tse se "Tao Te Tsjieng" is nie tot niet nie, want die eenvoud bly maar moeilik, en die verstand wil nie graag sy eie ontoereikendheid erken nie.

Grondliggend aan die Taoïsme is die kritiek teen die tirannie van die rede, die valse mite dat die mens die natuur moet onderwerp, beheer, bestuur, ontwikkel. Asof mens en natuur van mekaar losgemaak kan word.

*Die groot Weg oorvloei na alle kante toe.*
*Die menigvuldige bestaan daaruit.*
*Tog oefen dit geen gesag uit nie.*
*Met uiterste vrygewigheid*
*Skenk die Weg alles.*
*Dit voed en kleed die menigvuldige*
*Sonder om baas te speel.*
*Omdat dit niks vereis nie, lyk dit klein;*
*Omdat dit nie baasspeel nie, is dit groot.*
*Wie nooit groot wil wees nie*
*Is daarom uiters groot.* (34, p 46)

Die "Tao Te Tsjieng" kan as 'n handves van bevryding dien. Maar nie die soort bevryding wat baniere swaai en hoog raak op politieke slagspreuke nie, eerder die bevryding van uitgediende liniêre gedagtegange wat mense nog laat dink dat bevryding in baniere en slagspreuke opgesluit lê.

*Die wyse man is selfs van sy eie verstand bevry:*
*Hy gee hom oor aan ander mense.*
*Die goeies behandel hy goed.*
*Die slegtes behandel hy ook goed.*
*So oortref hy sy eie goedheid.* (49, p 61)

Benewens die beginsel van "wu wei" - "handel deur nie-handel" - waardeur die mens sy eie nie-weet aanvaar en hom/haarself spontaan oorgee aan die skeppende aard van die natuur waarvan hy/sy so deel is, klaar Versveld ook die begrip "te" op: "Te is deug, nie die deug van konformiteit aan sede-wette en konvensies nie, maar van ooreenkoms met jou eie wese."

*Moralisme wys dat die Weg verlaat word.*
*Na moralisme kry jy oorgevoeligheid.*
*Na oorgevoeligheid kry jy wettiesheid,*
*En daarna kry jy fatsoenlikheid.*
*Fatsoenlikheid is die Weg se leë dop,*
*Voorteken van wanorde.* (38, p 50)

Die lewensweg van Lao-Tse, soos ander geskrifte uit die antieke Chinese letterkunde - byvoorbeeld die "Groot Verhandeling" van Confucius en die "I Tsjieng" - is, soos Versveld tereg opmerk, veral tot vorste gerig. Sal iemand asseblief die volgende boodskap van Lao-Tse aan die vors oordra:

*As staatsman, wees eerlik.*
*As krygsman, uitgeslape.*
*Maar oorkom die wêreld deur rustigheid.*
*Hoe weet ek dit? Só:*
*Hoe meer beperkings die wetgewers stel,*
*Des te armer word die volk.*
*Hoe meer wapens vervaardig word,*
*Des te agterliker word die volk.*
*Hoe meer die tegniek floreer,*
*Deur des te meer nuwighede word ons verpes.*
*Met die vermenigvuldiging van wette*
*Teel diewe en rowers aan.*
*Derhalwe sê die wyse:*
*Ek sal stilbly*
*En die volk sal homself hervorm.*
*Ek verkies stilte*
*En die volk sal hulle eie orde skep.*
*Wanneer ek nie inmeng nie*
*Sal die volk vanself vooruitgaan.*
*Waar ek niks vereis nie*
*Word hulle eerlik en reguit.* (57, p 69)

Sou dit nie 'n heuglike dag wees as ons vorste, klein en groot, 'n slag hul manlike heerserslus met 'n sagter, meer ontvanklike mistieke benadering kon vervang nie. Martin Versveld stel dit so: "Baie mense het 'n baie foutiewe begrip van die mistiek. Dit is nie 'n soort private bedwelming nie, maar 'n besondere realisme en skerpsinnigheid. Die ware mistikus weet eenvoudig wat is wat - ook in die politiek."

Gaan lees Martin Versveld se vertaling van en inleiding tot die "Tao Te Tsjieng". Miskien help dit jou om die doolhof te oorwin.

**boeke blad**

**Onder redaksie van KOOS PRINSLOO**

# Die seun van Alexandra

**In sy reeks oor Afrika-skrywers kyk STANLEY FRIELICK na die uitgeweke Suid-Afrikaanse skrywer Mongane Wally Serote.**



**Mongane Wally Serote**

MONGANE Wally Serote het in die laat sestigerjare begin skryf, 'n moeilike tyd vir swart weerstand in Suid-Afrika. Die hewige onderdrukking deur die staat ná Sharpeville het die ANC en die PAC laat uitwyk en 'n politieke lugleegte in die land veroorsaak. Dié verdrukking het ook 'n uitwerking gehad op letterkunde met baie skrywers wat verbied, in die tronk gegooi of gedwing is om pad te gee. Maar teen die einde van die dekade het die Black Consciousness-beweging na vore getree om die politieke gaping in die land te vul - en daarmee saam 'n oplewing van swart skryfwerk.

Teen 1969 het Serote 'n paar gedigte gepubliseer in New Coin en The Classic - "little magazines" wat toe die enigste uitingsmoontlikheid gebied het vir jong swart digters. Maar hy is dieselfde jaar nog ingevolge die Wet op Terrorisme aangehou, waarvan 9 maande in eensame aanhouding. Met sy vrylating het Serote hom aangesluit by die kulturele afdeling van die BC-beweging en saam met groepe gewerk soos Mihloti en Culcom. Hier het hy die groeiende stem van swart weerstand help hoorbaar maak deur skryf en die voordrag van gedigte. Ander digters soos Oswald Mtshali, Sipho Sepamla, Mafika Gwala en James Matthews het baie bekend geword in dié tyd van kulturele ontwaking.

Gesien uit die jare tagtig, lyk dit of Serote een van die min skrywers is wat daarin kon slaag om die nuwe poëtiese inslag van die jare sewentig vol te hou en te ontwikkel. Sy eerste bundels, "Yakhal'inkomo" (1972) en "Tsetlo" (1974), is maar louwarm deur sommige (wit) kritici ontvang - die Ingrid Jonker-prys is in 1973 aan albei bundels toegeken - maar dié belangrike werke het baie gedoen om die weerstandletterkunde in Suid-Afrika te definieer en standaarde daarvoor te stel. Die gedigte fokus op verskeie aspekte van die lewe tydens onderdrukking, maar begin ook te dui op die noodsaak van aktiewe weerstand.

Teen 1974 het die regering die BC-leiers begin inperk. Soos menige ander skrywer voor hom het Serote sy enigste keuse gesien as om uit te wyk en het hy 'n beurs van die Columbia-Universiteit in Amerika gekry. Voor hy weg is, het hy 'n lang gedig 'No Baby Must Weep' voltooi wat in vele opsigte 'n mylpaal is in die Suid-Afrikaanse letterkunde. Serote was op soek na die poëtiese taal wat sy geskiedkundige en politieke bewustheid kon uitdruk, en soos H.I.E. Dlomo en die Suid-Amerikaanse digters Pablo Neruda en Octavio Paz het hy dit in die epiese vorm gevind.

Serote sien sy verblyf in Amerika as 'n mors van tyd en 'n verkeerde besluit "weens die politieke rol wat die Verenigde State in die wêreld speel". Maar dié tydperk was noodsaaklik vir sy politieke ontwikkeling. Hy het mense soos Angela Davis ontmoet, 'n sleutelfiguur in sowel die Swartmag- as die vrouebeweging, en tot die besef gekom bevryding, soos gesien deur die BC-beweging, is onmoontlik sonder gewapende stryd en 'n swaai van ideologiese klem van ras na klas.

In 1977 keer hy terug na Afrika en vestig hom in Botswana waar hy saam met die MEDU kulturele ensemble werk. Hier het hy nog 'n epiese gedig, 'Behold Mama Flowers' (1978), en 'n roman "To Every Birth its Blood" (1981) geskryf. Albei werke probeer om tot 'n vergelyk te kom met ballingskap, en albei weerspieël op verskillende maniere die uitwerking van gebeure soos Soweto 76 en die dood van Steve Biko. Die roman is debatteerbaar een van die belangrikste werke in die Suid-Afrikaanse letterkunde.

Kort voor sy vriend Thami Mynele, 'n kunstenaar, deur Suid-Afrikaanse magte in 'n aanval oor die grens vermoor is, is Serote weg Londen toe om in die kulturele vleuel van die ANC te gaan werk. Soos ander Afrika-skrywers, soos Leopold Senghor en Agostinho Neto, het Serote se politieke betrokkenheid gelei tot 'n afname in sy hoeveelheid skryfwerk. Of daar 'n ooreenkomstige afname in gehalte is, kan oor geargumenteer word. Sy jongste gedig, 'A Tough Tale' (1987) is gekritiseer as nie op die poëtiese peil met sy vorige werk nie. Maar 'n mens kan ook aanvoer Serote wil sy werk meer toeganklik maak tot die massa, dienooreenkomstig die neiging tot demokratisering van kultuur.

Die krag van Serote se werk lê in die artistieke artikulasie van die stem van weerstand wat die swart politiek in die jare sewentig en tagtig gekenmerk het.

Dit sal interessant wees om te sien watter uitwerking onlangse veranderings in die politieke klimaat sal hê op weerstandletterkunde, en watter rigting Serote se werk en Suid-Afrikaanse skryfwerk in die algemeen in die negetigerjare sal inslaan.

## 'n Boek vir ons tyd




**In hul nuwe reeks van klassieke letterkunde van die twintigste eeu het Penguin pas 'n heruitgawe van George Orwell (1903-1950) se "Nineteen Eighty-Four" gepubliseer. Dié wêreldbekende boek, wat woorde soos "Newspeak", "Doublethink", "Big Brother" en "Thought Police" omgangstaal gemaak het, is 'n briljante satire oor totalitarisme en magswellus wat verskyn het sewe maande voor Orwell dood is. Die nuwe uitgawe se omslag is na 'n skildery van C.R.W. Nevinson, "The Soul of the Soulless City", en voorsien van 'n inleiding deur Ben Plimlott, professor in politiek en hedendaagse geskiedenis aan die Universiteit van Londen.**

**Op reis na die ANC**
**Journey to the ANC**

**Nou kan u ook weet wat gebeur op daardie berugte 'ANC-safaris'.**

**Die eerste boek, geskryf deur doodgewone Suid-Afrikaners, mense wat jou bure kon gewees het (van plekke soos Pretoria, Bloemfontein en Kaapstad).**

**Lees wat hulle indrukke van Lusaka is, wat hulle sê van Steve Tshwete, Thabo Mbeki, Ruth Mompati. Lees hul verslae oor gesprekke, debatte, indrukke, versprei oor 175 bladsye.**

**Om die boek te bestel, stuur jou naam en adres saam met 'n tjek of posorder te bedrae van R12 na:**

**Anker Trust, Buitenkantstraat 162, Tuine, Kaapstad, 8001.**

**Die ideale Kersgeskenk**

## Dié week in die nuus

### Suid-Afrika

**Die Broederstroom-Drie**, Damian de Lange, Susan Donnelly en Iain Robertson, word tot gevangenisstraf van onderskeidelik 25, 18 en 20 jaar gevonnis weens terrorisme. Hugh Lugg, die vierde lid van die ANC-sel wat "gedraai" het en vir die staat inligting verskaf het, maak ná die tyd aantygings oor wanbestuur en persoonlike konflik in die sel. Paul Annegarn, die vyfde lid van die sel, studeer in Londen en trou vandeesmaand, sê sy pa in Johannesburg. Die regeringsgesinde pers het vroeër berig dat Annegarn in 'n ANC-"strafkamp" in Angola aangehou word.

**Luit Gregory Rockman**, 30, word deur sy kollegas in die SA Polisie in hegtenis genaam nadat hy saam met nog 'n polisieman en tronkbewaarders in Mitchell's Plain betoog het teen Rockman se skielike oorplasing van die Mitchell's Plain-polisiekantoor na die kwartiermeesterskantoor in Pinelands. Rockman het voorverlede maand die "brutale optrede" van die onluspolisie in Mitchell's Plain onthul. Die beskuldigdes, wat weens die bywoning van 'n onwettige byeenkoms aangekla is, is nie gevra om te pleit nie en die saak is uitgestel. Volgens genl Hennie de Witt, Kommissaris van Polisie, is Rockman verplaas "op grond van oorweging van goeie orde en die dissipline in die Mag". Rockman is intussen geskors.

**Twee NP-LP's** van Port Elizabeth, Sakkie Louw van Newton Park en Frans Smit van Algoa, voer samesprekings met UDF-leiers in die streek. Die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, hef die beperkings op 8 leiers van die breë demokratiese beweging op ná vertoë van dié LP's. Onder die leiers is die president van die UDF in Oos-Kaapland, Edgar Ngoyi.

**Regses op Brits** rand verskeie swartmense aan wat aan 'n vreedsame protesoptog wou deelneem. In een geval is 'n swartman se T-hemp, wat die vrygelate ANC-leiers terugverwelkom, met messe van sy lyf af gesny en aan die polisie oorhandig. Die polisie het versuim om die saak te ondersoek en geeneen van die regses is van 'n misdryf aangekla nie.



**Genl Magnus Malan**, minister van Verdediging, ontken dat sy departement uitgesonder word vir besnoeiing en dat weermagverpligtinge vir burgerlikes dalk verminder kan word. Volgens hom moet die effek op die ekonomie eers verreken word.

**Die Pan-Africanist Movement (PAM)** maak sy amptelike stigting volgende maand in Soweto bekend.

**Blanke Suid-Afrikaners** begin hul swart landgenote verkla van oortredings van die Groepsgebiedewet by aanmeldingspunte wat deur die regering ingestel is.

**'n Weermagwoordvoerder** sê 94 mense het sedert 1986 op die geëlektrifiseerde drade op die grens met Mosambiek en Zimbabwe gesterf.

**Wetenskaplikes vergader** saam met die minister van Omgewingsake, Gert Kotze, in Pretoria om die St Lucia-mynkwessie te bespreek.

**'n Moslempriester** (Moulana) word met R100 beboet nadat hy sy motor op die snelweg geparkeer het terwyl hy 'n sterwende weduwee wat in 'n motorongeluk betrokke was, getroos en vir haar uit die Koran voorgelees het.

**Die Suid-Afrikaanse** Vervoerdienste (SAVD) dank honderde stakende werkers af in die sloerende spoorwegstaking. Volgens die SAVD staak sowat 20 000 werkers, maar die hoofsekretaris van die SA Railways and Harbours Workers Union (Sarhwu), Martin Sabakwane, sê die getal is nader aan 50 000. Sabakwane beweer dat die polisie knuppels en traangas gebruik het om stakende werkers uit die Sarhwu-kantore in Springs te verjaag. Die SAP bevestig dat hulle 'n klopjag op die gebou waar die kantore gehuisves word, uitgevoer het.

**Dr Joao Soares**, die Portugese president se seun, wat onlangs in 'n vliegongeluk naby Unita se hoofkwartier in suid-Angola beseer is, ontken dat die vliegtuig waarop hy was, 'n vrag ivoor gedra het. Soares se lewe is volgens hom eers deur 'n Unita-kolonel gered, en toe deur Suid-Afrikaanse geneeshere.

**Die fondse** van 'n maatskappy wat aan die Johannesburgse sakeman Joe Berardo behoort, is bevries as gevolg van 'n belasting-ondersoek, word getuig voor die kommissie van ondersoek na Berardo se beweerde uitvoer van skaars broodbome na Madeira.

**Die ouers** van twee skoolkinders in Parys eis R82 000 van die minister van Wet en Orde weens misdrywe wat twee polisiemanne teen hul kinders gepleeg het. Die twee polisiemanne is in die Streekhof op Parys skuldig bevind aan aanranding, crimen injuria en die rig van 'n vuurwapen. Die twee kinders, 'n seun en 'n meisie, is deur die polisiemanne in 'n park gevind en in die polisiewa gestop nadat hulle daarvan beskuldig is dat hulle omgang gehad het. Traangas is agterin die polisiewa gespuit terwyl hulle daarin was, en by die polisiekantoor is hulle gedwing om voor die polisiemanne omgang te hê.

**Vyftien mense**, meestal lede van die Alexandra Action Committee, word in hegtenis geneem na 'n vergadering in Alexandra om die huurkwessie te bespreek.

**Regses wat** op Stijdomplein in Pretoria vergader het om hulde te bring aan die massamoordenaar Barend Hendrik Strydom, word deur die polisie gevra om uiteen te gaan, aangesien dit 'n onwettige byeenkoms was.

### Wêreld

**Swapo wen** die verkiesing in Namibia, maar behaal nie die tweederde-meerderheid wat nodig sou wees om eiehandig 'n nuwe grondwet deur te voer nie. Swapo verower 42 van die 72 setels vir die grondwetskrywende vergadering, die DTA 21, die United Democratic Front (UDF) 4, Aksie Christelik-Nasionaal (ACN) 3, en die Namibian Patriotic Front, Federale Konvensie en Namibia National Front 1 elk.

**Die Berlynse** muur word stuk-stuk afgebreek nadat alle beperkings op reise na die Weste uit Oos-Duitsland opgehef is.

**Die Chinese** premier, Li Peng, voer in Islamabad samesprekinge met sy Pakistani-eweknie, Benazir Bhutto.

**Daar is** "redelike bewyse" dat elemente in Suid-Afrika nog steeds die rebellegroep Renamo in Mosambiek steun, sê Mario Machungo, Mosambiek se eerste minister, in Brussels.

**Die eerste** minister van Zaïre, Kengo wa Dongo, sê in Parys hulle hoop om teen die einde van die jaar die regerende MPLA en Unita bymekaar te kry vir Angolese vredesamesprekings.

**San Salvador** se weermag beweer hulle het 'n guerrilla-offensief onderdruk waarin meer as 400 mense dood is, maar die guerrillas sê hulle gaan voort met hul bloedige aanslag teen die regering.

**Nasa-beamptes** sê 'n ruimtetuig van 2 250 kg, bekend as Solar Max, is besig om na die aarde te val, maar dis onwaarskynlik dat dit in 'n bewoonde gebied sal neerstort.

**Algerië vra** vir onderhandeling tussen Morokko en die Polisario-front na onlangse gevegte in die westelike Sahara.

**Die leiers** van ses frontstate kom in Lusaka byeen om die Swapo-oorwinning in Namibia te bespreek.

**President George** Bush van die VSA spreek sy kommer teenoor Yitzhak Shamir, eerste minister van Israel, uit oor die beweerde samewerking op die gebied van kernmissiele tussen Suid-Afrika en Israel.

**Gabriele Tiedeman**, berugte terroris van die Rooi Leer, word in Keulen van moord en ontvoering aangekla, veertien jaar na 'n aanval op Opul-ministers in Wenen, waarin drie mense dood is.

# Berlynse skandmuur nou tot kuns verhef



Onder redaksie van Charles Leonard

**Gunther Kern en Richard Ingham**

BERLYN - Wes-Berlyn is besig om voor te berei vir die tweede naweek-toestroming van Oos-Berlyners. Intussen is Britse amptenare vol moed dat die Brandenburg-hek, die stad se simboliese hart, oopgestel gaan word.

Wes-Berlyn se burgemeester, Walter Momper, sê hy verwag dié naweek net soveel besoekers as verlede naweek.

Hy hou vol dat die stad se vervoer-, polisie- en openbare dienste die vloedgolf sal kan hanteer.

"Die stad kan maklik nog meer besoekers hanteer," sê hy.

Verlede naweek - die eerste sedert die geskiedkundige opening van die Berlynse muur en die tussen-Duitse grens - was daar 4 miljoen besoekers van die ooste.

Byna elke tweede Oos-Duitser het nou 'n visum vir die Weste, berig die amptelike Oos-Duitse nuusagentskap, ADN.

'n Woordvoerder van die departement van Binnelandse Sake het aan ADN gesê dat 7 765 881 visums teen Woensdagoggend, en 13 579 permitte om te emigreer sedert die Ystergordyn verlede Donderdagaand gelig is, uitgereik is.

Momper het ook maatreëls aangekondig om die verspreiding van sogenaamde "welkomgeld" aan Oos-Duitsers vinniger te laat geskied.

Bonn skenk jaarliks R100 aan elke Oos-Duitse burger wat Wes-Duitsland besoek.

Poskantore, plaaslike stadsale en selfs die kantore van die Wes-Berlynse senaat gaan dié naweek oop bly om geld uit te deel.

Verlede naweek moes die Oos-Duitsers in rye van tot 'n kilometer lank staan en wag vir hul toegifte.

Die opening van die muur was vir die meeste Berlyners 'n hoogs emosionele gebeurtenis. Vir sommiges was dit egter 'n kans om geld te maak.

Honderde mense het verlede naweek pikke en grawe saamgeneem na die partytjie om die opening van die muur te vier. Hulle het stukke van die 28 jaar oue muur saamgeneem huis toe.

Koerante beweer dat 'n stukkie van die muur tot R25 in Berlynse kroeë haal. Berigte van reg oor die wêreld dui daarop dat muurhandel besig is om groot aftrek te geniet.

In Genève het 'n woordvoerder van die Oos-Duitse ambassade uitgebars van die lag toe hy hoor dat 'n reklame-agentskap, Bamboo Communications, beoog om 'n reuse-veiling van dele van die muur, "wat in kuns omskep is", te hou.

Thierry Besse, 30, die direkteur van die agentskap, sê hy is van plan om die Oos-Duitse regering se toestemming te vra om die New Yorkse graffiti-kunstenaar, Keith Harring, te kry om die afval in kuns te omskep.

Besse sê dat hy die opbrengs aan 'n internasionale menseregte-organisasie sal skenk. Dié amptenaar het so tussen sy lagbui deur gesê die muur is "nie te koop nie".

In Parys het 'n kommersiële radiostasie stukke rots as pryse in 'n kompetisie weggegee.

Die gemors word as pryse in die Britse geelpers gebruik.

Die Daily Mail het 'n verteenwoordiger Berlyn toe gestuur om 'n stuk van dié geskiedkundige grens in die hande te kry, en Dinsdag is 'n veiling aangekondig.

Die koerant het sy lesers gevra om geld per telefoon te beloof en só is fondse vir gestremde sportmense ingesamel.

Lesers moes die name van 'n bekende deurgangspunt langs die muur, en 'n Bybelse stad waarvan die mure deur trompette platgeblaas is, verskaf.



Wagters op die muur - twee Oos-Duitse wagte patrolleer die Berlynse muur met die verligte Brandenburg-hek in die agtergrond. Daar word verwag dat Oos-Duitsland die muur by dié historiese landmerk vóór dié naweek gaan open om besoeke aan die Weste nog makliker te maak. - AP

Intussen vat almal nie net nie, sommige gee wel én gee terug ook.

'n Oos-Berlyner het twee biblioteekboeke teruggegee wat hy in 1961 geleen het, maar nie tóé kon teruggee nie omdat die Berlynse muur intussen gebou is.

"Ek kon dit nou nie juis oor die muur gooi nie, en het besluit om dit eenkant te hou totdat ek dit eendag self kan teruggee," het die gryskoppensionaris aan Ingrid Bellenmann, die bibliotekaris, gesê.

Die boeke - Thomas Mann se "Death in Venice" en "The Jewish Question" van FW Foerster - is op 9 Augusuts 1961 by die Amerikaanse gedenkbiblioteek uitgeneem.

Dit was vier dae voordat Oos-Duitsland die westelike sektor met 'n drie meter hoë muur omring het.

Daar is nie van die lener, wie se naam nie bekend gemaak is nie, verwag om die boete van R5 500 te betaal nie. - AFP

# Pretoria, wat het jy aan jou kinders gedoen?

**LYNDA GILFILLAN en BARBARA KOK het vir Mongane Wally Serote, een van Suid-Afrika se grootste digters, in die buiteland ontmoet. Dié ontmoeting het hul aangespoor om die Serote-huis in Alexandra op te soek en met die digter se ouers te gaan gesels**



Barbara Kok, Wally Serote se ouers en Lynda Gilfillan. *Foto: Andrea Vinassa*

DAAR was 'n lang stilte aan die Alexandra-kant van die lyn. Ek sit in Pretoria en het so pas dié feit aan mev Serote bekendgemaak. Vandaar die stilte. Ek dink onmiddellik terug aan my ontmoeting met haar seun, Mongane Wally Serote, in Junie vanjaar in Lusaka en hoe dieselfde mededeling aan hom dieselfde stilte meegebring het. O Pretoria, Pretoria, wat het jy aan jou kinders gedoen? Toe lag sy en ek weet dis OK. Ons maak 'n afspraak om haar by haar kantoor in Alexandra te ontmoet. Lynda sal saamgaan - sy het Wally by die Waterval-beraad in Zimbabwe ontmoet.

Ek en Lynda ry die Woensdag van Pretoria af en neem die Wynberg/Sandown afrit. Op regterkant rys Sandton City - dis waarheen ek (en Lynda, vermoed ek) ander tye sou afdraai. Nou draai ons links, Alexandra toe, en ek is bangerig. Ek was maar enkele kere dié jaar in 'n township en dit vir die eerste keer in my drie-en-dertig lewensjare en ek is bangerig. Die pad word skielik sleg.

Images from Mongane Wally Serote's poems flashed through my mind, as we negotiated the narrow roads, rutted with dongas and blocked by bulldozers. The scarred earth, the machines of power - these are the symbols that obsessed Serote as he wrote, always ambiguously, about Alexandra: "my love./ My dongas, my dust, my people, my death."

By Eighth Avenue draai ons af en vind met gemak die kantoor van Women for Peace waar mev Serote werk. Agter die gebou krom 'n groteske manshostel. Pretoria, wat doen jy aan jou kinders? Binne die gebou is 'n bedrywigheid van naald- en breiwerk en Wally se ma ontvang ons in haar kantoor. 'n Waardige vrou, welsprekend en betrokke by gemeenskapsake. Ons gesels oor wat sy doen, haar seun en een van Suid-Afrika se leidende digters sedert die opbloei van "swart letterkunde" in die sestigerjare.

Later wys sy ons die ellendige plakkerstoestande in Alexandra, kartonhuise, nuwe huise, die begraafplaas waar Wally 'n gedig geskryf het, slote, stank, bokke en mense, mense vir wie Alexandra moeder is. Die stof lê later al te dik in my keel.

Alina Serote commented wryly on the government's latest attempts to upgrade Alex, to "WHAM" its people, to win their hearts and minds. In providing "infrastructure", certain things had to go, and the Serote family home on the corner was to be one of the casualties.

She shrugged, "We don't know when. I wish I knew so that we could make arrangements. I'm worried, we can't afford very much," in reply to the question Barbara put to her as we drove up the slight incline of a dusty Alexandra street to the house on the corner.

A yellow-brick 1950s-style house with a bay window come into view. Pink geraniums hung over the window-box bordering the verandah. It struck me that this was a house very like the old one I had grown up in Pretoria in the '50s - solid, welcoming.

Die huis waar Wally grootgeword het, is deur haar en haar man in 1952 laat bou nadat hulle uit Sophiatown moes padgee. Die huis is intussen deur apartheidswetgewing van die familie weggeneem, hulle bly as huurders aan - totdat die huis afgebreek word om plek te maak vir 'n pad.

Waarheen moet hulle nou? Dis 'n goeie huis. Dis die huis waarin twee ou mense wil aftree, waarin hulle kinders grootgeword hêt, waar Wally gedig het:

Were it possible to say
Mother, i have seen more beautiful mothers,
A most loving mother,
And tell her there i will go,
Alexandra, i would have long gone
from you

Ons keer later terug om foto's te neem. Wally se pa en 'n vriend is besig om in die tuin te werk aan 'n muurtjie wat waarskynlik binnekort platgestoot gaan word. Langs die huis is die motorherstelwinkel wat ook aan die familie behoort het (en weggeneem is) en waar mnr Serote vroeër aktief was.

Ek en Lynda neem foto's van die Serotes by die stoep en van die huis binne. Miriam Makeba is agter glas in Wally se ou slaapkamermuur verewig - sy ma sê sy weet nie hoe sy dit daar gaan afkry nie. 'n Mens kan sien dat die dreigende afbrekery van die huis haar vreet.

Ons neem foto's. Miskien kan ons iets skryf, foto's publiseer; miskien sal iemand ingryp en die huis red, die muurtjie, die stoep.

As we stopped the car, I looked across the road towards the fences that seperate the Serote home from the factories of industrial Johannesburg. This was the view Wally must have look out at from the sitting room of his home, to write:

Alas
these streets this earth is blood
Alexandra
is a cage...

Riviera, the suburb I had grown up in Pretoria, had not, like Alexandra, Atteridgeville, Western townships, Meadowlands, been born of a people's pain - its birth had not had its share of blood. We had played, as children, in quiet streets below Meintjieskop, ignorant of the plans being hatched in the elegant, colonnaded Union Buildings on the other side of the hill. We did not know, then, that our home, Pretoria, was to become the symbol of people's oppression and emasculation, as Serote suggests in "A Poem on Black and White":

Pretoria has never been my home
i have crawled its streets with pain

Toe ons teruggaan, sien ek teen die hoek van die dak bokant die stoep 'n metaalvoël met uitgestrekte vlerke. Die voetstuk waarop dit rus, lyk swaar en onbeweeglik. Ek onthou dat Wally my gevra het hoe lank ek dink dit sal duur voor hy sal kan terugkom. Ek het gesê: "Miskien tien jaar."

Hy het sy kop geknik en gesê: "Ek dink ook so".

Toe het hy deur die venster van die bussie waarin ons gery het buitentoe gekyk, maar sy oë was toe.

Alexandra is full of shit i know
but i want to go back now
to my stoep

Sal ek nou vir hom en sy ouers moet sê dat Suid-Afrika nie plek het vir die stoep van een van haar digters nie?

The day may yet arrive, however, when all South Africans, whites included, perceive the dongas, the dust, the people and the death of Alexandra as their own. When I suggested as much to Alina Serote, she smiled laconically.

*Lynda Gilfillan is verbonde aan die Departement Engels by die Universiteit van Pretoria, en Barbara Kok aan die Departement Wiskunde.*


The
WEEKLY MAIL
Training Project

Traineeships, 1990

**Applications are invited for a limited number of traineeships, on the Weekly Mail Training Project, starting Thursday March 1, 1990.**
**There will be positions for**
*** Trainee reporters**
*** Trainee sub-editors/production assistants**

The project provides on-the-job training in all aspects of journalism.
Successful candidates wil be appointed for six months, renewable for a further 12 months subject to progress.
Applicants must be proficient in English, and preference will be given to those who can type, and possess a driver's licence.
**Applications should be sent to:**
**Jennifer Tennant, Chief Training Officer,**
**Weekly Mail Training Project,**
**PO Box 260425,**
**Excom**
**2023**
before Friday December 15, 1989.
Mark your application clearly for "the reporter" or "production" traineeship.

**You must include the following with your application:**
**1. A curriculum vitae.**
**2. A short statement about why you want to be a journalist.**
**3. A 500-word "newspaper feature" on "The State of the Emergency and the state of the press".**
**4. Samples of your writing. (Copies please; we cannot return originals)**



ENGLISH
TEACHER

**St Barnabas College is expanding its English Department, and requires a motivated, energetic graduate to teach English First Language (Higher Grade) to university entrance level.**
**Knowledge of English Second Language will be an advantage.**
*The appointment will be from 1 January 1990. We offer a competitive salary with the usual fringe benefits.*

Please contact Ms Mohamed at St Barnabas College (011) 474-2055 (w) or 474-2487 (h) for an appointment, or write to her at St Barnabas College, P O Box 88188, Newclare, 2112.



AFRIKAANSE
ONDERWYSER/ES

St Barnabas College
Bosmont

Kwalifikasies:
BA-graad met Afrikaans as hoofvak

Pligte:
Aanbieding van Afrikaans (Tweede Taal) tot matriekvlak

Diensaanvaarding:
1 Januarie 1990

Kontak: Me E Kruger
474-2055 (w) 673-2665 (h)

# Dit is wat jy 37 jaar lank nie mog hoor nie.



"Ek wil dit benadruk dat die ANC, die UDF of die BDB nog nooit swart meerderheidsregering bepleit het nie. Nêrens in ons eise vir een persoon, een stem is daar enige bepaling oor die kleur van die regering nie."

Ahmed Kathrada is in 1952 gelys. Op 20 Oktober 1989 is sy naam saam met dié van Elias Motsoaledi en Raymond Mhlaba van die lys geskrap. Nou, vir die eerste keer in 37 jaar, mag sy woorde aangehaal word.

"Elkeen het die reg tot 'n vrye mening en wilsuiting. Dié reg sluit in die vryheid om sonder inmenging 'n mening te huldig; en om inligting en idees in te win, te ontvang en deur middel van enige medium, afgesien van enige beperkings, uit te ruil". *Artikel 19 van die Verenigde Volke se Verklaring van Menseregte.*

Suid-Afrika het nie dié verklaring onderteken nie. Daar is steeds 500 gelyste mense wat nie aangehaal mag word nie.

Die doel van die Aksiegroep teen Sensuur (ACAG) is om alle voorvalle van sensuur te monitor en die publiek oor die gevare van sensuur in te lig.

Kom veg saam met ons. Word 'n lid van ACAG. Ons maandelikse nuusbrief hou lede ten volle ingelig oor alle sensuuraksies. Die lidmaatskapfooi is R10 per persoon en R20 per groep. 'n Biblioteek van persknipsels oor sensuur is by ons kantoor beskikbaar. Vir verdere inligting, skakel 331-3517.

**A C A G**

**AKSIE GROEP TEEN SENSUUR**

☐ JA, ek wil saam veg teen sensuur want ek het die reg om die waarheid te weet. Ek sluit hierby my tjek/posorder vir R10 in, gekruis en uitgemaak aan die Anti-Censorship Action Group. (Drukskrif asseblief.)

Naam: ____________________

Posadres: ____________________

____________________ Kode: __________

Tel: (H) ______________ (W): ______________

**Pos aan: Anti-Censorship Action Group, Posbus 260425, Excom 2023.**

# Middeleeuse heksejagtery herleef in Venda




IN die oë van die gemeenskap is daar seker min dinge waaroor daar soveel eensgesindheid bestaan as die posisie van 'n swanger vrou.

Beskrywings daarvan in die Westerse letterkunde teken die verwagtende moeder as die absolute toonbeeld van vroulikheid: innerlike skoonheid wat tot wasdom kom en 'n veraf onbekende blik in die oë.

Dis 'n wêreld waarin die vrou haar volledig van die man kan afsluit in die "geheimenisse" wat net sy ken.

Dit is dan dat sy die "webbe wat onderwater roer" uit Elisabeth Eybers se "Twee kleuters in die Vondelpark" herken.

Hierdie betowerende staat het ook sy uitwerking in die optrede van mense rondom haar. Bullebakke word skielik op aangrypende wyse teer en vol begrip: goeie manier duik skielik uit die bloute op wanneer daar nie sitplek beskikbaar is nie.

Dié bevestiging van die voortplantingsrol van die vrou, die draer van die saad, het selfs binne die swart politiek by ons neerslag gevind.

Dit was met die besluit dat ook vrouens moes pas dra en onderwerp sou word aan die vernederende uitwerking van stedelike apartheidswetgewing, dat die versetpolitiek in die vyftigerjare op stoom gekom het.

Swangerskap het natuurlik ook skande beteken.

Tot onlangs nog was die ongehude moeder dikwels 'n uitgeworpene uit haar gemeenskap en in talle kontrakte is daar bepaal dat swangerskap die beëindiging van 'n ooreenkoms sou beteken.

Iets hiervan bly voortbestaan in opvattings oor voornemende onderwysers wat swanger word terwyl hulle met hul opleiding besig is.

Hoeverre dit nog elders toegepas word, weet ek nie, maar dit het met skielike venyn kop uitgesteek by die onderwysmense in Venda, daardie stukkie land in die Noord-Oostelike hoek van Transvaal.

Eksamen-skryf is nooit aangenaam nie. Hier word dinge nog verder vererger deur 'n ontegemoetkomende tropiese klimaat en egte Derde Wêreldse omstandighede: eksamenlokale sonder lugversorging en onbetroubare vervoerreëlings om jou betyds by die eksamenpunt uit te bring.

Dan, natuurlik, is daar vir duisende studente eksamenvoorbereiding wat die meeste Vrye Weekblad-lesers sou laat sidder: leefomstandighede waar daar geen ruimte vir privaatstudie is nie, terwyl kerslig nie besonder goed tot sy reg kom in 'n vertrek waar lig nie weerkaats kan word nie.

Dit is teen dié agtergrond wat die verskrikking van optrede deur onderwysowerhede teen swanger vroue iets van die dimensie van 'n Middeleeuse heksejagtery aangeneem het.

Kan u u die toneel voorstel? Finalejaarstudente van 'n onderwyskollege is besig om eksamen te skryf.

Drie jaar se studie onder die moeilikste omstandighede en met groot opoffering van die uitgebreide familiekring is op die punt om afgehandel te word.

Oor twee of drie weke is alles afgehandel en kan hulle met 'n kwalifikasie begin om met stadige treë die greep van 'n ou verlede af te skud. Uiteindelik!

Dan word al wat swanger vrou is, of van wie dit vermoed word dat hulle swanger is, op 'n dag uit die eksamenlokaal verwilder.

Voor die voet, en sonder om onderskeid te maak tussen getroude en ongetroude vrouens. Wie beswaar wil maak, moet 'n doktersbrief bring om te verklaar dat die draer daarvan nie swanger is nie.

Wat maak 'n mens as jy hiervan hoor? Wat verwag jy moet gebeur met die woede in daardie vrouens en die woede by ander mense rondom hulle?

En waar, vra jy jouself af, het die onderwysmense van Venda geleer om so onmenslik en onverdraagsaam op te tree dat die swangerskap van dié studente 'n uitwerp in meer as een duisternis gaan beteken?

# Naas se ondersteuners kry 'n skok



MAKLIKER GESÊ

Tinus Horn

DIT sou 'n growwe oordrywing wees om te sê amateur-sportmanne verdien deesdae meer geld as ministers wat afgedank word weens oneerlikheid; almal weet mos die enigste mense van wie dít gesê kan word, is staatspresidente wat weens onbevoegdheid die trekpas kry.

Dat selfs ons rugbyspelers sakke vol geld betaal word, is egter 'n feit wat niemand meer baie hard probeer verbloem nie.

Gerugte - en ontkennings - oor geldrugby wat aan die kom is, klink effens vreemd as 'n mens in gedagte hou dat die hele WP-rugbyspan 'n raps minder as 'n maand gelede geweier het om op die veld te draf vir die Curriebeker-eindstryd, tensy hulle meer betaal word.

(Michael du Plessis het glo meer as die ander geëis, omdat hy die skare met sy breakdance-passies op maat van Die Stem sou vermaak, soos die vorige jaar op Loftus. Die WP-rugbyunie het egter besluit om nie die volkslied te speel nie, wat hom gedwing het om dié eis te laat vaar).

Na 'n vreemder verhaal as die Deon Viljoen-sage sal 'n mens ver soek.

Viljoen het verlede jaar by die pers gaan kla dat hy minder betaal is as die ander spelers in die Transvaalspan. Die Transvaalse rugbyunie was natuurlik kwaai omgekrap om te verneem dat Viljoen die amateur-reëls verbreek het deur geld vir rugby te ontvang, en hy is lewenslank geskors.

Vanjaar is Viljoen Vrystaat toe, waar hy byna dadelik vir die Witspan gekies is. Geen woord is oor sy "skorsing" gerep nie.

In die ou Transvaal was daar egter groot probleme in die voorry, en Viljoen is teruggelok Johannesburg toe. Waarmee die transaksie beklink is, weet nugter, want as 'n wedergebore amateur sou hy sekerlik nie aan geld raak nie.

Die Blonde Engel van Rovigo, Naas Botha, was die afgelope twee jaar eers van Junie af vir Noord-Transvaal beskikbaar, omdat hy eers sy verpligtinge in Italiaanse klubrugby moes afhandel.

Nadat hy skerp in die pers hieroor veroordeel is, het hy in 'n radio-onderhoud verduidelik dat hy rugby speel bloot omdat hy soveel genot daaruit put, en dat hy sy rugby in Italië werklik baie geniet.

Dat Naas Italiaanse klubrugby bo ons eie Curriebeker-reeks verkies, was natuurlik vir ondersteuners van die Blou Bulle 'n bitter pil om te sluk.

Hulle was onder die indruk hy doen dit vir die geld.

# Die romantiek van bevryding moet ons nie laat vergeet nie

Daniël Malan



TERWYL die internasionale Who's Who van politieke wetenskaplikes en die wêreldpers mekaar verdring het in die Kalahari Sands en Café Schneider in 'n poging om Swapo se meerderheid tot die derde desimaal korrek te voorspel, het een nag in Katatura my meer omtrent die betekenis van bevryding en verdraagsaamheid geleer.

Die plakkaat op die voordeur van die klein huisie verkondig in helder blou, rooi en groen: "Swapo is the people - The people are Swapo."

Dié huis behoort aan 'n jong vrou; as prokureur in Londen is sy in hegtenis geneem en het onskuldig onder Swapo se "helkampe" deurgeloop. Vandag is sy 'n vuriger Swapo-ondersteuner as ooit tevore.

"Swapo het 'n fout gemaak," sê sy, "maar dit was oorlog en ons bly steeds die enigste bevrydingsbeweging in Namibia."

Saam met Danie Botha - "Swapo se Boerseun" - ontmoet ek haar vriende, onder andere 'n oorlewende van die Cassinga-slagting, asook 'n vrou wat drie jaar lank 'n Plan-vegter in die Noorde was. By dié mense is daar geen bitterheid te bespeur nie, slegs 'n drang na vrede en vryheid.

Op skool het ek geleer dat lede van Swapo "terroriste" is; nou dans ek saam met hulle in Katatura op die maat van vryheidsliedere: "When I return, I'm going to hold someone - very tenderly."

Verlede jaar nog kon ek dié mense as "die vyand" doodgeskiet het. Vandag wens Pik Botha Swapo geluk met hul verkiesingsoorwinning, terwyl Suid-Afrika steeds deur mense soos hy die reg op "vrye en regverdige verkiesings" ontsê word.

Hoeveel mense is nie die geleentheid - om saam oor 'n glas bier te lag en gesels - ontneem nie, deurdat Suid-Afrika se sinnelose oorlog hulle gedwing het om mekaar oor die loop van 'n geweer te ontmoet? Eensklaps maak dit vir my nog meer sin om 'n gewetensbeswaarde te wees.

Die romantiek van dié situasie word egter meer problematies met die besef dat die sosialiseringsproses van jare se apartheidskonflik steeds die gevaarligte laat flikker. Soos die AG-verkiesingsbeampte wat neerhalend verwys na die "dom mynkaffers" wat hy die een oggend binne 'n halfuur laat stem het. Of die welgestelde dokter wat sinies na die verkiesing verwys as die grootste "non-event" in die geskiedenis van Namibia: "In the end one tends to vote for that party with the least unattractive white in it."

Miskien die mees tragiese van almal is die ou swartman wat my Swapo-hemp begroet met die DTA se "vredesteken". Duidelik vasgevang binne die DTA se stam-apartheid, verduidelik hy gedwee aan my: "Baas, die kaffer moet eers platgeslaan word, anders vat hy oor."

Die jarelange vryheidstryd van Swapo het vrugte afgewerp. Die paralelle met Suid-Afrika is legio, en binnekort sal ons hopelik wees waar Namibia vandag is.

In die woorde van die Vryheidsmanifes: "Die mense sal regeer."

Laat die romantiek van bevryding egter nooit die harde werk van nasiebou wat voorlê, vergeet nie.

*(Daniël Malan is die voorsitter van Saak - die Stellenbosse Aktuele Aangeleentheidskring)*

# Neem kennis van stygende verwagtinge

Jan Steyn



DIE belangrikste faktor wat ontevredenheid stimuleer, is gefrustreerde verwagtinge of wat baie keer "relatiewe verwaarlosing" (relative deprivation) genoem word - die gevoel dat 'n mens minder het as wat jy verdien, verwag of gelei is om te verwag.

Almal, maar veral wit Suid-Afrikaners en die groot instellings in ons gemeenskap, moet deeglik bewus word van watter geregverdige verwagtinge die huidige voornemens van die regering, die private sektor en ander by ons swart landgenote wakker maak.

Suid-Afrika is bestuur asof dit 'n blanke gemeenskap is soos Australië, Kanada of Nieu-Seeland, met 'n swart komponent wat in die meeste gevalle as onderdanig gereken word. Ons sodanige onderdanige komponent is en was altyd die meerderheid met 'n diepliggende gevoel dat hulle uitgeworpe en vervreemd is in hul eie vasteland en vaderland.

Vandag, na eeue van dié onderwerping, praat die regering en die meeste meningsvormers van 'n enkele, verenigde nasie, van gemeenskaplike deelname en van nasiebou. Dié verandering is dramaties - en polities plofbaar.

Nou dat ons ons denke getransformeer het en 'n model vir die toekoms daargestel het, is dit noodsaaklik dat ons handelinge met die sein ooreenstem. Halfhartige optrede sal bloot die woede vererger deur verwagtinge te verontagsaam. In dié verband, kan ons tevrede bly met die volgende?

* 'n Nie-amptelike beleid wat sê Suid-Afrikaners wat in 'n oop, ongesegregeerde omgewing wil bly, kan dit doen, maar dan is daar net 'n paar uitgesoekte vrye vestigingsgebiede waarin swartmense in elk geval reeds bly;

* Die sluiting of gedreigde sluiting van ten volle toegeruste maar onder-gebruikte "wit" skole eerder as die deel van skaars opleidingsbronne, veral waar blanke ouers desegregasie aanvaar;

* Geen sigbare tekens dat swart boerdery- en vestigingsgeleenthede na wit boerderygebiede uitgebrei word nie;

* Buiten die gedeeltelike verbetering deur middel van die streeksdiensterade, voortgesette getuienis van 'n voortgesette finansiële krisis in talle swart woonbuurte;

* Strande waar die aanstootlike bordjies verwyder is, maar gemengde baaiery steeds verbied word?

Dit is bloot voorbeelde van beleidsvelde waar ons nie verwagtinge nakom wat deur ons verklaarde voornemens ontstaan het nie. Nou dat ons aangekondig het dat ons 'n verenigde nasie is, moet ons optree om inhoud aan dié realiteit te gee.

Ek is ten volle daarvan bewus dat 'n mens versigtig moet wees oor vooruitsigte vir grondwetlike onderhandelinge. Maar dit lyk duidelik dat die groot akteurs nou vir die eerste keer in 'n proses van posisionering voor onderhandeling inbeweeg het. 'n Onderhandelingsforum, 'n grondwetgewende vergadering of ander liggaam kan in die volgende twee tot vyf jaar tot stand kom wat tot 'n nuwe grondwetlike bedeling kan lei.

'n Belangrike vraag is of Suid-Afrika dié fase met 'n stygende spiraal van sosio-ekonomiese ontevredenheid sal binnegaan. Politiek gaan tog oor mense en hul lewensomstandighede.

Net so belangrik as die oplossing van Suid-Afrika se polities-grondwetlike konflik, is die noodsaak om die ekonomiese en sosiale aanpassings te bevorder wat die regte politieke oplossing sal ondersteun.

*(Jan Steyn is die uitvoerende voorsitter van die Stedelike Stgting. Dié artikel is 'n uittreksel uit sy rede by die stigting se jaarvergadering dié week)*

DIE NUWE STEM VIR 'N NUWE SUID-AFRIKA
VRYE Weekblad

# Wie is die terroriste?

Die Nasionale Party-regering van Suid-Afrika het Christelikheid in die grondwet ingeskryf. Die huidige en vorige staatspresident en hul kabinetskollegas verklaar tydig en ontydig dat hulle Christene is en deur 'n Hoër Hand gelei word.

Die berigte oor die polisie se terreurbendes in vandag se uitgawe van Vrye Weekblad strook nie met die handelinge van 'n Christelike regering nie.

Inteendeel, met die getuienis van koelbloedige moorde en bomaanvalle in ander lande behoort die Suid-Afrikaanse regering eintlik as 'n terroristeregering in die klas van Libië gebrandmerk word.

Die regering kan nie nou sê hulle het nie geweet wat aangaan nie. Die beskuldigings van moordbendes en sluipmoorde op politieke teenstanders kom nie van vandag af nie. Dit is net dat niemand dit voor nou kon bewys nie.

Dit was nie net die moordenaars self nie, maar die kolonels en die brigadiers en die generaals en die minister en sy kollegas en die staatspresident wat geweet het sulke taktieke word gebruik.

Die toppunt van sinisme is dat dit hierdie selfde mense die "afsweer van geweld" as voorwaarde vir onderhandelinge stel.

Kaptein Dirk Coetzee het baie op sy gewete. Maar ons glo hy het nou die regte ding gedoen om vir sy verlede op te maak: hy het opgestaan en die hele wêreld vertel wat werklik aangaan.

Ons kan net hoop dat daar nou nog polisiemanne gaan wees wat gaan opstaan en die wêreld in die oë gaan kyk.

Dié ding is soos 'n sweer in ons nasie se boesem. Ons moet dit nou oopsteek sodat dit gesond kan word.

In enige ander beskaafde land sou die regering onmiddellik ná so 'n skandaal bedank het.

Hier by ons werk dit nie so nie.

Maar die absolute minimum wat elke beskaafde Suid-Afrikaner nou van die regering verwag, is dat 'n volwaardige geregtelike kommissie van ondersoek onmiddellik aangestel word en dat alle betrokkenes verplig word om in die openbaar te getuig en ondervra te word.

## Namibia

Die mense van Namibia kan trots wees op hulself. Die land se eerste stap na onafhanklikheid en demokrasie was 'n goeie een.

As bure wens ons die mense van Namibia 'n vreedsame en voorspoedige toekoms toe.

Nasiebou en die opbou van 'n gesonde, regverdige ekonomie is nou Namibia se grootste take.

Veral hoop ons Swapo, wat na 'n bevrydingstryd van dekades binnekort die regering gaan vorm, nou uit sy pad sal gaan om die stamverdelings in die land ongedaan te maak.

En ons in Suid-Afrika kan net hoop en bid dat dit nie meer te lank is nie voordat ons ook as een nasie aan een verkiesing vir een regering kan deelneem en ook met nasiebou kan begin.

# So sê hulle . . .

**"Persvryheid in** Suid-Afrika word wel met die lippe gehuldig, maar die goeie en edel sentimente daarvan word só deur beperkinge oorheers dat ons nie net 'n noodtoestand het nie, maar dat die vrye vloei van inligting ook deur skadelike en bekrompe wette aan bande gelê word." - Ton Vosloo, besturende direkteur van Nasionale Pers.

**"Die verhouding** tussen die regering en die media kan en moet verbeter word." - Staatspresident FW de Klerk.

**"Ons kinders** moet leer om in 'n Suid-Afrika sonder apartheid te lewe en dit leer mens beslis nie in die Voortrekkers nie." - "Oud-Voortrekker" van Pretoria in 'n brief aan Beeld.

**"Ons het** nie laaie in die pondokke nie." - Die antwoord van 'n bediende op 'n plaas in Zimbabwe op 'n vraag van die boer, Schalk Viljoen, of haar kleinseun ook so woelig is soos syne, en gedurig in die laaie krap. (Aangehaal in "Op reis na die ANC").

**"My oom** wat die swartmense glo so goed ken, het gesweer hy sal nie weer sy voete by my aan huis sit nie. En my sesjarige dogtertjie wou weet hoekom Nelson Mandela in die tronk is." - Barnie Jordaan, regsdosent op Stellenbosch, ná sy besoek aan die ANC in Lusaka vroeër vanjaar.




## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

# Selfportret 'n gaafheid vir die humorspier

**GG Michaelides van Pretoria-Wes skryf:**
Ek verwys na julle artikel "Braam Kruger is pikswart" (VryDag, 10 November 1989).

Ek het onlangs kleurfoto's gesien van Kruger se twee skilderye wat Chili toe is.

Een van die twee, sy selfportret, was 'n vreugde vir die siel, 'n fees vir die oog, en 'n gaafheid vir die humorspier. Die ander, 'n prent van 'n perd, was goeterig, maar nie heeltemal my "rum en coke" nie.

As ek moet aflei van julle foto van sy "Daniel as St Sebastiaan", lyk dit vir my baie jammer dat dié nie eerder na die skou gegaan het nie.

Kruger se aanmerkings oor kuns is ryk en raak. Maar ek verskil van sommige van sy aanmerkings oor die massamedia.

Ek glo nie die Weekly Mail kan "lightweights" genoem word nie. Skynbaar was hulle nie lus om hom te bel en/of te beledig nie. Ek twyfel sterk of Weekly Mail kunsvoorskrifte wil neerlê. Ek vermoed dat hulle ongelukkig voel oor die assosiasie tussen die heersende bestelle in Suid-Afrika en Chili, waarvan beide onaangename reuke afgee.

Ja, as jy enigiets voor kuns stel, kom kuns gewoonlik tweede. Mense stel dikwels ander dinge "voor kuns", om watter rede ook al. In die lang termyn kom kuns gewoonlik tog eerste. En die langtermyn-oorlewing van sulke kuns staaf die gehalte daarvan.

Dalk behoort Weekly Mail nou 'n kunsgeoriënteerde resensie van sy werk te publiseer, as 'n heeltemal afsonderlike saak. Sou dit nie liefies en fraai wees nie.

## Viva Kreef!

**Rustum Kozain van Woodstock skryf:**
Many Happy Returns!

Ek het nooit besef dat dit nou al 'n jaar is nie. Dalk het die Kreefblad die tyd gou laat verbygaan. Ek kan nie dink wat ek daarsonder sou doen nie.

Wel, hou so aan broeders en susters. Die jaar het nou wel verloop, maar nie sonder die koue oomblikke van asem-ophou nie. Ek het dikwels gedink: "Nou is julle kniediep in die..." Dalk is dit waar dat die waarheid seëvier, want julle het dit gemaak.

Ek is bly om te sien dat die TV-gids oombliklik die fout herstel het. En nog meer, VWB het my heeltemal omgeboul, soos 'n Transvaalse donderstorm wat verligting in die somer bring - 'n (meestal) Afrikaanse literêre blad wat ernstig en verantwoordelik is, en boonop op goeie papier gedruk!

Sterkte aan julle en sterkte aan Brolloks. Om mee af te sluit, iets vir die taal:

Die taal krioel,
O, die taal krioel,
en 'n piepie rys op
uit die nasionale gevoel.
Die taal kreool,
O, die taal kreool.
'n Monument lê verbrokkel
in 'n donker, donker hool.
Viva die Kreef!

## Earth Life Pretoria

**Madeleine du Toit van Pretoria skryf:**
Miskien sou Vrye Weekblad-lesers in Pretoria graag wil weet dat 'n tak van Earth Life Africa (vir dié wat nie weet nie, 'n vereniging wat hom vir die omgewing beywer) nou hier gestig is. Die algemene bekendstelling vind op Dinsdagaand, 21 November om 7.30 nm in die saal van die Sint Albanskatedraal, Schoemanstraat 237 (tussen Paul Kruger- en Andriesstraat), plaas.

Navrae kan voorlopig aan my gerig word. Telefoon: 341-5877 (tuis), 429-2904 (werk).

Almal is hartlik welkom!

## Reisende koerant



**Harry Green van Seepunt skryf:**
Ek was in Israel na die verkiesing en ry in 'n bus in Tel Aviv en oorkant sit 'n man en ek dink "as jy nie 'n swart Jood is nie, is jy 'n Suid-Afrikaner". Die geleentheid doen hom toe voor en ek vra in Engels: "May I know where you come from."

"South Africa," sê hy.

Hy is sewe maande lank in Israel, pluk vrugte op 'n kibboetz in die Negev en weet van niks wat in Suid-Afrika aangaan nie. Nie toevallig nie het ek die Vrye Weekblad by my gehad wat die groot vredesoptog gedek het. Ek het hom vertel van die gang van sake hier.

(Soos jy kan sien het die koffie in 'n bier verander.)

(Brief verkort - Red)

## Sies Braam

**Laurens Seliye van Troyeville skryf:**
Daar is groot fout in Vrye Weekblad se kleinadvertensies.

Verlede week het ek gehoop om die Koos Prinsloo-Fan Club se jaarlikse byeenkoms in Rapport se direksiekamer aangekondig te sien.

Dié Vrydag is die landswye Joan Hambidge-rally (in 14 verskillende sentra, daagliks, vir die volgende 40 jaar, elke byeenkoms vir 'n maksimum van 3 persone) nie aangekondig nie.

As daar nie vandag 'n kleinadvertensie is wat die Viva Braam Kruger Chili/Suid-Afrika-vriendskapsgroep se byeenkoms om middernag volgende week in Santiago (enige middernag) bekend maak nie, gee ek op. Sies, Braam.

*Vervolg op bladsy 22*

# Dis nie Gorby de Klerk nie, dis Ronnie de Klerk!




Brolloks het dié week by die Foreign Correspondents' Association se jaarlikse dinee tot 'n nuwe gevolgtrekking gekom: almal praat van FW de Klerk as Suid-Afrika se Gorbatsjof, maar eintlik is hy Suid-Afrika se Reagan!

Sy Bles Eksellensie was die ster van die aand. 'n Glimlaggie na elke sin (Bittergal glo dis eerder 'n grynslag); net vyf Engelse grammatikafoute en een uitspraak-fout (hy sê ienekshôrrebel vir inexorable); hy het nie een keer 'n vinger gewys nie; en hy was o so redelik en het die mooiste goed gesê.

Brolloks het gesit en luister na die uitstekende toespraak en die heldeverering op 'n paar buitelandse gesigte gesien - veral dié wat nie lank in die land is nie en verbaas was dat alle Boere nie kakie-safaripakke dra, dik nekke en dik gewrigte het en sambokke ronddra om swartes mee te slaan nie.

Daar sit Brolloks toe en wonder hoekom hyself ook nie beïndruk was nie. En toe onthou hy dat hy dit alles al tevore gehoor het. En toe onthou hy dat terwyl FW so praat van alle Suid-Afrikaners wat moet hande vat, is sy regering besig om die mense van Peelton soos diere rond te skuif en van hul burgerskap te ontneem. En terwyl hy praat van hoe graag hy beter verhoudinge met die pers wil hê, is sy regering besig om Vrye Weekblad se redakteur tronk toe te probeer stuur en New Nation toe te maak. Ensovoorts.

Agterna was dit 'n siniese Amerikaanse joernalis wat al lank in dié dele is, wat sy vinger daarop gelê het: FW is nes Ronald Reagan. Die teflon-president aan wie niks kleef nie. Hy kon droog maak soos hy wou, hy was




'n sukses. Want hy praat so mooi en hy klink so redelik, meeste mense vergeet watter handelinge daaragter sit.

Brolloks het dié stuk geskryf voor FW se Donderdagmiddag-toespraak - en hy hoop hy kan al sy woorde sluk. Want Suid-Afrika kan darem nou waaragtig doen met 'n bietjie aksie eerder as mooi woorde!

* Edele Bles se onderrok het darem ook gewys. Wat van die Vlaminge en die Kataloniërs en die Tamils en die Maori's, wou hy weet, en glimlag sy mooiste groepsglimlag.

## Madam hoort op 'n posseël

Brolloks was bly hy het 'n slag sy hare gekam en sy tande geborsel voor dié dinee, want hy het regoor Madam de Klerk aan die volgende tafel gesit. En haar lank sit en bekyk.

Sy eerste waarneming was dat dié vrou darem baie swaar moet kry. Haar mondhoeke hang regtig ver af, en die frons tussen die oë sit of dit ingestryk is. FW glimlag sommer namens hulle albei. En 'n mens weet: dié genetiese materiaal kom van die stoere, militante Calvinistiese kerkvader-voorsate.

Die tweede waarneming was dat Chris Levin miskien die mees oorskatte klereontwerper in die land is. Want Madam se rok het gelyk soos Brolloks se oorle ouma se sitkamergordyne, styfgestysel om so 'n poukraag om haar nek te staan.

* Maar uiteindelik het Brolloks besluit: sy hoort op 'n posseël.

## Klink dit bekend?

Oor die jongste ver-regse Boere-walglikheid op Strijdom-plein net dit:

Toe die polisie die betogers aansê om uiteen te gaan omdat dit 'n onwettige vergadering is, sê Piet Skiet Rudolph: "Dit is 'n vry land. Die dae is verby dat die polisie ons gaan rondstoot. Hulle het nie genoeg mense hier om ons te vang nie."

En later: "Dit is ons land. Ons het nie die regering of die polisie se toestemming nodig om 'n vergadering te hou nie."

* Het Bittergal nie soortgelyke uitlatinge uit ander oorde gehoor in die jongste verlede nie?

# *En toe verloor Swapo oor ons objektiewe nuusnetwerk...*

HAAI, vrinde, toe verloor Swapo jou, wragtie die verkiesing.

Egbertus was net betyds om in te skakel op sy gunsteling nuusnetwerk en te hoor dat 'n party wat dubbel soveel stemme en dubbel soveel setels as sy teenstaander verower het, nietemin as die verloorder geprojekteer word. En toe, net om seker te maak, rig ek my tot die ontbyt-weergawe van onse objektiewe netwerk.

En daar verneem die verbaasde ek van 'n aartsdeskundige van Potch (vir CHO, wat anders?) dat Swapo tog verloor het. Dis dieselfde kêrel, meen ek, wat sulke spectacularly uitwaanse voorspellings gemaak het oor onse eie verkiesing verlede week, of is dit verlede maand. Dié deskundige het bisarre begrip van die politiek en is juis daarom so entertaining. Die man hou blykbaar nie van Uncle Sam as die leier van Namibia nie.

What's news?

Die goeie uncle is nie te gewild in die buitewêreld nie, en dalk selfs nie eers in sy eie geledere nie. Maar watter leier is? Dink 'n bietjie aan wat op die oomblik wêreldwyd beskikbaar is, en jy snak na jou asem. Kies tussen Bush baby, Miesies Thatcher, 'n inscrutable uit die Ooste, die Groot Grondboon - nie te inspirerend nie.

Egbertus is natuurlik 'n óú kommunis, en daarom is sy sig met rooi gekleur, maar dit lyk my of Mister Gorbatsjof die enigste lewendige en skeppende leier van ons tyd is. (Om nie van luitenant Rockman te praat nie.)

## Elastiese stoffasie

Die liewe Pikkewyn is waaragtig van elastiese stoffasie gemaak. Die stomme siel kort eintlik 'n vel so dik soos dié van Sy voormalige Edele A Ragsbanjo wat sy politieke visies selfs buite die deure van die hofsaal, waar hy tereg staan weens bedrog en ander sappighede, verkondig.

Maar by gebrek aan dié swart-renoster-karaktertrek het onse Pik die bounce van 'n tjek so kort voor Kersfees. Skaars het hy sy verleentheid in 'n maatemmer verberg, of hy hop terug met 'n nuwe Grand Scheme vir die ganse subkontinent, indien nie vir die heelal nie.

Die jongste is nou die M-plan, 'n vreemde gedoente as daar al ooit een was. Die ding het geen kenmerk nie, so vaag is hy. Die enigste konkrete aspek daarvan is dat die plan nie voor 1992 ingespan sal word nie. Playing for time, soos 'n mens al destyds van die grootse vyfjaarplan kon aflei.

Die M-plan is net op subskripsie bekombaar, en dan gooi hulle sommer as deel van die pakket 'n video van die wildehond-eenheid se monkey business in Mitchell's Plain in.

Moeder meen die M-plan is so vaag, 'n mens sal 'n decoder moet koop om dit te kan ontrafel. Moeder dink dit is te pittig dat Pik nog voortleef na al die misstappies. Seg sy as sy nou 'n minister moes koop, dan sou Pik seker in 'n boks afgelewer word waarop daar staan fragile.

## Radarkop

Waar is die verlore bandopnames? 'n Wonderlike mystery ontvou so onder ons oë. As die bande eg was, sou selfs die grootste sot in die weermag hulle as getuienis behou het. Dis daarom meer waarskynlik dat hulle nie eg was nie, en dat die een of ander skeppende wese vrees dat die valsheid ontdek gaan word noudat die hitte aangedraai word.

Die waarskynlikste van alles is egter dat die bande nooit bestaan het nie. Behalwe natuurlik in die onvrugbare maar beswaarde verbeelding van ons dapperste generaal wat nie bande nodig het om 'n oorlog op te tower nie. Die radarbakke aan sy koppie kan dinge bespeur wat selfs nie die mees gesofistikeerde satelliete van die groot moondhede kan optel nie.

Die Tuynhuys-grondboon het homself nou ook met glorie bedek deur die hele spul te cover-up. Wat die oog nie sien nie?

## Stikgrond

Ons het darem sulke waardige waardes hier in die beloofde land. Om die waardige swart renoster te red, word derduisende rande soos kleingeld gestort, selfs in dié gevaarlike ekonomiese tye.

Egbertus kla nie, geliefdes, sommige van my beste vriende is swart renosters. Dis net dat daar soveel mense is wat ewe ná aan uitwissing is en wat nie "renoster" agter hul beskrywing kan skryf nie. Soos die 55 persent van swartmense wat nie eers die mees beskeie huisie kan koop nie, selfs al was daar verbandgeld beskikbaar. Vergelyk met daardie lot die pittigheid van die pekel waarin party arme siele in die Kaap sit: parkeerplek is so skaars in hul R2-miljoen-per-huis-woonbuurt dat dié repies grond nou gekoop word teen R75 000 stuk. Dis om van te stik.

Die great receiver of revenue in the sky sal sweerlik nie hiermee gediend wees wanneer dié siele hul opgawes moet instuur nie. Dis plein siek, seg Moeder, en sy sal weet.




Egbertus Klaagvoort

## Simboliese pale

Maar die Kaap is nie nét pervers nie, vrinde. Daar word nou glo pale oral geplant as simbole van vryheid. Aluminium, want wat kan nou meer simbolies wees as dit?

Oswald wonder of enigiemand nou juis meer vryheid kan aanvoel vandat die pale in die middestad gegroei het, behalwe miskien honde wat daar verbywandel en soos swartmense nie toiletgeriewe in die stad gegun word nie. Nuttig ook vir die polieste om mense aan vas te ketting as daar te min hospitaalbeddens vir dié doel is.

## Sportgemors

Ag foeitog, is onse sport nie in die allerverskriklikste gemors nie? Die eierdanse wat deur die wit krieketbase (is die woord nie gepas nie?) gedoen is om hulle rebelletoer te laat voortgaan, is te kostelik.

Nie-rassigheid is good and proper, solank ons net nie iets hoef op te offer nie, soos byvoorbeeld die geld wat so 'n toer genereer en waarvoor ons ons lippe al sit en aflek. En die stomme rugbysiele weet nou nie meer watter kant toe nie, ook oor geld.

Nee, seg die waardige voormalige stormramme, ons moet wegbreek van die rugbyraad en 'n nuwe dispensasie binnegaan. Seker ook met onderhandeling, M-planne en dies meer. 'n Nuwe Suid-Afrika beteken tog immers ook 'n nuwe rugby-dispensasie? Maar daar word nie eers gedink aan 'n nuwe bedeling wat die ou waardes verwerp en bande smee met die dreaded anderskleuriges nie. Dit sou te veel opofferings meebring, soos om op hulle onegalige en klipperige velde te speel. En dalk te verloor, want wie weet nou eintlik hoe sterk die spanne uit die twilight zone is?

## Twisted message

Slegte nuus is dat 'n faksie van die Koeksistergilde afgestig het, soos ware Afrikaners natuurlik geroepe is om van tyd tot tyd te doen. Nou is Miesies Klaagvoort belas met die taak van teen-insurgensie en insameling van inligting.

Dis nie maklik nie. Egbertus se vrede word in die nagtelike ure verstoor deur inkomende radioboodskappe, en arme Oswald moet die vernedering van vermomming deurgaan wanneer die gilde vergader. Hierdie week poseer hy as Stoffel dinges, na bewering minister van die een of ander, maar hy voel ontevrede want hy kan nie slu genoeg lyk nie. Natuurlik nie 'n maklike taak nie.

Iedergeval, Miesies Klaagvoort het nou pas glo 'n radiosein van die opposisie onderskep. Ongelukkig is die band vernietig toe kokende stroop daaroor gevloei het en dit opgegaan het in 'n vars koeksister. Seg Moeder die band bevat nou 'n twisted message. Iemand gaan nog die onderskepte woorde sluk.

Egbertus het dit op goeie gesag dat die Skoon Administrasie vir 'n vale koukus nadat Magnus PI onthul het dat Swapo besig is om Germiston binne te val. Sy wil nie glo dat dit maar net Guy Fawkes is nie, Germiston is mos so 'n week of twee agter vanweë die tydsone, sien.

Seg Magnus dit kan nie wees nie, want die parlement sit dan nie in Germiston nie. Daar's Swapo, en dan is daar swape. You pays your money and you takes your pick.

# Dié bioreguleerders gaan dalk ons lewens verleng

Yelena Druzhinina

DEUR die gebruik van bioreguleerders - 'n nuwe soort medisyne wat immuniteit stimuleer - is dit moontlik om die mens se lewe te verleng. Dit is in elk geval wat die skeppers van dié nuwe medisyne beweer.

Dit sal natuurlik 'n ruk neem voordat vasgestel kan word of die medisyne rêrig werk. Nogtans is die vermoë van die bioreguleerders om die werking van 'n verouderde organisme te herstel, reeds bewys. In die Sowjet-Unie gebruik dokters reeds sulke geneesmiddels soos T-Activin en Timalien. Onlangs is nog drie middels, wat die lewe verleng, by dié lys gevoeg: Epitalamien, Timogeen en Timoptien.

Ek het net betyds by die kantoor van die hoof van die bioreguleerlaboratorium van Kirofse Militêre Akademie in Leningrad, dr Vladimir Khavinson, ingeloop - hy was besig om 'n inspuiting te ontvang.

"Wat is verkeerd?" wou ek weet.

"Ouderdom," het hy gesê en geglimlag.

Op die dosie van die ampulle staan "Epitalamien". Ek het hom uitgevra oor biostimuleerders.

Epitalamien is die derde bioreguleerder ná T-Activin en Timalien wat deur die farmakologiese komitee in die Sowjet-Unie geregistreer is.

Daar word meer as 20 soortgelyke geneesmiddels in die Sowjet-Unie ontwikkel wat van die weefsel en organe van jong diere geneem word. Epitalamien word uit die pineale orgaan van kalfsbreine onttrek en daar is geen soortgelyke stof in die wêreld nie.

Dit reguleer die neuro-endokriene stelsel van die organisme, verhoog die weerstand teen stres en stimuleer sellulêre immuniteit - veral in kankerpasiënte.

Toetse, wat deur die NN Petrovonkologiese Navorsingsinstituut op diere uitgevoer is, het bewys dat dit die lewe van diere met 30 tot 40 persent verleng en die voorkoms van kwaadaardige gewasse verminder.

Kliniese toetse van Epitalamien het bewys dat dié geneesmiddel die normale werking van die organisme doeltreffend handhaaf. Dit kan nie net vir genesing aangewend word nie, maar ook vir die voorkoming van siektes - veral by middeljarige pasiënte waar wanfunksie van die hormoonstelsel plaasvind.

Epitalamien word by die Leningradse medisyne-aanleg vervaardig. Die aanleg vervaardig ook Timalien.

Vooraanstaande farmaseutiese maatskappye in Oostenryk, België, Holland, Switserland, Japan en ander lande stel in dié geneesmiddels belang. Die Frensius-maatskappy van Wes-Duitsland het vroeër vanjaar 'n kontrak gesluit om Timalien aan te koop.

Vandag word Timalien by verskeie aanlegte in die Sowjet-Unie vervaardig. Nogtans word die aanvraag daarvoor net gedeeltelik voorsien. Dit is waarom daar onlangs 'n plaasvervanger van Timalien, Timogeen ontwikkel is.

Spesialiste van die Nasionale Kardologiese Sentrum en die Sowjet Akademie vir Mediese Wetenskappe het 'n sintetiese timus-peptiede ontwikkel. Die sintetiese Timogeen is in alle opsigte die natuurlike middel se eweknie.

Timogeen word op beide volwassenes en kinders gebruik teen siektes wat deur 'n verlaging in die immuniteit veroorsaak word: akute en chroniese inflammasies, virus-infeksies en in die na-operasie-tydperk. - APN

# KLEINADVERTENSIES

Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Gwynne of Laetitia (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede vra Broeders, waar was julle toe ons die wa deur die drif getrek het?

Die Bleskoppe teen Apartheid sê hoe lyk dit dan of die Groot Bleskop 'n bang haar op sy kop het

Baltrina - Tye is rof, maar die malles oorleef. Nou moet ons nog net rekening hou met die wet van Transvaal. - S

## WERK

Dagmoeder of crèche gesoek vir swart baba van 15 maande vanaf Januarie 1990. Melville/ Westdene-omgewing. Skakel Lizzie Sepato of Willemien de Villiers by (011) 726-1530

Interessante gemeenskapsplaas naby Grahamstad soek nuwe lede. 'n Sterk klem op omgewingsbewaring. As jy bereid is om hard te werk en toegewyd is, skryf aan ons en stel jouself voor: Posbus 644, Grahamstad 6140

## WOONPLEK

Benodig: Goedkoop vakansieverblyf in of naby Kaapstad gedurende die Kersvakansie (een week tot tien dae). Bel Gwynne (011) 836 2151

Observatory, Kaapstad: Leefbare murasie met nuwe dak te huur vir November en Desember, moontlik Januarie ook. Goedkoop. Slegs R450 vanaf 27 Desember tot 14 Januarie. Bel Philip by (w) 021-2034270 of (h) 021-479472

Ons goeie en liewe tuinier Jeffry soek verblyf. Hy kan 'n dag werk vir 'n kamer. As iemand dalk kan help, skakel Amalie by (011) 648-4596

Johannesburg: tuinwoonstel te huur vanaf 4 Desember tot 8 Januarie. R300. Skakel (011) 646-9870

Melville: beautiful state-of-the-art home with consent to use for business to let from February 1990. Rent R2 000 per month. Phone Josie (w) 234466 or (h) 726 6774

## DIENSTE

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel:
Durban (031) 301 5663 Richard (w),
Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h),
Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm),
Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h),
Oos-Londen (0431) 27713,
Port Elizabeth (041) 56 1483,
Pretoria (012) 320 2230 Alice (w),
Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

**TaylorMade Administrative Services CC**
Vertroulike dienste teen redelike pryse
* Woordverwerking (Word Perfect 5, XY-Write III, Multimate Advantage)
* Diktafoon tik/kasset-transkripsie (mini, mikro, standaard)
* Regstikwerk
* Laserdrukwerk
* Organisering van konferensies en die afneem van notules
* Fotokopiëring
* Faks-werk
* Bode-diens!!!
* Aand- en naweekdiens!!!
Skakel Colleen of Mike Taylor by (011) 648-6866 of 648-9952 enige redelike tyd van die dag, of Ann Low by 648-3117 slegs na-ure

'n Baie Spesiale Kersgeskenk vir die Kleingoed
Wat van 'n brief van Kersvader aan u dogter of seun geadresseer? Stuur asseblief (duidelik) volle naam of bynaam, van, ouderdom en adres van kind en slegs R24 aan: Crystel, Posbus 1860, Parklands 2121

**Spesiale Aanbod:** Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersel. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverweerder. Skakel: (011) 724 0784

Kersfeeskantoorpartytjie met 'n verskil
Ons sal alles reël - busvervoer na 'n lieflike landelike kroeg met fantastiese kos, drank, musiek en pryse. Bel Markham (011) 794-1792

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteunings- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel POWA by (011) 642 4345

## GEBEURE

Woensdag 22 November - U word uitgenooi om u wegneemete om 1 nm na die USIS-ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's getiteld "I remember Harlem". Die vierde video handel oor Toward a New Day: 1965-1980

## MARK

1986 Nissan-bakkie 1400 te koop. Enjin in goeie toestand. R10 000 of naaste kontantaanbod. Bel Gwynne (011) 836 2151 (w)


JACOB REGOP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ..........
Adres: ..........
.......... Poskode: ..........
Telefoon: ..........

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!





Vir R60 (AVB ingesluit) kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingeluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam: __________
__________
Adres: __________
__________
__________

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30



Vrye Weekblad

Kashgar

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566


Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

# Christo 'n tree nader aan Ope-titel

**Tinus Horn**

SUID-AFRIKA se voorste tennisspeler, Christo van Rensburg, het vandeesweek skittertennis in Altech se SA Ope gespeel, en kan vandag sy plek in die halfeindronde bespreek.

As hy kan voortbou op die vertoning wat hy in die tweede ronde teen die Italianer Francesco Cancellotti gelewer het, is die titel ongetwyfeld binne sy bereik.

Van Rensburg, wat vanjaar derde gekeur is, is verlede jaar in die eindronde deur Jakob Hlasek van Switserland verslaan.

Dit het hom Woensdag minder as 50 minute geneem om Cancellotti van die baan te vee. Die wedstryd was so eensydig soos die telling van 6-2, 6-0 aandui.

Van Rensburg, 'n boorling van Uitenhage, was veral verwoestend op sy eie afslaan. Sy eerste afslaan het die kol keer op keer getref en Cancellotti was glad nie hierteen opgewasse nie.

Die Ope het vanjaar van meet af groot skokke opgelewer.

Vyf gekeurde spelers is in die eerste ronde uitgeskakel. Hulle is die Italiaan Paolo Cane (4), Amos Mansdorf van Israel (5), die Australiër Wally Masur (6), wat beseer is, Todd Witsken van Amerika (7) en sy landgenoot Scott Davis (8).

'n Speler wat die toernooi lank sal onthou, is die Kapenaar Dean Botha, wat as kwalifiseerder verras het deur die Australiër John Fitzgerald in die eerste ronde in 'n taai stryd met 6-4, 3-6, 7-5 uit te skakel.

Ander top-spelers wat al vanjaar by Botha slae gekry het, is Matt Anger, Neil Broad en David Pate.

Hy het al moed opgegee dat hy ooit beroepspeler sal kan word, maar sy vorm vanjaar is so bemoedigend dat hy volgende jaar in Brittanje gaan speel om sy plek op die wêreldranglys te verbeter en hopelik vir 'n paar groot toernooie te kwalifiseer.

Die halfeindronde van die Ope word môre beslis, en die eindstryd Sondag.



(Foto: The Star)

Christo van Rensburg

# Alle oë is môre op Soccer City gerig

**Marc Grootboom**

MOROKA SWALLOWS en Mamelodi Sundowns lok nou wel nie sulke groot skares soos Kaizer Chiefs en Orlando Pirates nie, maar na verwagting gaan hul kragmeting in die eindstryd om die BoB Save Superbowl by Soccer City naby Crown Mines nietemin groot opwinding oplewer.

Die wenspan stap weg met R100 000, wat van dié reeks die belangrikste uitklop-sokkerkompetisie in Suid-Afrika maak.

Albei klubs het die afgelope paar maande derduisende rande uitgegee om hul spanne te versterk. Hulle spog met die beste geldspelers in die land.

Die gevaarlike driemanskap in hul voorste linie, Noel Cousins, Les Grobler en Calvin Petersen, maak van Swallows die gunstelinge, maar daar is werklik bitter min te kies tussen die twee spanne.

Cousins, wat vanjaar meer doele as enigiemand ander behaal het, sowel as Grobler en Peterson is gekoop nadat Louis Luyt namens Ellispark 'n aandeel van 22 persent in die klub aangeskaf het. R1 miljoen rand is sedertdien aan nuwe spelers bestee.

Hulle het vroeër vanjaar ook die John Player Smooth-eindstryd gehaal, maar is oor twee rondes met 4-2 deur Chiefs verslaan.

Sundowns was ook nie skaam om die tjekboek te gebruik nie. Sedert Abe en Solly Krok die klub gekoop het, is R1,5 miljoen reeds aan spelers bestee. Dié tweeling, wat erken dat hulle niks van sokker weet nie, kan beslis tevrede voel met hul belegging.

Sundowns se kaptein, Ernest Chirwali van Malawi, wat altyd vir 'n sokker-skouspel sorg, is sy span se groot troefkaart. Hy en twee van sy spanmaats, Sam Kambule en die doelwagter Mark Anderson, was al Suid-Afrika se Sokkerspeler van die Jaar, wat 'n mens 'n goeie idee gee van die talent in Swallows-geledere.

Albei spanne het dié kompetisie al voorheen gewen, toe dit as die Mainstay-beker bekend gestaan het. Swallows het Witbank Aces in 1983 met 1-0 geklop, en in 1986 was Sundowns met 1-0 baas teen Jomo Cosmos.

In albei wedstryde is die oorwinning in bykomende tyd beklink. Dit kan môre weer die geval wees.

# Sono dreig NSL met hofgeding

'N UITGEREKTE hofgeding tussen die Nasionale Sokkerliga (NSL) en een van sy grootste sterre, Jomo Sono, lyk onafwendbaar nadat Sono besluit het om die skorsing van sy klub, Jomo Cosmos, te betwis.

Sono is geskors omdat hy en Transvaal se rugbybaas, Louis Luyt, glo probeer het om 'n nuwe beheerliggaam op die been te bring, in regstreekse mededinging met die NSL.

Sono het verkies om nie sy verhoor deur die NSL se dissiplinêre komitee by te woon nie, en die saak eerder in die hof te besleg.

Sono wil hê sy skorsing moet ongeldig verklaar word, aangesien die getuienis teen hom na sy mening nie voldoende was nie.

Hy kan hom egter vasloop teen die NSL, wat hom sien as 'n pion vir Luyt, wat volgens dié beheerliggaam probeer om 'n houvas op Suid-Afrikaanse sokker te verkry, sodat hy 'n inkomste vir Ellispark uit dié sportsoort kan verseker.

Hoewel Sono een van die beste sokkerspelers is wat Suid-Afrika nog opgelewer het, is sokkerbeamptes hom glad nie goedgesind nie. Die aanvalle wat hy die afgelope week op die NSL gedoen het, het ook nie eintlik wondere vir sy gewildheid verrig nie.


black green and gold black red and yellow red and yellow the people toyi-toying cheering so the stands shake viva and you know who the real leaders are viva and you know the past is nearly over and it's like a glimpse down a long tunnel and into a much brighter future viva

CAROLINE CULLINAN'S CALENDAR FOR 1990 - PICTURING AFRICA IN A MUCH BRIGHTER LIGHT

Special offer to Vrye Weekblad readers - Send R16 (inc postage and GST) to:
Weekly Mail
Caroline Cullinan Calendar
P O Box 260425
Excom 2023
or call: (011) 331-3321 for more details



LIIVHA-SKOOL

**Liivha-skool is 'n outonome, nie-rassige skool in Thohoyandou, Venda met geleenthede vir alternatiewe opvoedingsmetodes en leerplanne.**

**Daar is tans ongeveer 160 leerlinge met klasse wat strek van voorskool tot standerd 8. Die eerste matriekklas sal in 1992 onderrig word.**

**Die onderrigtaal is Engels.**

***Daar word onderwysers vir die volgende hoërskoolvakke benodig:***

- *Tshi Venda*
- *Engels*
- *Wiskunde*
- *Aardrykskunde*
- *Biologie*
- *Geïntegreerde studies*
- *Musiek*
- *Drama*

**Daar is een laerskoolpos.**

Die vermoë om 'n oorbruggingsleerplan aan te bied sal in u guns tel.

**Diensaanvang: 1 Januarie 1990**

**Salariskaal: Venda-onderwysdepartement-skaal**

**Verblyf is onderhandelbaar.**

***Stuur u aansoek aan:***
**Die Skoolhoof**
**Liivha-skool**
**Posbus 1518**
**Louis Trichardt**
**0920**

**Navrae: Tel (015581) 22326 (w)**
**(015581) 32212 (h)**



Vrye Weekblad

* Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Ryk Hattingh. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannseburg.
* Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.
* Die telefoonnommer is 836-2151. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
* Die blad word gedruk deur Caxton Bpk van Commandoweg, Industria.

# OP op pad na die eindstryd

Berigte deur
TINUS HORN

DIT gaan 'n bulspan kos om die Oostelike Provinsie vanjaar van die Nissanskild weg te hou. Verlede Saterdag op Nuweland het die kampioen, die Westelike Provinsie, beslis nie aan dié beskrywing voldoen nie.

'n Nederlaag met tien paaltjies in eendagkrieket is 'n slagting. Dat die WP die vernedering op sy tuisveld op die lyf geloop het, maak dit net 'n raps moeiliker om te verwerk. Selfvertroue is vandeesweek seker redelik skaars in WP-geledere.

Sou die OP die WP môre in hul tweede kragmeting of Sondag in 'n uitspeelwedstryd klop, speel hy in die eindronde teen die wenner van die kragmeting tussen Noord-Transvaal en Natal.

As Lawrence Seeff se WP-span sy aanspraak op die Skild wil behou, moet hy die OP more én Sondag klop - en dit op St Georgepark, waar hy die afgelope paar jaar maar bitter min welslae behaal het.

Die WP het wel 'n paar troefkaarte wat hom in die verlede uit ewe moeilike situasies gered het. Hy gaan hulle almal nodig hê as hy enigsins 'n indruk op die OP wil maak.

Daar kan nie veel kolwers in wêreldkrieket wees wat 'n bal harder slaan as Adrian Kuiper nie.

As hy die dag werklik op dreef is, verwyl veldwerkers hul tyd deur die bal tussen die toeskouers te soek, en boulers kruip agter die skeidsregters weg uit vrees dat hulle dalk volgende ingespan kan word.

Ongelukkig vir die WP het Kuiper nog nie vanjaar in dié reeks die soort spel gelewer wat verlede jaar aan hom die bynaam "Slagter" besorg het nie.

Dit sal die OP nogtans loon om te onthou wat Kuiper aan die begin van die seisoen in die wedstryd tussen Noord en Suid aan manne soos Corrie van Zyl en Allan Donald gedoen het.

Nadat hy redelik bedeesd begin het, het hy met sy telling op 45 losgetrek en binne 17 balle agt sesse op pad na sy honderdtal gemoker.

As hy só onder die OP-boulers inklim, sal die WP beslis 'n goeie wenkans hê.

Dan is daar nog Peter Kirsten, wat nou in drie agtereenvolgende wedstryde die WP se beste kolwer was. Te oordeel na sy huidige vorm, is sy paaltjie selfs belangriker as dié van Kuiper.

Transvaal, wat die WP ook in die eerste van hul drie kragmetings verniel het, is juis deur die einste Kirsten van 'n plek in die halfeindronde beroof met beurte van 77 en 126 op agtereenvolgende dae in die tweede en derde wedstryde.

Anders as die WP het die OP geen sesslaner-helde wat die verloop van 'n wedstryd binne die bestek van 'n paar boulbeurte kan swaai nie.

Wat hy wel het, is 'n stewige boulaanval wat die waarde van goeie lyn en lengte besef en 'n lang kolflys, waarin die klem op bestendigheid eerder as skouspelagtigheid val.

(Manne soos Vlam Michau en Dave Callaghan weet darem hoe om die langsteel in te lê wanneer die lopies in die laaste paar boulbeurte gejaag moet word).

Die twee Australiese naatboulers, Rod McCurdy en John Maguire, is vir die OP goud werd. Tussen hulle hou hulle nie net hul teenstanders se kolftempo laag nie, maar maak hulle ook belangrike deurbrake wanneer vennootskappe lyk of hulle wil hand uitruk.

Die OP se grootste bate is egter die kapteinskap van Kepler Wessels, wat danksy sowat 70 eendagtoetse vir Australië as die beste strateeg in dié soort krieket in die land beskou kan word.

Hy glo eenvoudig nie aan roekeloosheid nie, en het verlede Saterdag teen die WP sy eerste vier eers geslaan toe daar 60 lopies agter sy naam was. Tog bly die telbord aan die rol wanneer hy voor die penne is.

Omdat daar in die verlede soveel druk op hom was om lopies aan te teken, wou hy nie die beurt vir die OP begin nie.

Hy het nou soveel vertroue in sy kolfmaats dat hy voel hulle sal maklik die beurt kan red indien hy goedkoop uitgehaal sou word.

Noord-Transvaal gaan net soos die OP sy tweede wedstryd in die halfeind-ronde op sy tuisveld tegemoet met 'n voorsprong van 1-0.

Hy moet om dié rede beslis as die gunsteling beskou word om in die naweek tot die eindronde deur te dring.

Natal se grootste kwelling vanjaar is die feit dat sy kaptein en voorste kolwer, Kim Hughes, veels te wisselvallig is en al by verskeie geleenthede goedkoop uitgehaal is.

Boonop sukkel die Piesangboere om die een of ander rede altyd om Sylvester Clarke se boulwerk baas te raak, soos sy vyf paaltjies verlede naweek weer duidelik onderstreep het.



Kepler Wessels — The Star

# Kepler wys hy kan beurt vir Bokke begin

KEPLER WESSELS se besluit om homself as aanvangskolwer in te span, het nie net nuwe vuur in die Oostelike Provinsie se krieketspan geblaas nie, maar ook gewys dat hy ernstig in dié rol oorweeg moet word vir die Springbokspan wat vroeg aanstaande jaar met Mike Gatting se Engelse rebelle kragte meet.

Die skitterende honderdtal wat hy verlede naweek in die eerste Nissanskild-halfeindstryd teen die WP aangeteken het, en sy ewe indrukwekkende 88 Woensdagaand teen Natal, maak beslis van hom 'n vroeë kandidaat om die beurt saam met Jimmy Cook te begin.

Hopelik sal hy ook voortaan as aanvangskolwer in die OP se eersterangse wedstryde diens doen, sodat die keurders hom ook op dié vlak kan beoordeel.

Daar is vanjaar geen gebrek aan skaflike aanvangskolwers in Suid-Afrika nie. Henry Fotheringham, wat goed vir die Springbokke teen Kim Hughes se Australiërs gekolf het, is sekerlik sterk in die wedloop na 'n reeks puik vertonings vir Natal, en Wessels se OP-aanvangsmaat, Philip Amm, is self skitterend op dreef. Dan is daar nog Noord-Transvaal se Mandy Yachad wat oorweeg moet word.

Wessels se toetservaring vir Australië tel ongetwyfeld in sy guns by die keurders, maar 'n paar van Suid-Afrika se senior spelers is glo nie te gretig om hom in die span te hê nie, juis omdat hy reeds vir Australië gespeel het.

Wanneer sy naam as 'n moontlike kaptein genoem word, praat hulle van rebellie.

Hulle meen hy het Suid-Afrika die rug toegekeer om sy heil elders te soek, en dat hy reeds sy kans gehad het om toetskrieket te speel.

Dit is die tweede keer in Wessels se loopbaan dat hy hom in dié soort houding vasloop. 'n Paar Australiese toetsspelers was ook ontevrede oor 'n "buitestaander" se teenwoordigheid in hul span. Dit is seker nie te vergesog om te sê dit kon bygedra het tot sy besluit om Australië vaarwel te roep nie.

Sy aanhangers meen die feit dat hy die afgelope drie seisoene alles vir OP gegee het, is genoeg bewys van sy toegewydheid.

Voor sy koms het die OP-span voortgeploeter sonder enige hoop op noemenswaardige welslae. In verlede jaar se Curriebeker-eindstryd het die OP Suid-Afrika se krieketreus, Transvaal, met 'n beurt verpletter, en verlede naweek is die land se eendagkampioen, die WP, met tien paaltjies deur die OP op Nuweland in die Nissanskild-reeks gelooi.

Beslis nie 'n slegte getuigskrif vir Wessels se kapteinskap nie.

Die huidige Bok-kaptein, Clive Rice, se bekwaamheid is ook onbesproke. Daar word egter gevra of sy hart nog werklik by krieket is.

Hy het die afgelope twee seisoene by verskeie geleenthede die renbaan bo sy krieketverpligtinge gestel, wat hom nie juis oorgewild by die krieketpubliek gemaak het nie.

# Luyt kies geld bo rugby

DANIE CRAVEN se rugby-idealisme het vandeesweek sleg slae gekry teen die harde geldbeheptheid van die ses toetsunies, met Transvaal aan die spits.

Louis Luyt, wat Craven, president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) Woensdagaand openlik veroordeel het omdat hy hom verlede week aan die kant van die kleiner unies teen die ses toetsunies geskaar het, sal waarskynlik verhinder dat die breuk in die SARR ooit herstel word.

Die ironie van die saak is dat Craven self die plan vir 'n wegbreekaksie deur die ses grotes ter tafel gelê het.

Hy wou egter hê die breuk moes blote vertoon wees, wat aan die ses grotes die geleentheid sou bied om internasionale mededinging met geld hierheen te lok, terwyl die kleiner unies, onder die vaandel van die SARR, steeds lid bly van die Internasionale Rugbyraad (IRR).

Nie-amptelik sou die twee afsonderlike beheerliggame steeds as 'n eenheid bestuur word.

Luyt het dit egter vandeesweek onomwonde gestel dat hy nie 'n flenter vir die kleiner unies omgee nie.

Geld is die dryfveer, rugby klaarblyklik 'n bysaak. Simbole soos die Springbok en tradisieryke reekse soos die Cravenweek en die Curriebeker-reeks, is nie vir hom van veel belang nie.

Dit is te verstane dat die Oostelike Provinsie die eerste unie was wat besluit het om alle bande met die SARR te verbreek. Sy powere vertoningslys vanjaar het gewys dat hy glad nie in Afdeling A van die reeks om die Curriebeker hoort nie. As hy nie sy sin kon kry en verskans word nie, was Afdeling B in die nabye toekoms sy voorland.

Koos Vermaak, die OP-Rugbyunie se voorsitter, was ook voorsitter van die SARR se kompetisie-komitee, en in dié hoedanigheid verantwoordelik vir die instelling van promosie-relegasiewedstryde.

Toe sy eie span se status egter vanjaar in die gedrang was, het hy geweier dat die OP teen Wes-Transvaal speel om te bepaal wie volgende jaar in Afdeling A meeding.

'n Mens wonder of Luyt en sy trawante nie effens bekommerd is oor Noord-Transvaal en die WP se besluit om eers te besin voordat hulle wegbreek van die SARR nie.

Soos Luyt self gesê het: Hulle het 'n punt bereik waar daar van terugkeer g'n sprake kan wees nie

Sou Noord-Transvaal en die WP besluit om by die SARR te bly - wat onwaarskynlik maar tog moontlik is - is die oorblywende vier grotes in die moeilikheid. Sonder die WP en Noord-Transvaal sal die nuwe beheerliggaam erg verwater wees.

Aan die ander kant sal Transvaal dan 'n kans staan om 'n beker te wen.

Die ses toetsunies vergader Saterdag om te besluit wat hulle volgende doen.




Van die dae toe daar nog vakmanne was

**Office Furniture Traders**

Ons spesialiseer in soliede houtsoorte

-NUUT en GEBRUIK-

Byron Andrews

337-2567/8

Commissionerstraat 161 (h/v Delvers)

VRYDAG

Bylaag tot Vrye Weekblad, 17 November 1989

Onder redaksie van ANDREA VINASSA

Drie van Wim Wenders (regs) se rolprente word by die Duitse filmfees - wat van 27 November tot 9 Desember by die Corlett-teaters in Bramley, Johannesburg gehou word - vertoon: "Wings of Desire", "Alice in the Cities" en "Wrong Movement". Ook werk van Rainer Fassbinder ("Fear Eats the Soul", "Effi Briest", "Chinese Roullette" en "Gods of Plague") en Werner Hertzog ("Even Dwarfs Started Small" en "Woyzeck" met Klaus Kinski) sal te sien wees.



# Namibia-teater in die woestyn?

**Nie almal het vrede met die nuwe Nasionale Teater van Namibia nie. Die jong dramaturg CHARLES FOURIE is pas terug uit Windhoek waar hy gespeel het in sy bekroonde toneelstuk "Big Boys" en kennis gemaak het met 'n teatergroep in Katutura wat baie krities is oor die NTN. Hy meen plaaslike teater het 'n les te leer uit wat hy daar gesien het.**



ONS, dis nou ek en Marlene Blom en my enigste hond Anna, land internasionaal en word taamlik plaaslik ontvang deur die Nasionale Teater van Namibia op die Eros-Lughawe: alles nuwe name vir ou plekke.

Die NTN, eens op 'n tyd Swaruk, is soort van dieselfde plek as Truk waarheen baie van ons inheemse akteurs en aktrises al gegaan het om te show. Saam met die nuwe naam het die NTN ook 'n alternatiewe teater bygekry, die "Alte Brauerei Warehouse", wat my onmiddellik laat dink aan die titel van 'n toekomstige play van my: "Rainbow Electric Roadhouse".

Ons ontmoet vir Mees Xteen, die Swapo-man, en Hannes Horne, die direkteur, wat moan oor my hond in sy huis. Ek het vergeet om hom te sê dat sy toegelaat word by George Milaris se restaurant en ook al een van my stukke se openingsaand bygewoon het. Anycase, ons begin repeteer...

Ian Fraser daag op om Stoffel Botha se brein te soek en hy moet stadig praat sodat die Duitsers kan verstaan en miskien lag.

"Swaruk is dood! Lank leef NTN!" hoor ons die publisiteitshoof een oggend skree. Ek en Ian vra hom toe of hy weet van ander teatergroepe in die woestyn buiten NTN. Ja, daar's hierdie outjies in die townships wat so bietjie shows doen maar hyself het nog nie met hulle gaan gesels nie. Niemand by die NTN het werklik nog met hulle gaan kontak maak nie... Onthou, dis nou so vier weke (!) voor die groot gestemmery vir die nuwe Namibia, Suid-Afrika het dit mos goedgekeur.

Ons ry toe uit na Katutura waar die Bricks-gemeenskapsgroep is. Op pad soontoe lyk die plek toe mos baie bekend - nes die township buite Beaufort-Wes waar ek eens gewoon het. Skielik lyk alles buite Windhoek soos die Karoo en pak die mitiese heimwee van oerreptiele my!

Bricks is hierdie klein geboutjie met 'n kantoor, 'n courtyard en 'n disko. Die disko vorm deel van hul teateropset en word gebruik om geld in te samel om stukke en dies meer te doen, verder bied hulle sommer aerobics aan en tradisionele danslesse word ook beplan. Dit laat my toe dink aan die vervelige kroeë en eetplekkies by ons teaters hier in Johannesburg, veral by Windybrow waar die kroegman ook 'n kostuum moet dra (sic).

Ons word effens versigtig ontvang deur Andile en Paul, ek kan nie die ander ou se naam onthou nie, toe hulle hoor ons kom van die NTN af. Ian Fraser het lank verduidelik wie hy is en selfs sy CV vol prentjies daar gehad, ek het niks gesê nie en maar net geluister. Hulle het ons met trots hul fotostaatmasjien gewys, hul yskassie - allerhande goed wat bymekaargeskraap is om die groep se werk en doelwitte te vergemaklik.

"Dis ons koerant." Die koerantjie bevat artikels oor (veral toe) politiek, teater, boeke, behuising, gesondheid, alles wat van toepassing is op die gemeenskap.

Hul doelwit is die opvoeding van die gemeenskap op alle vlakke, "to de-colonize their minds". Teater is natuurlik die belangrikste hulpmiddel in dié opsig omdat dit so direk en onmiddellik is. "Ons doen enige stuk teater, lees gedigte voor, dans en skryf ons eie goed."

Hulle het gehoor Swaruk het nou 'n nuwe naam maar hulle dink dis net 'n nuwe label. "Ons het nie 'n vaste teater soos hulle nie, ons doen ons shows in kerksale of sommer hier in die courtyard. Die NTN is al die jare, en selfs nou met hulle nuwe teater, nog steeds in die stad. Hulle vra R10 'n kaartjie. Ons gehore kan dit nie bekostig nie en vervoer is 'n probleem. Ons het nie hulle tipe subsidie nie en het selfs 'n koerant maar vra net soms toegangsgeld."

Die Markteater vra tot R18 noem ek toe, en hulle is jammer om dit te hoor. Hulle het baie probleme met die NTN wat stukke (soos onlangs) van Lorca doen en baseer op hul mense se verwysingswêreld. Dit het gelyk soos een van daardie Curio shop-olifantjies.

"Nee wat, dan gebruik ek eerder teater om mense te leer tande borsel of so iets. Die NTN (Swaruk) is al te lank besig om binne 'n wit Suid-Afrikaanse konteks met teater hier om te gaan. As gevolg daarvan het hulle hulself vervreem van wat binne veral ons gemeenskap hier in Katatura aangaan."

Hulle sou graag met die NTN wou saamgesels oor die toekoms van teater in Namibia maar vertrou nie die mense nie.

"In 'n stadium het NTN met clones soos Freddy Philander gepoog om teater in ons gemeenskap te bring, maar dit het uit hulle eie perspektief gekom - die wit een."

Noudat al hierdie dinge in Namibia aan't gebeur is en die NTN kamstig hulle deur oopgooi vir almal wat betrokke is by teater, gebeur daar nog steeds niks nie. Hulle dink ook nie daar gaan iets gebeur nie omdat hulle voel die NTN het nie respek vir wat hulle by Bricks doen nie.

"Ons is nie gekant teen ballet of opera nie, maar daar moet gekyk word na wat nou op hierdie stadium belangrik is vir die gemeenskap in die breë sin, d.w.s. almal. Definitief nie ballet nie..."

Dis toe dat die publisiteitshoof ongemaklik begin hoes en ons daar weg is wetend dat hierdie 'n gesprek is wat lank kan aangaan en baie parallelle het met ons teater-opset in Suid-Afrika.

Op pad terug koop ons toe groen koeldrank in Khomasdal en ek dink vir 'n oomblik aan die gepraat by veral die Afrikaanse toneelmense oor die toekoms van hul eie dramas en taal en brûe en paaie en tuine ens.

Die klein kosmiese opset in Namibia het definitiewe lyne te trek aangaande die toekoms van teater in Suid-Afrika. Ons, soos hulle, is ook in 'n oorgangsfase waar name verander gaan word en hopelik doelwitte ook. Maar wat gaan hierdie nuwe name beteken as die mense nie met mekaar kan gesels nie as daar nie 'n basis van respek gevorm word vir dit waarmee elkeen besig is en was nie?

As elkeen so fanaties voortgaan oor sy interne geskille en indabas hou vir die stand en toekoms van Afrikaanse toneel (sic) of kyk tot watter mate ons die swart bewussyn oorsee of by feeste kan uitbuit vir ons eie gewin, sien ek 'n duisterheid my broers.

Miskien het dit nou tyd geword dat ons die interne vullis oorboord gooi en begin kontak maak met almal wat betrokke is in die teater, van die Staatsteater tot die verskeidenheid gemeenskapsgroepe om op eerlike menslike grondslag vertroue te skep vir wanneer ons almal aan 'n groot gesprek gaan deelneem oor die toekoms van Suid-Afrikaanse teater.

Ek haal aan uit 'n artikel van Mvulu ya Nangolo in die Namibia Today: "To rediscover the dynamic potential of popular theatre in the liberation process, re-evaluate its function and redefine its perspectives is a burning necessity."

Begin ons nie nou met hierdie herontdekking van Suid-Afrikaanse teater nie, gaan veral die Afrikaanse toneel sy waarde as kulturele opvoeder verloor en agterweë gelaat word in die Suid-Afrikaanse teatergemeenskap. Dit is al bewys dat subsidies, indabas en kluggies nie help om die teaters te vul nie. Veral die gesubsidieerde teater in ons land is ook nou al jare lank besig met 'n gekibbel rondom wat hulle as teater sien sonder inagneming van swart gemeenskapsteater. Nou ja, ek moet nou ophou, want...

Ons het internasionaal geland op Jan Smuts en is plaaslik lekker ontvang.

# Fees van kort SA flieks in Hillbrow



**Verskeie kort rolprente wat nog nooit in Johannesburg vertoon is nie, vorm deel van die Film and Allied Workers se "Toonkas van kort rolprente". FAWO het prente bekom soos William Kentridge se "Johannesburg, Second Greatest City After Paris", "Exhibition" en sy "Vetkoek/Fetgalant", Guy Spiller se "The Boxer", Mark Napier en Lance Gever se "Brave World", Ken Kaplan se "The Burden", Cedric Sundstrom se "Suffer Little Children" en Robyn Aronstam se "Anyway, We Won in Nicaragua". Al die prente sal Sondagaand, 3 Desember om 6.30nm in die Mini Cine-rolprentteater, Pretoriastraat 49, Hillbrow vertoon word. Daar word nog besluit of twee vroeë prente van Chris Pretorius, "Angst" en "Die Moord", Kentridge se "Discourse on a Chair" en die argieffilm "De Voortrekkers" ook sal draai. Links is 'n toneel uit Pretorius se "Die Moord" waarin Jacqui Singer die hoofrol speel.**

# Waar is Kallie du Preez?

ETE EN DRINKE

EK wonder wat het geword van Kallie du Preez. Toe ek in die vroeë tagtigerjare 'n koerantman in Windhoek was, is Kallie du Preez beskou as die grootste wildboer in Suidwes.

Kallie, 'n massiewe man met 'n rooi baard, het noord van Tsumeb geboer in 'n gebied wat jaar na jaar deur Swapo-insurgente binnegeval is. In daardie gebied het ek agtergekom die Afrikaner is nie 'n held is nie - die meeste boere het hul plase heeltemal ontruim en ander het elke jaar tydens die invalle met vakansie gegaan en die plaaswerkers met die boerdery gelos.

'n Uitsondering op die reël was Kallie en sy vrou - haar naam het ek ongelukkig vergeet. Kallie was 'n stoere HNP. "Ou maat, as daar 'n party regs van die HNP is, het ek vir hom gestem (die AWB vandag?) en as daar 'n party regs van daardie party is, stem ek vir hom (die Wit Wolwe vandag?)," het Kallie dikwels gesê.

Tog het Kallie dit hoegenaamd nie teen my gehou dat ek vir 'n "linkse" Suid-Afrikaanse koerantgroep gewerk het nie. Oom John Vorster sou dit die onheilige alliansie tussen ver-links en ver-regs genoem het.

Hy en sy vrou was die hartlikheid self. Ek het dié week probeer om Kallie te bel, maar die telefoonverbindinge Namibia toe is swak. Dit was 'n onbegonne taak.

Ek wou 'n bietjie gesels en van Kallie hoor of hy gaan bly ná onafhanklikheid (ek is seker hy sal), of hy nog wild na Suid-Afrika sal uitvoer (ek is seker hy sal) en waar dit in die nuwe jagseisoen beskikbaar sal wees, en sommer om te hoor hoe dit gaan.

Kallie het daardie tyd omtrent 600 elande op sy plaas gehad en 'n groot verskeidenheid ander wild. Restaurateurs het al in die verlede teenoor my gekla dat die Transvaalse wildvleis nie waffers is nie, terwyl ek weet dat Suidwes-wild gewoonlik baie goed is.

Ek wou Kallie en sy vrou nie vir 'n resep vra nie, want ek dink nie ons het ooit wild geëet die paar keer wat ek by hulle aan huis was nie.

Hoe dié storietjie my by Leipoldt se resep vir 'n wildboudjie uitbring, weet nugter alleen. Miskien is dit omdat Namibia onafhanklik word, maar wat sou Leipoldt dáárvan geweet het?

Ewenwel, gaan koop vir jou 'n lardeernaald. Dis 'n lang naald soos 'n els, net heelwat langer - met 'n kontrepsie aan die voorpunt wat 'n lang reep spek vasvat sodat jy dit dwarsdeur die vleis kan druk, en 'n handvatsel. Wanneer jy die naald deurgedruk het, maak jy die kontrepsie los, die spek bly agter en jy kan die naald terugtrek. Dan kan jy die volgende reep spek in die vleis indruk en so aanhou totdat die vleis elke sentimeter of wat 'n reep spek het wat daardeur loop.

Stop die spek saam met die grein van die vleis want jy gaan die vleis teen die grein sny. Dit beteken dat die spek in kolletjies in die vleis op jou bord lê.

Jy kan ook 'n lang skerp messie gebruik en die wildsboud van albei kante af stop, maar dit is nooit so netjies as wanneer jy 'n naald gebruik nie.

Hier is Leipoldt se resep, en dit sal die patriotiese koskokers onder ons se harte laat warm klop want dis 'n Afrikaanse resep. Ek het wildsboudjies 'n paar keer so gaargemaak en dit was baie lekker. (Moenie 'n elandboud so gaarmaak nie, daarvoor het jy 'n koevoet nodig.) Die kommentaar tussen hakies is myne, behalwe in die eerste hakies.

Wildbraaiboud (Afrikaanse manier) - Lardeer die boud goed; sommige soorte het meer spek nodig as ander. Maar dit is nooit 'n fout om te goed te lardeer nie. Die spekrepies moet mooi dun wees en sonder vel wees; gebruik 'n (lardeer)naald en bestee bietjie aandag aan die werk, want die spek moet diep ingaan en nie te oppervlakkig wees nie.

As die boud mooi lardeer is, vee af met 'n klam doek, en vryf in met sout, peper, koljander, 'n bietjie rissiepeper en bruin suiker; sommige kokke voeg 'n grypie salpeter by, maar dit is nie nodig nie; lê die boud nou in asyn, gemeng met 'n koppie wit- of rooiwyn; (asseblief geen asyn nie, verkieslik net witwyn) laat dit daarin lê vir drie dae ('n dag is genoeg); draai dit elke dag om (elke vier uur); sit by 'n paar suurlemoen- of lourierblare (een is genoeg).

Op die derde dag (ná 'n dag) word die boud uitgehaal en afgeveeg. Sit dit dan in 'n pan (kastrol) met botter (gemeng met olie), en strooi 'n bietjie meel daaroor. Laat dit stadig braai, bedruip dit met die wyn-en-asynmengsel (wynmarinade). Voeg meer en meer by as dit braai. As die boud klaar gebraai is, haal uit die pan en bestryk met eierwit en sit dit vir 'n rukkie in die oond op die skottel. Kook die sous op, gooi deur 'n sif, en meng met die botter 'n kelkie rooi soetwyn, peper, sout en gerasperde neut; laat weer opkook en verdik met fynmeel (verkieslik dik room), en bedien apart by die boud.

Jy kan hierdie boud net sowel in die oond gaarmaak sonder 'n deksel op. Bedruip dit elke kwartier, en moet dit nie oorgaar maak nie. Selfs wildsvleis moet effe pienk wees, tensy jy dit soos my oorle vriend oom Badie amper rafeltjies kan kook en dit nog steeds heerlik is.

Badie is intussen dood en sy kinders wat almal goeie kokke is, het vergeet om sy resep op te skryf. Sover ek kan onthou het hy die boud met appelkooskonfyt gesmeer, en 'n naeltjie of wat bygesit maar nie te veel nie.

Ek moet ook nog skryf oor 'n lekker sous vir wild, maar ek is nou vaak. Ek sal volgende week 'n klein storietjie daaroor skryf, en dit sal die einde wees van die saga oor wild in die winter.

KOOS COETZEE

# Peter Findlayson, die kunstenaar

**BJ LANKWARDEN skryf oor die twee beste Pinot Noirs in Suid-Afrika**

DIE Diners Club of South Africa Award vir wyn is sonder twyfel die wyntoekenning wat die meeste gewig in die Kaap dra. Die betrokkenheid van die Diners Club by wyn is baie lofwaardig: sy kaarthouers bestee baie miljoene rande aan die aankoop van wyn.

Hugh Peatling, die besturende direkteur van Diners Club, het nóg meer gedoen. Die Wynmaker van die Jaar-toekenning is opgevolg deur Die Wynlys van die Jaar-toekenning - en albei het groot lof ingeoes. Soos gewoonlik is die beoordeling gedoen in net een wyn-kategorie en vanjaar was dit Pinot Noir.

Pinot Noir is 'n laatlammetjie in die Kaap en baie wynmakers begryp hierdie wyn nog nie goed nie.

Dis 'n rooiwyn maar het nie die intense rooi kleur van 'n carbernet nie - dit kan baie wynkopers en -makers om die bos lei.

Baie dink dat kleur volheid beteken, maar dit is nie die geval by Pinot Noir nie.

Hier is 'n druif met 'n baie aangename aroma met sterk vrugtigheid - selfs tot framboos en die geur van 'n plaas.




**Peter Findlayson (links) van Hamilton Russell, die 1989-Wynmaker van die Jaar, word gelukgewens deur Hugh Peatling van die Diners Club.**

Die druif is meer toeganklik as 'n Cabernet. Dit beteken nie dat Pinot Noirs nie verouder nie - 'n ou Pinot Noir is van die beste.

Beoordeling vanjaar was nie maklik nie. Daar was meer as 30 inskrywings. Ons het omtrent 9 uur die oggend begin en al die wyn was Pinot Noirs - maar hoegenaamd nie dieselfde nie. Ek het gewonder hoekom sommige wynmakers die moeite gedoen het om die wyne in te skryf, aangesien hulle bitter min met Pinot Noir te doen het.

Ander wyne was baie goed. Daarna is die ses topwyne weer oorgeskink en ons moes hulle weer proe. Onthou dat al daardie wyn blind geproe word - die beoordelaars weet nie wie die wyne ingeskryf en waar hulle vandaan kom nie.

Uiteindelik het 'n paneel van agt besluit net twee wyne verdien meer as 15 uit 20 punte.

Die wyn wat gewen het, het 15,5 gekry en die tweede wyn 15,44. Dit beteken dat net 0,06 die twee beste wyne geskei het. Dit kon 'n ramp gewees het as altwee wyne nie deur dieselfde wynmaker gemaak is nie.

Dit wys dat daar net een wynmaker is wat die standaard van Pinot Noir in Suid-Afrika stel - Peter Finlayson se Hamilton Russell Vineyards in Hermanus, die suidelikste wingerd in Suid-Afrika.

Die wyn wat gewen het, was die 1986 Hamilton Russell Pinot Noir, terwyl die 1987 uit dieselfde wingerd, wat nog nie vrygestel is nie, tweede was.

Dit was 'n baie ongewone resultaat hoewel twee wyne uit dieselfde stal vantevore al amper eerste en tweede plek ingeneem het.

Tim Hamilton Russell het nog altyd gesê dat koelheid 'n noodsaaklike bestanddeel van goeie wyn is, en hier is die bewys daarvoor. Die wingerde van Hermanus groei op hange wat noord kyk anders word die druiwe nie gelyk ryp nie.

Wynmaak is 'n kuns en Peter Findlayson het duidelik gewys dat hy 'n kunstenaar met 'n goeie oor het aangesien hierdie twee wyne amper Boergondies is.

Dit het duidelik gewys dat goeie wyne met toegewydheid hier gemaak kan word, en dit is presies wat die Diners Club oor die afgelope jare bewys het.

Soos ek tevore gesê het, en ek kan dit nie genoeg sê nie: Hugh Peatling moet 'n prys kry vir sy bydrae tot die verbetering van wynmaak en die bevordering van wyn in Suid-Afrika.

## Harvestime se gras

NOU die aand eet ek by my vriende Charles - die Vrystaatse een - en Stuart boerewors en spinasie.

Ek is nie een wat my neus vir kos optrek nie. Ek kla omtrent nooit oor kos nie, behalwe wanneer ek in 'n restaurant baie vir kos moet betaal en dit is nie waffers is nie. Dan het ek die reg om te kla en dan sit ek dit in die koerant. (Ook wanneer die kos goed is, want mens moet positief wees, of hoe?)

Die boerewors is goed, maar die spinasie smaak soos droë gras. Dit krap aan jou tong, verhemelte en keel wanneer jy dit sluk.

Ek dog ek kan iets daaraan doen, en gooi 'n groot klomp botter by die spinasie. Spinasie kan botter opslurp soos 'n spons, maar die spinasie smaak nog steeds soos gras.

Die spinasie lyk ook soos gras. Dis fyngekap in een of ander hamermeule. Dis Harvestime-spinasie en kom bevrore in plastieksakkies, in 'n aantreklike boksie wat dit vir die huisvrou maklik maak om dit te koop.

Ek dink dis spinasie wat stokoud is en reg aan die einde van die seisoen gepluk is toe dit nie meer bemarkbaar was nie. Ek ken 'n hamermeule: jy kan enigiets daarin gooi en dit kom fyn aan die anderkant uit.

Maar fyn spinasie is nog nie lekker spinasie nie: Harvestime-spinasie is die variëteit wat Nebukadneser geëet het.

KC


HARRIDANS RESTAURANT

by die Mark-Teater

Ons is oop
Dinsdag tot Vrydag
vir
middag- en aandete
Saterdae
slegs aandete

Mark-Teater
Breëstraat, Newtown

Telefoon 838-69660



Onthou...

Koala Blu Restaurant

bedien besonderse kos uit Suidoos-Asië

Bel vir Eric om uit te vind van die wonderlike jazz Sondagaande:
482-2477/8



Ming's PLACE
Chinese Restaurant
Pleinstraat 100
Johannesburg
Tel: 337-7175

Uitgebreide Chinese en Koreaanse à la carte-spyskaart sowel as die enigste Chinese buffet in Suid-Afrika.
Parkering beskikbaar indien dit saam met die bespreking gereël word

HAKKAS

CHARLES LEONARD

# Fortysomething ofte nie, Young bly jonk

### Live - Green on Red (8)

Gewone langspelers het 'n deursnit van so om en by 30 cm. "Live" is 'n fraai mini-langspelertjie met 'n 25 cm-deursnit. Vir dié beperkte aantal (my "Limited Edition"-nr is 2480) oulikgeitjies betaal jy R45, maar voor jy, liewe leser, rooi sien of groen om die kiewe raak, kan ek jou gerusstel dat dit meer as die geld werd is. Hoes gerus daai rooie.

Die agt snitte op "Live" is op 7 April vanjaar lewendig in die Town and Country Club in Londen opgeneem. Wanneer jy daarna luister, klink dit presies soos toe Green on Red dit gespeel het op dié warm someraand. Daar is geen "overdubs" of heropnames gemaak nie.

Saam met dié inligting sê die aantekeninge op die omslag: "Welcome to Dan Stuart's worst nightmare ..."

Dié nagmerrie is selfs erger as Pik se Geheime Boodskappe in Namibia-nagmerrie. Die plaat is aan die einde van 'n Europese toer opgeneem wat van begin tot einde met rampe besaai was.

Daar was probleme met ontploffende trokke, storms in die kanaal, prokureurs, likwideerders, onafhanklike platemaatskappye, huishoudelike sake, oproer in Italië, verkeersknope in Duitsland, die polisie in Griekeland, die Mafia in Sardinië, gesteelde toerusting en vals kitare ... en toe verlaat die tromspeler die groep. Dit alles, aldus Green on Red op die omslag van "Live".

Dit verklaar dalk hoekom die plaatjie so deksels duur is.

Dan Stuart en Chuck Prophet is Green on Red. Hulle maak "bar room boogie" - baldadig, uitbundig en met bierskuim om die mond.

Dié jolige lot laat jou aan The Fabulous Thunderbirds, Lynrd Skynrd en selfs die Allman Brothers Band dink as hulle aanjaag op snitte soos 16 Ways en Hair of the Dog. Stuart klink baie soos 'n Neil Young vir wie die son weer helder skyn.

Hul Hank Williams-huldeblyk (?) is regtig snaaks. Hul vraag, "Are you sure Hank done it this way?" laat jou met 'n glimlag saamwonder.

As jy na hul lys probleme kyk, stem jy saam met die groot pienk letters wat op die agterkant van die omslag gedruk is: "Poor ole Dan."

As jy na die musiek luister, dink jy onwillekeurig: "Gelukkige ou ons."

### Freedom - Neil Young (10)

Die huidige groot terugkeer van baie gehawende rock 'n roll-soldate van die fortysomething-brigade stink vir my al te veel na dollar. Hul bydraes tot kontemporêre rockmusiek is so welkom soos 'n vallende brandkluis.

Met die luister na "Freedom" het ek aan die Tweede Wêreldoorlog gedink. Veral aan die jaar wat dit geëindig het, 1945. Dit is ook die jaar toe Neil Young gebore is. Twee groot gebeurtenisse in een jaar.

Om eerlik te wees, moet ek sê dat die twee gebeurtenisse weinig met mekaar te doen het. Wat ek daardeur wou doen, is om op 'n slim (?) manier te sê hoe oud Young is.

Ek kan met 'n jubelende hart aan die baie Young (party is dalk effens ouer)-ondersteuners sê dat hy nie een van die aasvoëls is nie.

"Freedom" is dié ironiese statement van die laat tagtigerjare. Dit vertel die verhaal, op joernalistieke wyse, van stedelike verval, dwelms, misdaad en liefdesbande wat uitgerafel en eenvoudig nie weer verbind kan word nie.

Dit is 'n kragtige musikale toebroodjie tussen 'n akoestiese en 'n elektriese snit van Rockin' in the Free World.

Crime in the City laat jou dink aan Dylan op sy venynigste. Young neul dié straatstorie uit met 'n vinnige akoestiese kitaar, knaende tromme en 'n saksofoonaanval in sy stert.

Don't Cry is een van die vernietigendste post-liefdesliedjies wat ek nóg gehoor het. Dit is soet soos 'n liter asyn, salwend soos traangas in jou gesig en sag soos spykers in jou hart.

Die liedjie begin met 'n gevaarlik-meesleurende baskitaar. Young sing met 'n onheilspellende wiegeliedstem "Don't cry my sweet girl/ Nothin' I said is written in stone/ Don't cry my sweet love/ You won't really be alone".

Hy gee alleen sy pyn en desperaatheid weg as hy in die koor met 'n skreeuende kitaar en donderende baskitaar en tromme ontplof "My sweet love!".

En dan is die herhalende baskitaar terug as hy vir sy gewese geliefde sê: "Your disappointing eyes/ Are haunting me like my big lies."

Don't Cry eindig met 'n apokaliptiese feedback-kitaar en Young wat bittersoet probeer gerusstel "You won't really be alone."

Ek was na dié snit gedreineer, maar ook verstom oor die briljantheid daarvan.

Hangin' On a Limb en The Ways of Love is twee folk-snitte waarop Young en Linda Ronstadt wys hoe 'n mens eintlik moet harmoniseer.

Eldorado is nog 'n ironiese titel - 'n dorp waar koeëls harte deurboor, "senoritas" wat stil by 'n put huil, 'n vullishoop in die straat, geld wat vinnig hande verwissel en 'n matador wat die bul doodmaak en nog 'n dag oorleef.

Met Someday kuier hy by Bruce Springsteen op dié se meesterlike "Born To Run".

The Drifters en George Benson het albei weergawes van On Broadway gedoen: onderskeidelik romanties en entoesiasties.

Young keer dit om en laat die musiek eindelik by die lirieke pas - op straatvlak, waar dit hoort. Hy gaan nog verder met dié harde werklikheid: "On Broadway/ Give me that crack."

Too Far Gone se titel vertel die storie. Dit is 'n country-rocker waar die dwelmperd die moderne cowboy al lankal afgegooi het.

Al wat ek meer kan sê: gaan koop die plaat. Dit is een van die plate van die dekade.



Die mens wat tweede was in die André Letoit "look alike"-kompetisie - Neil Young.

### The Sensual World - Kate Bush (9)

"World Music" het tot in ons land nou al sy eie rak in op en wakker platewinkels begin kry. Waar die naam vandaan kom, is ek nie seker nie.

Wat ek wel weet, is dat dit die afgelope paar jaar veral in Europa begin gewild word het.

Om dit negatief te definieer sal die maklikste wees: Nie-westerse musiek. In Q Magazine word dit baie raak beskryf as "die voorsiening van nuwe klanke vir 'n verveelde kultuur".

Kate Bush het besluit om haar musiek 'n vars inspuiting met World-musiek te gee en sy slaag inderdaad baie goed daarmee.

Die musiek op "The Sensual World" vermy gelukkig die esoteriese slaggate waarin lomp Westerlinge so maklik val as hulle met World peuter.

Op die oor af is Bush se musiek strelend, maar haar komposisies is sterk en gaandeweg verlei sy jou met verskuilde sensuele plesiere op onverwagse plekke.

Sy wys haar Ierse wortels deur Uileaanse pype en ander tradisionele instrumente te gebruik.

Op drie van die snitte het sy die fenomenale Trio Bulgarka, 'n vroue sanggroep van Bulgarye, gebruik.

Die beste snit is ongetwyfeld Rocket's Tail waar die ongewone kombinasie van die Trio, haar vriend Dave Gilmour se elektriese kitaar en Bush se eie klawerborde en vokale gimnastiek sorg vir 'n musikale fantasie.

'n Verrassende gas is die nuwe klassieke virtuoos, Nigel Kennedy, wat met sy viool 'n verdere dimensie aan 'n ryk plaat gee.

Ek moet deur mistige oë erken, Kate Bush het my verlei.



Nog Young



Ronel Kriel, wat onlangs 'n Vita-prys as beste ondersteunende aktrise op die Afrikaanse verhoog gekry het, is hier saam met Pieter Brand te sien in Pieter Swanepoel se sjarmante toneelstuk "Dalk". Dié subtiele werkwinkelproduksie van die vindingryke regisseur Ilse van Hemert is laasjaar met 'n Randfees-prys by die Kunstefees op Grahamstad bekroon. Die derde karakter in die stuk word deur André Odendaal vertolk, ook 'n Vita-wenner. Tot 25 November in die Momentum, Staatsteater Pretoria, en van 29 November tot 9 Desember in die Dalro by Windybrow.


Jameson's
95A COMMISSIONER ST. JHB

Vry, Sat, Son

Dins, Wo, Don

Steve Newman en Tananas

Tel: 836-6002/838-1769



TRUK TONEEL

**DALK**

Deur Pieter J Swanepoel
Regie: Ilse van Hemert
*"Verfrissende eenvoud" - Star*
Staatsteater, Pta: tot 25 Nov

**ANTJIE SOMERS AND I**

deur Harry Kalmer
Regie: Jacqui Singer
*"Ek kan net 'rave'" - Transvaler*
Windybrow, Jhb: tot 25 Nov

**STILLE NAG**

Geskryf en geregisseer deur
DEON OPPERMAN
Staatsteater, Pta: tot 2 Des

# As mense maar die harte van adders gehad het

NET voor 'n slang begin vervel, word sy oë so melkerig soos maanstene. Die ou vel begin by die kop aftrek, en na 'n paar kronkels lê die spookagtige ding leweloos in die gras. Dié dat die oumense geglo het slange leef vir ewig.

'n Mens hoef net 'n bietjie op TV te kyk hoe adders saamleef om die mensdom in perspektief te sien. Dankie M-Net.

Wanneer die adder-mannetjies baklei, doen hulle dit sonder om mekaar te pik of seer te maak. Dit lyk inderwaarheid so mooi dat die ou mense in hul bygeloof dit slangdanse genoem het.

En wanneer die wen-mannetjie en die wyfie nou rustig by mekaar is, lek hy haar totdat sy lus word vir hom.

## Gek en in doodsgevaar

Onder die mense gaan dit anders. M-Net wys 'n dokumentêr uit Duitsland waarin 'n juffroutjie wat die oudste beroep ter wêreld beoefen, driftig vertel van kliënte wat van 'n ekstra velletjie niks wil weet nie.

Sy sê hulle is gek, want behalwe dat hulle haar Aids kan gee, moet hulle mos dink dat sy hulle Aids kan gee. Blykbaar is die doodsgevaar deel van hulle plesier.

## Merk van die bees

Hoe verskriklik bang 'n man vir vrouens kan wees, was ook duidelik uit die verhaal van die Australiese verkragter, ook op M-Net. Hy moes hulle bespied, by hulle huise inbreek, hulle met 'n mes dreig en vasbind voor hy veilig gevoel het.

Maar sy storie het eintlik daaroor gegaan dat die owerhede nie die merk van die bees op ons voorkoppe hoef in te brand nie - dis klaar in elke sel.

Die selle wat hy by sy veertien slagoffers gelaat het, is ontleed, en die polisie het die man se DNA-patroon gekry.

Toe weier hy - grondwetlik heel korrek - om sy bloed te laat toets sodat sy DNA-patroon (uniek vir elke mens in 'n 100 miljoen) vergelyk kan word met die selle wat hy agtergelaat het op die misdaadtonele.

Hy is uiteindelik vasgetrek deur 'n vergelyking van sy vrou en sy dogter se DNA-patrone.

## Rebelse Coco

Um ja, "Al wat agterbly van 'n vrou is haar geur," sê Chanel se Jacques Polge, skepper van die rebelse geur Coco die anderdagmôre.

As sy Coco dra, sal daardie geur bestaan uit 'n lae houterige noot: sandaalhout; spesery-agtige middelnoot: amber en blomme; en 'n hoë noot: 'n vrugtige nartjie. Nou praat ons!




Victor Munnik

## Lesotho

Nog 'n onvergeetlike vrou is die mollige tannie van Lesotho op TV3 wat week na week deur diepe waters gaan. Sy is al saam met haar vaal mannetjie uit die dorp gejaag, en al haar hoenders is uit die hut gesteel.

Hierdie keer is haar hele trop beeste uit die kraal gejaag deur twee skelms wat die mense se aandag afgetrek het deur die veld aan die brand te steek. Dit was 'n gesig om te sien hoe sy deur die leë kraal strompel en ween en weeklaag.

Dan word sy nog gekwel deur 'n giggelende toordoktertjie, wat so nou en dan 'n dwarsklap van haar kry, maar die meeste van die tyd blykbaar opmerkings maak.

Of hierdie bygelowige tranedal uit die volkseie kom, weet ek nie, dit lyk nie so aan die erkennings aan die einde nie. Maar wie weet, dalk skryf 'n Chinees Dallas.

## Generaal bra Lucky

So van vreemde invloede gepraat, die Ethiopiese gemeenskappie in die Transvaal is besig om sy plek vol te staan op die plaaslike musiektoneel. Dié keer met generaal Lucky Dube in 'n hele program op TV2. Die generaal dra sommer sersantstrepe op sy bene, want daai bene wil net nie stilstaan nie.

Die generaal het die treffers laat rol en ek kon nie wegzap nuus toe nie (nie eers om te hoor hoe die oubaas die regse basies voor stok gekry het nie).

Dit was net "I've got Jehovah", "Born to suffer" en hierdie reguit nommer: "Too many people hate apartheid, why-y-y-y do you like it?"

En terwyl ons van generaals praat, hoekom is generaal Bantu Holomisa so swak belig nadat hy met kolonel Pik Botha gepraat het?

# Visuele vormtaal boei die emosies

Johan Bruwer

JOACHIM SCHÖNFELDT se jongste tentoonstelling in die Mark-kunssaal in Johannesburg bestaan, as mens die titel uit Engels vertaal, uit "Kunsvoorwerpe (curios) en ware kunswerke". Die "curios" kan ook vertaal word as "kuriositeite" of "rariteite".

Met dié titel gee Schönfeldt self 'n eerlike waardering van sy tentoonstelling. Die werke kan inderdaad verdeel word in "kunsvoorwerpe" - dekoratiewe stukke wat geen emosionele of inhoudelike wisselwerking met die kyker teweegbring nie - en beeldende kunswerke: werke met 'n evokatiewe visuele taal wat 'n emosionele respons by die kyker wek en op 'n simboliese vlak subjektief met hom "gesels".

In die beskilderde houtreliëfpanele en skilderye op gebosseleerde papier gebruik Schönfeldt 'n diere-simboliek wat aansluit by sy houtbeelde "The Love of the Cowherd" en "The Good Cowherd" waarmee hy verlede jaar 'n Vita-kwartaalprys in Johannesburg gewen het. In dié beelde het hy die leeu en die bees gebruik om menslike eienskappe te suggereer - die leeu as 'n teken van krag, leierskap en waardigheid; en die bees as teken van weerloosheid en gedienstigheid.

In die huidige tentoonstelling bring Schönfeldt nog twee "simbole" ter sprake: 'n pou en 'n arend. Dié figure kan ook subjektief vertolk word as aspekte van 'n mens se persoonlikheid - ydelheid en trots, of waaksaamheid? Klaarblyklik verwys Schönfeldt na aspekte van sy eie persoonlikheid, want die tentoonstelling het 'n outobiografiese element: sommige titels verwys byvoorbeeld na Italië, waar die kunstenaar pas 'n paar maande vertoef het.

Dis egter net in die skilderye op papier - verwerkings van Schönfeldt se twee groot houtbeelde van verlede jaar - dat die dierefigure 'n toeganklike simboliek vir die kyker het en op duidelike, ekspressiewe wyse as menslike personae aangebied word. In die houtreliëfpanele bly die pou, leeu, bees en arend obskure tekens met 'n geslote, persoonlike simboliek, sonder komposisionele leidrade waarvolgens die kyker hulle kan "lees".

In die reliëfpaneel "Keetmanshoop, Venezia, Johannesburg and Windhoek" word die plekname as byskrifte aangebring by sirkelvormige, geskilderde "portrette" van, onderskeidelik, 'n pou, 'n leeu, 'n bees en 'n arend. Dié plekname en beelde het vir Schönfeldt op 'n outobiografiese vlak waarskynlik 'n simboliese verbintenis met mekaar - maar hoe moet die kyker dit "lees"?

Wat 'n mens sien, is 'n "kuriositeit" - vier dekoratiewe sirkels waarin die dier- en voëlbeelde in die kitsch-styl van toeriste-aandenkings geskilder is. Vir die kyker bly dit bloot kitch afbeeldings van diere en voëls. Die werk het geen ruimtelike spanning of komposisionele suggestiwiteit wat 'n mens emosioneel betrek nie.

Die dekoratiewe klem op die tweedimensionele vlak, die staties herhalende liniêre ritme van die sirkels en die spanninglose simmetrie van dié werke kenmerk dit - soos die reliëfpanele "Farewell Luca, Venezia, Castello and Grand Canal" en "Nonquase" as "kunsvoorwerpe", eerder as "ware" ofte wel "beeldende" kunswerke.

'n Groter "beeldende" trefkrag word bereik in reliëfpanele soos "Windhoek", "Sunflower", "Zinc Plate" en "Lazy Reverse S" - vir my die hoogtepunte op dié effens serebrale tentoonstelling. In dié panele bly die diere- en voëlfigure steeds staties geslote en obskuur as simbole (behalwe vir "Sunflower", waar die bees met lewenskragtige kleurstippels getekstureer is om die energie van die son te suggereer).

Maar dié werke is uitgedruk in lewenskragtige visuele vormtaal met 'n selfstandige ekspressiwiteit wat die kyker nie net verstandelik nie, maar ook emosioneel boei. In "Zinc Plate", byvoorbeeld, werk die "sinkplaatriffels" oor die houtoppervlak, die asimmetriese gate in die hout en die fyn gesnyde "energiegolwe" almal saam in kontras met die oorspronklike platheid van die paneel om 'n gespanne ruimtelike gebeurtenis te skep. 'n Mens word vasgenael deur die illusie van konstante beweging, vasgevangde energie.

In dié werk, soos in die meesleurende "Windhoek", is die obskure simboliek van die dier- en voëlfigure vir die kyker bysaak. Die eintlike onderwerp wat 'n mens boei, is die dinamiek van die komposisie self, die digterlike omskrywing van ruimtelike energie wat die oorspronklike plat houtvlak ontken. Miskien moet Schönfeldt hom 'n ruk uitsluitend op nie-figuratiewe kuns toelê. Sodoende kan hy verseker dat die simboliek van sy werk uit die visuele vormtaal voortvloei, eerder as dat letterlike simbole opgeneem word in 'n visuele vormtaal wat hulle nie verduidelik of onderskraag nie.

# Só vind die lanies ook uit

**LAVENDER HILL BLUES**
**Regie: Itumeleng Wa-Lehulere**
**In die Baxter Studio.**

Arnold Blumer

DIE spelers is almal gemeenskapswerkers in Lavender Hill, 'n eufemisme vir een van daardie sanderige monumente ter ere van die mislukking van apartheid wat na die verwoesting van Distrik Ses tot stand gekom het.

Dit gaan dan ook daaroor in die stuk: die lyding, die verwoesting, die verskeuring wat deur so 'n gedwonge verskuiwing oor 'n gemeenskap gebring word. "Wie wil dan altyd buite gaan kak?" vra een van die karakters.

Die ander tema wentel rondom die organisasie van 'n protesoptog teen verhoogde huishuur, en dit beteken moontlike polisie-optrede.

Opmerklik hoe baie daar aan die begin gelag is en hoe die gehoor teen die einde al hoe stiller geword het. Dit het ook iets met die struktuur van die stuk te doen: vergange leed is ver genoeg verwyder om daaroor te kan lag, maar polisie-optrede is nog met ons en geensins lagwekkend nie.

Dit is jammer dié tema is nie beter ontgin nie. Die stuk val daardeur halfpad so 'n bietjie uitmekaar. Daar is egter heelwat pittige Afrikaanse sêgoed soos: "Ek het amper onder 'n sandkombers gelê" vir "ek is amper dood".

Die spelers, synde amateurs, kom nie altyd die mas op nie, maar dis ook nie hulle bedoeling nie.

Hulle wil bewuswordingsprosesse aan die gang sit en daarom is die Baxter miskien nie juis die geskikste plek nie.

Die liberale Engelse establishment is mos ver bo enige bewuswording verhewe.

Of is dit juis daarom dat The New World Theatre Company besluit het om Baxter toe te trek: om vir die lanies te wys wat werklik aangaan? Al is dit ook net met (nog) onvoldoende artistieke middele.


dié week by die
**MARK-TEATER**

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm
**SMALLHOLDING**
Deur Paul Slabolepszy
WEEKLY MAIL SE BOEKWEEK TOT 18 NOV 8nm

UPSTAIRS-TEATER
**DIARY OF A MADMAN** - Gogol se dagboek van 'n malle. Regie deur Karoly Pinter. Met Ron Smerczak.
Ma tot Vry: 8.15nm, Sa 6.15nm & 9.15nm

DIE LAAGER
**SOMDAKA** - deur Gcina Mhlope
Ma tot Sa: 8.30nm. Sat: 6.15nm & 9.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK
**ANOTHER JEREPIGO** - Di tot Sat: 8nm. Son: 6nm
AKISS ON YOUR KOEKSISTER - deur Pieter-Dirk Uys - Di tot Vry 11nm. Sa: 3nm & 11nm. So: 9nm

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
**Thandi Klaasen sing die blues**

MARKGALERYE
Groot Galery
'n Keramiekuitstalling deur die Kunsstudente van die Wits Technikon
Klein Galery - Joachim Schönfeldt se "curios en ernstige kunswerke"

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040
Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm.
Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9.00 vm tot 4.00 nm.



787-7987/4

**ONDER**
Vry : Delia Layton
Sat : Neil McNullen
So: Larry Amos and the Naughty Boys
Di: Colin Shamley
Wo: Tima
Don: Delia Layton

**BO**
Vry: Zenn Wat
Sat: Zenn Wat
Di: Pool Competition
Wo: Reggae
Do: Diamond Dogs

BISTRO, KROEG EN BILJARTKAMER
Crossroads-sentrum, Hendrik Verwoerd-rylaan, Randburg
787-7987/4

# Paul Slab nou 'n Boere-Rambo-Lear

**Die dramaturg/akteur Paul Slabolepszy se jongste stuk, "Smallholding" (onder regie van Bobby Heaney), kry landwyd groot lof. ANDREA VINASSA en KOOS PRINSLOO het met Paul gaan praat kort voor die stuk se Johannesburg-speelvak by die Mark-Teater open.**

HY was "totally woes" en lelik regs toe hy op hoër skool die eerste keer met 'n rugbytoer in Johannesburg kom, vertel Paul Slabolepszy.

Saam met die ander seuns in die bus het hy die vroue van die Black Sash met lemoene gegooi. Hulle het op die sypaadjie staan en betoog, "Free Black Education"-plakkate in die hand. Dit was in die laat sestigs.

En dit gaan steeds woes, want sy jongste drama, "Smallholding" - waar 'n wit meisie op die kleinhoewe 'n verhouding het met 'n stom swartman - was wel 'n rasende sukses op Grahamstad (en in die Kaap en Durban), maar hulle open oor 'n paar dae in die Mark-Teater, die stuk moet nog hegter en die karavaan pas nie op die verhoog nie. So, miskien moet Mannie Manim (bestuurder by die Mark), maar net daardie simpel pilaar op die hoofteater se verhoog afsaag.

Daarom dat Paul Slab ook so vinnig praat, sluk aan koffie uit 'n skuimplastiekglas en nie tyd kry om te hap aan sy broodrolletjie nie.

Hy was in Messina op 'n gemengde Engels/Afrikaanse skool en is toe kosskool toe op Pietersburg. Op 18 het hy die eerste keer voet uit "HNP-territory" gesit, as lid van 'n Noord-Transvaalse rugbyspan. (Hy is in Engeland gebore, maar het as 3-jarige kleuter saam met sy ouers Witbank toe gekom.)

Die grap is dat hy na skool UCT toe is en nog goed geglo het soos "swartmense se breine is kleiner as dié van wittes"!

Sy bewustheid was "zilch", sê Paul. Ook daarom word die regse karakters in sy stukke simpatiek uitgebeeld. "Hulle kan nie blameer word nie. Dit is afsondering wat engheid laat gedy."

En dis waarom hy gekant is teen die kulturele boikot.

"My hart is nog in die platteland. Die mense is warm en die enigste ding wat daardie blindheid veroorsaak, is afsondering. Daar is 'n klomp mense wat wag om oopgemaak te word."

Hy het betrokke geraak by drama omdat hy 'n sportomroeper wou word. "Charles Fortune en so." Hulle moes dramaskool toe om mikrofoontegniek te leer en daar het hy vir die eerste keer 'n toneelstuk gesien. Hy beduie: 'n hele wêreld het vir hom oopgegaan. Van toe af het toneel sy lewe geword. Hy het selfs 'n jaar gedop omdat hy in elke moontlike stuk gespeel het.

In 1972 het hy die Space-Teater in Kaapstad help stig en saam met John Kani gespeel. "Ek is by die diepkant ingegooi in terme van werk met swartmense en daardie vooroordele het by die venster uitgevlieg. Dit was vir my toe skielik heeltemal natuurlik."

Ná tien jaar van toneelspeel het hy weer begin skryf, soos op skool toe hy naarstigtelik stories gemaak het van alles wat gebeur.

"Renovations" was sy eerste stuk, gegrond op sy verhouding met 'n "gekleurde" vriend met wie hy 'n huis gedeel het. "As studente is ons saam Hofmeyer-Teater toe. Destyds in Kaapstad, jislaaik, was swart en gekleurde ouens nie in teaters toegelaat nie. Ons het gemaak of Vince Portugees is." En soms het hy ingekom. Soms nie.

Daarna het hy "The Defloration of Miles Koekemoer" geskryf, vir Richard E. Grant die naamrol. Dié Richard E. Grant van "Withnail and I"-faam.

Sy verwysingsraamwerk was nog altyd buite die stad. Wanneer hy skryf, krap hy rond in sy Witbank-dae. Die vriende in Iskor se sokkerspan. Dis waar "Saturday Night at the Palace" vandaan kom en nou "Smallholding", waar die patriargie sterk aangespreek word.

Paul vertel hoe sweet sy hande as hy 'n polisieman sien. "Dit kom uit my ervarings met gesag. As daar 'n reël is, moet jy daarby hou. En dis so diep gewortel." Hy dink die vrou is die enigste een wat dié beginsel kan versag.

Jy skryf as buitestaander oor Afrikaners dus?

Nee, dis die wêreld wat hy goed ken: Witbank, Pietersburg, Messina. Tot op 19 was hy deel van wat nou KP/HNP-gebied is.

"Smallholding" het ontstaan ná die '87-verkiesing toe die regses die amptelike opposisie geword het. Hy het die beeld van 'n kleinhoewe gehad met 'n patriarg, Pa (Slabolepszy), 'n dogter, Evie (Kate Edwards), wat nie wil luister nie en 'n verhouding het met stom Gideon (Louis Seboko) wat daar werk, en JJ (Martin le Maitre), enigste van sy drie seuns wat oor is. (Een is dood op die grens en die ander Australië toe).

"SA word toe die kleinhoewe met hierdie patriarg wat dink hy is die baas van die plaas, maar hy is nie. Ek noem hom 'n Boere-Rambo-Lear."

Daar is soveel wat in die land aangaan waarvan ons nie weet nie, sê Paul. Toe skep hy Christiaan (Nicky Rebelo), 'n ou wie se motor sonder brandstof gaan staan en op die kleinhoewe afkom wat hy nooit geweet het bestaan nie. Hy is ook die verteller in die stuk. Soos hy vertel, skep hy die stuk. Daarom kan hy ook aan die storie verander. Alles gebeur in sy kop. Dis amper 'n droomwêreld met gekleurde liggies, 'n geestelike hartland. Op die ou end is die stuk in die gehoor se hande.

Dis 'n baie eenvoudige storie. Die patriarg praat aanhoudend met sy Engelse vrou, maar sy is weg - net 'n klomp as in 'n stormlantern. Die dogter aard na haar. "Evie is die siener. Sy is die saambindende faktor."

Maar Pa het nog nie daardie stap geneem nie, sê Paul. "Dit is die tragedie van die stuk. Hy sê: 'Ek skree, maar niemand luister na my nie. My land is nie meer my land nie.'"

Paul vat aan sy wit baard wat hy gekweek het vir die rol. Sy dogtertjie wil nie meer hê hy moet haar by die kleuterskool aflaai nie, want die ander kindertjies dink hy's haar oupa, sê hy met 'n laggie en vat gou 'n hap van sy broodrolletjie. (Die rol van die byna 50-jarige Pa is vir Marius Weyers geskryf, maar met al die "Weissdorns en dinge" was Marius nie beskikbaar nie.)

Gideon, die swart karakter, is stom - deur 'n hond aan die keel gebyt toe hy klein was. Slabolepszy is bang om geforseerd voor te kom. 'Ek kan nie vir Gideon praat nie.'

"Pa het hierdie droom oor 'n wit Mercedes met getinte ruite en lugreëling. 'n Blonde ou klim uit. Hy lei hom na sy dogter, hulle trou en hy neem die hoewe oor en bou dit weer op. Wanneer Cristiaan aankom, besef Pa dit is Evie se laaste kans...

Dan is daar twee eindes, waarvan die regisseur Dieter Reible nie hou nie, al is hy omgeboul deur die stuk. Paul speel self nog met die finale beeld waarmee hy die gehoor laat.

Die mengsel van fantasie en werklikheid is belangrik in die stuk.

"Dit raak basies instinkte oor die land en liefde vir die land en familiestrukture."

Daar is ook allerhande soorte allegorieë: die pa wat nie die stukkie grond vir sy seun wil gee nie omdat hy 'n misoes is. As hy sy sin kan kry, sal hy al die "oaks" wat moeilikheid maak, afskop en die plek met doringdraad omhein.

In die Kaap het party mense wat die Nico Malan-Teater boikot, gaan kyk na die stuk. Ander het nie. Die administrateur van die Kaap was ook daar en die papaja het die waaier getref. "Hy was woes." Was die stuk in Afrikaans, was dit van die planke af.

'n Herbore Christen het ook kom kyk en gesê die stuk is van Bo geskryf, want die karakter Christiaan vergestalt die Verlosser wat alles kom regmaak.

"Wat ek probeer sê, is dat dit nie so sleg is soos ons dink nie. As jy toelaat dat dinge gebeur, kom die einde van die wêreld nie. Moenie bang wees nie. Wees oop."

Paul sluk die laaste hap brood met 'n laaste mondvol koffie af, en dan is dit terug verhoog toe om daardie verduiwelse pilaar te gaan afsaag...

*** "Smallholding" open Dinsdag, 28 November om 8 nm. Kaartjies vir 'n voorskou ten behoewe van die Black Sash, Donderdag, 23 November, is teen R20 (wyn inkluis) beskikbaar soggens by Debbie (011) 403-2914 of saans by Julia (011) 726-6875.**



**"My hart is nog in die platteland," sê Paul.**

*Foto: Andrea Vinassa*



**Paul Slabolepszy as Pa in 'n toneel uit "Smallholding".**

## TEATER

### JOHANNESBURG

Ray Novak is te sien in REVELATION, 'n eenmanstuk by die Intimate-Teater. Tye: Daagliks om 8nm en Saterdae om 6 en 8nm.

Dan Sebogodi is in PLACE OF STONES by die Trustbank Arena, Windybrow te sien. Gebasseer op die dagboek van Sol Plaatje. Tye: Maandag tot Vrydag om 8nm en Saterdae om 6nm. Tot 18 November.

By die Mark se Upstairs-Teater is Gogol se DIARY OF A MADMAN, verwerk deur Karoly Pinter, te sien. Met Ron Smerczak. Tye: Daagliks om 8nm en Saterdae om 6.15 en 9.15nm.

ANTJIE SOMERS AND I, 'n tweetalige stuk deur Harry Kalmer met regisseur Jacqui Singer is tans by die Dalro-Teater, Windybrow te sien. Tye: Daagliks om 8nm.

ANOTHER SIP OF JEREPIGO met Patrick Mynhardt is by die Markteater se Warehouse te sien. Dinsdag tot Saterdag om 8nm en Sondag om 6nm.

Pieter Dirk-Uys se A KISS ON YOUR KOEKSISTER, geregisseer deur Janice Honeyman kan by die Mark se Warehouse gesien word. Dinsdag tot Vrydag om 11nm. Saterdag om 3 en 11nm en Sondae om 9nm.

SO WHERE TO? deur die Sibikwa-spelers is tans in die Laager by die Markteater te sien. Weeksdae om 8.15nm en Saterdae om 6.15 en 9.15nm.

Black Sun: (Louis Bothalaan, Orange Grove). ABSOLUTELY ICEBOX met Chetanya Alexander en Martin Smit is elke Dinsdag, Donderdag en Saterdag om 10.30 te sien. APPARENTLY...OR SO I HEARD is drie monoloë deur Nicky Rebelo wat deur Jennifer Steyn opgevoer word. Open Donderdag om 9.15nm. TELL TALE HEART, bangmaakstories van die eksentriese skrywer en digter Edgar Allen Poe, word elke Woensdag, Vrydag en Sondag laataand deur Li Newman opgevoer. EDMOND deur David Mamet, met Robert Colman, Zane Maes, Dan Robbertse, Megan Wilson en Melinda Ferguson. Tye: Dinsdag tot Sondag: 8.15nm. Kyk wat wys by die nuwe CINE SUN onder films.

Pieter Toerien bied aan: AIN'T MISBEHAVIN' met Sam Marais en Natalia Da Rocha open Saterdagaand om 9-uur by die André Huguenet. M. BUTTERFLY by die Alhambra-Teater, met Sean Taylor en Jeremy Crutchley. Maandae tot Vrydae om 8nm en Saterdae om 5.45 en 9nm. Tobie Cronje kan by die Leonard Rayne-Teater in PIANO MAN gesien word. Dinsdag tot Vrydag om 8.15nm en Saterdae om 6 en 9nm.

### PRETORIA

TRUK se CAMELOT met Michael Richard, Kate Normington en Robert Finlayson is by die Staatsteater te sien. Voorskoue: 24 Nov om 6nm en 25 Nov om 6 en 9nm en 27 Nov om 8nm. Open 29 November om 8nm. Tot 30 Desember.

### KAAPSTAD

Baxter-Teater, Mainstraat: Hoofteater: A WALK IN THE WOODS deur Lee Blessing en met Michael Atkinscn en Michael McGovern is tot 30 November te sien. In die Studio kan LAVENDER HILL BLUES word aangebied deur die Gemeenskapsteater en duur tot 18 November. Tye: Maandag tot Donderdag: 8.15 en Vrydag en Saterdag: 6.15 en 9.15nm.

Nico Malan, Strandgebied: Barry Ronge se WHEN MOVIES WERE MOVIES, 'n musikale revue is in die Teater te sien tot 18 November. Elke aand om 8.15nm en Saterdae ook om 2.30nm. SUPPER WITH GERSHWIN kan in die Opera-voorportaal ook tot 18 November gesien word.

Theatre on the Bay, Kampsbaai: WE AND THEM with Lena Ferugia tot 2 Desember, daagliks om 8nm te sien.



Thandi Klaasen en haar jazz-orkes kan tot 26 November by Kippies, Newtown gehoor word.

## MUSIEK

### JOHANNESBURG

**Jameson's Bar,** Commissionerstraat: Een van die laaste buiteposte van "live 'n local" musiek. STEVE NEWMAN EN TANANAS speel vanaand en Saterdagaand.

**Roxy Rhythm Bar,** Mainstraat, Melville: Vanaand: AFRICAN JAZZ PIONEERS. Saterdag: JACK'S BAND. Maandag: GREEN - 'n Nuwe groep uit Kaapstad wat glo 'energetic pop-rock' speel. Dinsdag: LITTLE SISTER. Woensdag: FRIENDS FIRST. Donderdag: THE JIVE.

**Kippies,** Mark-Teater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. (Toe op Maandae, die res van die week oop van sewe-uur - en naweke van vyf-uur - tot laat.) Met THANDI KLAASEN en haar 'band' sing en splee jazz tot 26 November.

Rumours, Rockeystraat: 'n Tipiese Rockeystraatse laataand-"joint" vir mense wat soms werk en van jazz hou.

**Late Nite Duke's,** Melville: Laatnag-alternatief vir middel-stedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

**Club Manzattan,** Moletsane, Soweto: Hoër-inkomstegroep disko. Oop van 11 nm. Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Alle soorte musiek.

**Blues,** Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35) se uithangplek.

### KAAPSTAD

**Base:** SAKHILE tree nog 'n week lank hier op, so gaan kyk nou!

**Cafe Royal,** Kerkstraat, Kaapstad: Elke Woensdag- en Donderdagaand en Saterdagmiddag is dit AFTER THE RINDERPEST en ANY DRIVER.

## GALERYE

### JOHANNESBURG

**Kim Sacks-Galery:** Uitstalling van keramiekwerke deur Kim Sacks. Ook werk uit Guatemala, Zaïre en Gazankulu. Tot 16 Desember.

**Sanderling-Galery,** Smallstraat-kompleks: Uitstalling deur Margot Gawith en Erica Berry. Tot 18 November.

**Everard Read-Galery,** Rosebank: Uitstalling van Erwin Christian Lindemann. Tot 24 November.

**Dennis Hotz Fine Art,** Sandton: Uitstalling van 19de en 20ste eeuse moderne kunswerke. Tot 18 November.

**Gallery on the Market,** Newtown: Judith Mason-Attwood se onlangse sketse en skilderye tot 1 Desember.

**Johannesburgse Kunsgalery:** Duitse Ekspressioniste tot 10 Desember. Gerard Sekoto stal tot 10 Februarie uit.

**Passe Par Tout,** Houghton Estate: Uitstalling van kontemporêre meubels, antieke afdrukke en etswerke deur Francois du Plessis, Sue Bain, Sharon Trickette en ander.

**Karen McKerron-Galery,** Bryanston: Diana Graham en Annette Loubser stal saam tot 6 Desember uit.

**Mark-Galery,** Newtown: Joachim Schönfeldt stel nuwe werk wat hy in Venesië gemaak het, ten toon.

**African Magic:** Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.

**Zona.** Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg.

### KAAPSTAD

**Baxter-Galery:** Eenmanuitstalling deur Louis Jansen van Vuuren van die Michaelis-Kunsskool. Tot 18 November.

**Art Scene,** Seepunt: Gemengde uitstalling van skilderye, keramiek en glaswerk.

**Gallery 709,** Adderleystraat: Verskeie beeldhouwerke en skilderye deur plaaslike en internasionale kunstenaars van onder andere: Robin Mann, Pieter van der Westhuizen, Naama Nothmann, Ann Linsell-Stewart, Lukas van Vuuren en andere.

**Cape Gallery,** Kerkstraat 60: Uitstalling van objekte, waterverfwerke en grafiese kuns deur Mollie Townsend open 30 Oktober. Tot 18 November.

**Kunskamer,** Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.

**Gallery International,** St Georges-sentrum: Algemene uitstalling.


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 17-23 NOVEMBER. BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO CITY 1-8 CLAIM STREET 23-5871
SCANDAL John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
COOKIE Peter Falk, Dianne Wiest (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE SIEGE OF FIREBASE GLORIA Wings Hauser, R. Lee Ermey (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HALLOWEEN 4 Danielle Harris, Ellie Cornell (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE JANUARY MAN Kevin Kline, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PINK CADILLAC Clint Eastwood, Bernadette Peters (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 1015
AND GOD CREATED WOMAN Rebecca de Mornay, Frank Langella (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE DREAM TEAM Michael Keaton, Peter Boyle (2-10) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

HYDE PARK METRO 447-3091
SCANDAL John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
COOKIE Peter Falk, Dianne Wiest (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BALFOUR PARK METRO 887-8548
DEAD POETS SOCIETY Robin Williams (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10,15
LETHAL WEAPON 2 Mel Gibson, Danny Glover (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

ALBERTON METRO 907-2362
LETHAL WEAPON 2 Mel Gibson, Danny Glover (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DEAD POETS SOCIETY Robin Williams (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10,15

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
THE JANUARY MAN Kevin Kline, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
DEAD POETS SOCIETY Robin Williams (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10,15

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
PET SEMATARY Dale Midkiff, Denise Crosby (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SCANDAL John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 PINK CADILLAC Clint Eastwood, Bernadette Peters (A) MON-FRI: 6.00, 8.30, SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 TWO MOON JUNCTION Sherilyn Fenn, Richard Tyson (2-19) MON-FRI: 6.00, 8.30, SAT: 2.30, 6.00, 8.30

HILLBROW METRO 724-2511 1-7 (Parking in basement)
DEAD POETS SOCIETY Robin Williams (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10,15
SCANDAL John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE SIEGE OF FIREBASE GLORIA Wings Hauser, R. Lee Ermey (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROADHOUSE Patrick Swayze, Kelly Lynch (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
COOKIE Peter Falk, Dianne Wiest (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HALLOWEEN 4 Danielle Harris, Ellie Cornell (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BETRAYED Tom Berenger, Debra Winger (2-19) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

BEDFORDVIEW METRO 616-6828 1-6
SCANDAL John Hurt, Bridget Fonda (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BETRAYED Tom Berenger, Debra Winger (2-19) DAILY: 9.30, 12.0, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
HALLOWEEN 4 Danielle Harris, Ellie Cornell (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE SIEGE OF FIREBASE GLORIA Wings Hauser, R. Lee Irmey (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
COOKIE Peter Falk, Dianne Wiest (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE JANUARY MAN Kevin Kline, Susan Sarandon (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

RANDBURG METRO 787-0340
BETRAYED Tom Berenger, Debra Winger (2-19) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

7 ARTS NORWOOD 483-1680
THE RAINBOW Glenda Jackson, Sammi Davis (2-19) DAILY: 2.15, 5.30, 7.45, 10.00

SHARE THEATRES 494-1137 1-8 ALL ADMISSIONS R2,50
LETHAL WEAPON 2 Mel Gibson, Danny Glover (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROADHOUSE Patrick Swayze, Kelly Lynch (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BETRAYED Tom Berenger, Debra Winger (2-19) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
HANGMAN Jack La Motte (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
TENNESSEE BUCK David Keith (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
TWO MOON JUNCTION Sherilyn Fenn, Richard Tyson (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
JACK'S BACK James Spader (4-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
TRUCK TURNER Isaac Hayes (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MEGACITY METRO MMABATHO (0140) 2-3553
1 ROADHOUSE Patrick Swayze, Kelly Lynch (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 FLETCH LIVES Chevy Chase, Hal Holbrook (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10 00
2 DEAD POETS SOCIETY Robin Williams (A)
4 THE COMMANDER Louis Collins (2-10)
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10,00. SUNDAY: 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00

CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Cybil Shepard CHANCES ARE Comedy (2-14)



NU METRO THEATRES PRETORIA

OSCAR 341-7682 Jeppe Street, Sunnyside
SCANDAL Sex Drama (2-19) Bridget Fonda, John Hurt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

METRO 44-9867 Esselen Street, Sunnyside
HALLOWEEN 4 Suspense Thriller (2-14) Ellie Cornell, Danielle Harris DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VILLAGE 44-6096
1 When I Fall in Love Romantic Drama (2-16) Timothy Hutton, Dennis Quaid DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
2 LAST RITES Powerful Drama (2-18) Tom Berenger, Daphne Zuniga Daily: 9.45; 12.15; 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MENLYNPARK 47-4568/348-8611 Atterbury Rd., Menlyn Park
1 SCANDAL Sex Drama (2-19) Bridget Fonda, John Hurt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 DEAD POETS SOCIETY A Stirring Drama (A) Robin Williams DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10,15
3 Lethal Weapon 2 Action Thriller (2-18) Mel Gibson, Danny Glover DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 Pink Cadillac Action Comedy (A) Clint Eastwood, Bernadette Peters MON-FRI: 6.00, 8.30, SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 TWO MOON JUNCTION A Sexy Drama — for adults only (2-19) Sherilyn Fenn, Richard Tyson MON-FRI: 6.00, 8.30; SAT: 2.30, 6.00, 8.30

BOOK AT COMPUTICKET



NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 17-23 November

STUTTAFORDS METRO 26-1818 TOWN SQUARE
1 SCANDAL Sex Drama (2-19) Bridget Fonda, John Hurt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 HALLOWEEN 4 Suspense Thriller (2-14) Ellie Cornell, Danielle Harris DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 The Siege of Firebase Gloria Action Thriller (2-18) Wings Hauser, R. Lee Ermey DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

FISH HOEK METRO 82-2404 TOWN SQUARE, MAIN STREET
1 Lethal Weapon 2 Action Thriller (2-18) Mel Gibson, Danny Glover DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 The Siege of Firebase Gloria Action Thriller (2-18) Wings Hauser, R. Lee Ermey DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 DEAD POETS SOCIETY A Stirring Drama (A) Robin Williams DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10,15

SEA POINT METRO 44-7951 MAIN ROAD
1 DEAD POETS SOCIETY A Stirring Drama (A) Robin Williams DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10,15
2 SCANDAL Sex Drama (2-19) Bridget Fonda, John Hurt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 Lethal Weapon 2 Action Thriller (2-18) Mel Gibson, Danny Glover DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 Roadhouse Action Drama (2-19) Patrick Swayze, Kelly Lynch DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BRACKENFELL METRO 901-8100 CHECKERS WAREHOUSE CENTRE
1 Lethal Weapon 2 Action Thriller (2-18) Mel Gibson, Danny Glover DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
2 The Siege of Firebase Gloria Action Thriller (2-18) Wings Hauser, R. Lee Ermey DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
3 Roadhouse Action Drama (2-19) Patrick Swayze, Kelly Lynch DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
4 DEAD POETS SOCIETY A Stirring Drama (A) Robin Williams DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10,15

OSCAR Adderley St. 45-2585
LAST RITES Drama (2-18) Tom Berenger, Daphne Zuniga DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MITCHELL'S PLAIN 32-2040
1 Riding the Edge Thriller (A) PLUS And God Created Woman A Romantic Drama (2-18) MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30. SAT: 11.00, 3.30, 8.00
2 My Stepmother is an Alien Comedy (2-12) PLUS Mad Mission 2 Karate Action (A) MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30. SAT: 11.00, 3.30, 8.00

RONDEBOSCH METRO 685-4569
SCANDAL Sex Drama (2-19) Bridget Fonda, John Hurt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN

# FILMS

*****Voortreflik
****Sterk aanbeveel
***Sien gerus
**So-so
*Vermy as jy nugter is
Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie

*****BAGDAD CAFE - 'n Verfrissende, fabelagtige moderne mite met genoeg straatmeriete en komiese oomblikke om die mees rebelse punk 'n traan te laat wegpink. Met Jack Palance en Marianne Sägebrecht.

*****LAWRENCE OF ARABIA - David Lean se klassieke sage oor TE Lawrence.

****CINEMA PARADISO - 'n Skreeusnaakse en ontroerende storie oor vriendskap en 'n huldeblyk aan "verbode" soene in ou flieks. Met die briljante kinderster Salvatore Cascio as klein Toto en Philippe Noiret.

***LETHAL WEAPON II - 'n Aksieriller met Mel Gibson en Danny Glover in die rolle van twee polisie speurders se probleme.

***WIZARD OF LONELINESS - Die storie van 'n 12-jarige seun se siniese uitkyk op die lewe, hoe hy grootword en toe aanvaar dat hy 'n mens is.

***WAR REQUIEM - Derek Jarman se popvideo na die dodemis van Ben Britten.

***THE RAINBOW - 'n Ken Russell-fliek wat glo nie sy aanhangers baie bly sal maak nie (maar dan het almal dieselfde gesê van die briljante "Salome's Last Dance"). Baie romanties na die novelle van DH Lawrence.

***SCANDAL - Bridget Fonda en Joanna Whalley-Kilmer in die skandaal oor die minister, die model en die Russiese spioen.

***TORCH SONG TRILOGY - Die rolprentweergawe van Harvey Fierstein se verhoogstuk oor die liefdes en teleurstellings van 'n Amerikaanse fopdosser. Sentimentele vertoning deur Harvey Fierstein. Ook met Matthew Broderick en Anne Bancroft. Vat jou ma saam.

***THE JANUARY MAN - Kevin Kline (Wie sal Wanda ooit vergeet) en die sexy Susan Sarandon speel die hoofrolle in die komedie oor 'n speurder en 'n kunstenaar.

***THE DREAM TEAM - Michael Keaton is een van vier malletjies wat kattekwaad aanjaag in die dorp. 'n Skreeusnaakse komedie.

***HAIRSPRAY - 'n Fliek wat in die vroeë jare sestig afspeel, toe mense jou nog skeef aangekyk het omdat jy met 'n bruin vel oorgetrek is (selfs in ou "liberale" Amerika). Met Divine (in sy laaste rol voor sy dood), Debbie Harry en ander interessante mense.

***ROADHOUSE - Patrick Swayze in 'n baie geweldadige fliek (met sekstonele boonop) oor 'n deeltydse uitsmyter - hy is eintlik 'n filosoof - by 'n nagklub wat in die moeilikheid beland.

***DEAD POETS SOCIETY - Die storie van 'n Engelse professor (Robin Williams) wat met sy individuele idees sy studente inspireer om hulle persoonlike ideale na te streef. Ook met Robert Sean Leonard, Ethan Hawke en Josh Charles.

**HALLOWEEN 4 - Michael Myers is terug om een en almal weer baie bang te maak.

**PINK CADILLAC - Bernadette Peters en Clint Eastwood in 'n baie vervelige fliek.

**AND GOD CREATED WOMAN - Die 1989-weergawe van Roger Vadim se gelyknamige fliek van 30 jaar gelede waarin Bridget Bardot die hoofrol vertolk het. Albei het intussen oud geword... maar Roger Vadim is nog die regisseur terwyl Bardot vervang is deur Rebecca DeMornay.

*THE GOD'S MUST BE CRAZY II - Jamie Uys is terug met 'n fliek waaraan hy vier jaar lank gewerk het oor mense wat ongelukkig is met situasies waarin hulle hulself bevind, en alewig deur omstandighede (en boelies) gehinder word om te wees waar hulle WIL wees. Nlxay, Hans Strydom en Lena Farugia speel die hoofrolle.

*THE KARATE KID PART III - Asof die eerste twee nie genoeg was nie. Die mannetjie is terug, hierdie keer om regtig sy GROOTSTE uitdaging aan te pak. Met Ralph Macchio en Pat Morita.

*SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL - Met Gene Wilder en Richard Pryor in 'n baie simpel komedie.

*DISORGANIZED CRIME - Met Hoyt Kouf en Corbin Bernstein (LA Law-man) in 'n fliek oor vyf boewe wat 'n bank wil beroof, en soos die titel lui, is dit 'n ongeorganiseerde gedoente.

*Vervolg op bl 8*



Patrick "The Woo Woo Kid" Dempsey soos hy lyk as Randy Bodek in "Loverboy" wat vandag begin draai. Dempsey, wat ook ernstig kan wees, soos fliekgangers sal onthou in "In a Shallow Grave", beskryf ou Randy as "'n normale ou wat net begin ontdek wat vroue se behoeftes is". Kry vir julle.


# Kaapstad

SK ROLPRENTE — 17 en 18 NOVEMBER 1989

BLUE ROUTE CINES 1-6
OPEN 30 NOVEMBER 1989
Vooruit Bespreking by Computicket (Navrae (021) 21-4715)

**Maynard Mall, Wynberg**
HOOFWEG, Tel 761 0131
DAAGLIKS 9 45, 12 00, 2 30, 5 30 8 00, 10 15 nm
MEL GIBSON • DANNY GLOWER
LETHAL WEAPON 2
VINNIGE GEEN-STOP AKSIE (2 18)
DAAGLIKS 9 45, 12 00 2 30 5 30 8 00, 10 15 nm
RICHARD PRIOR • GENE WILDER
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL
SKREEUSNAAKSE VOLWASSE KOMEDIE (2-18)
DAAGLIKS 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 nm
• JAMIE UYS •
THE GODS MUST BE CRAZY II
SPELERS N!XAM — LENA FARUGIA (ALMAL)
DAAGLIKS 9 45 12 00, 2 30, 5 30 8 00, 10 15 nm
• PATRICK SWAYZE •
ROADHOUSE
SEKS — AKSIE GELAAIDE ROLPRENT (2-18)

**Goue Akker**
MIDDESTAD, TEL 25 2720
DAAGLIKS 9 45, 12 00, 2 30 5 30 8 00, 10 15 nm
PATRICK DEMPSEY • KATE JACKSON
KIRSTIE ALLEY
LOVERBOY
ROMANTIESE KOMEDIE (2 14)
DAAGLIKS 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00 10 15 nm
MEL GIBSON • DANNY GLOWER
LETHAL WEAPON 2
VINNIGE GEEN STOP AKSIE (2 18)
DAAGLIKS 9 45, 12 00 2 30, 5 30 8 00, 10 15 nm
• JAMIE UYS •
THE GODS MUST BE CRAZY II
SPELERS N!XAM — LENA FARUGIA (ALMAL)

**Monte Carlo**
STRANDGEBIED, TEL 25 3052
DAAGLIKS 10 00 vm, 2 30 8 00 nm
NUUT — GEREREDIGEER — DOLBY STEREO
LAWRENCE OF ARABIA
Peter O'Toole, Alel Guiness, Anthony Quinn (Almal)
VRY 10 30 2 30, 5 30, 8 00 10 30
SAT 9 45, 12 15, 2 30, 5 30, 8 00, 10 30
MAAN DON 10 30 2 30, 5 30 8 30 nm
• ROBIN WILLIAMS •
DEAD POETS SOCIETY
Hy maak hulle lewens buitengewoon (ALMAL)

**Elite Seepunt**
SEEPUNT, TEL. 44 8941
DAAGLIKS 2 30 en 8 30 nm
RICHARD PRIOR • GENE WILDER
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL
SKREEUSNAAKSE VOLWASSE KOMEDIE (2 18)
DAAGLIKS om 5 30 nm ALLEEN
MICHAEL BIEHN • MAUREEN MUELLER
• PATRICK DEMPSEY •
IN A SHALLOW GRAVE
'n WARE LIEFDESVERHAAL (2-18)
• SATERDAG om 10 00 vm ALLEEN •
MIRACLE ON 8TH STREET

**Protea Claremont**
HOOFWEG, TEL. 61 79/9
DAAGLIKS 9 45, 12 00, 2 30, 5 30 8 00, 10 15 nm
PATRICK DEMPSEY • KATE JACKSON
KIRSTIE ALLEY
LOVERBOY
ROMANTIESE KOMEDIE (2 14)
DAAGLIKS 9 45, 12 15, 2 30 5 30, 8 00, 10 30 nm
• ROBIN WILLIAMS •
DEAD POETS SOCIETY
Hy maak hulle lewens buitengewoon (ALMAL)
DAAGLIKS 9 45, 12 00, 2 30 5 30, 8 00 10 15 nm
MEL GIBSON • DANNY GLOWER
LETHAL WEAPON 2
VINNIGE GEEN-STOP AKSIE (2 18)
• SATERDAG om 10.00 vm ALLEEN •
FLIGHT OF THE NAVIGATOR

**Constantia Rosebank**
HOOFWEG, TEL 686-6649
DAAGLIKS 9 45, 12 15, 2 30 5 30, 8 00, 10 30 nm
CANNES FILMFEES TOEKENNING
CINEMA PARADISO
ITALIANSE DRAMA MET ONDERSKRIFTE (Almal)
DAAGLIKS 9 45, 12 00 2 30, 5 30 8 00 10 15 nm
ANNE BANCROFT • MATTHEW BRODERICK
TORCH SONG TRILOGY
Dit verg moed en baie humor Volwassenes (2 19)
DAAGLIKS 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10 15 nm
Mariann Sägebrecht • CCH Pounder • Jack Palance
BAGDAD CAFE
'N KOMEDIE-FABEL — HOOG AANGESKREWE (2-16)

**Tygervallei**
Tygervalleisentrum, Bellville Tel. 948 6710
DAAGLIKS 9 45, 12 00 2 30, 5 30 8 00, 10 15 nm
PATRICK DEMPSEY • KATE JACKSON
KIRSTIE ALLEY
LOVERBOY
ROMANTIESE KOMEDIE (2 14)
DAAGLIKS 9 45, 12 00, 2 30, 5 30 8 00, 10 15 nm
MEL GIBSON • DANNY GLOWER
LETHAL WEAPON 2
VINNIGE GEEN-STOP AKSIE (2 18)
DAAGLIKS 9 45, 12 00 2 30, 5 30 8 00, 10 15 nm
• JAMIE UYS •
THE GODS MUST BE CRAZY II
SPELERS N!XAM — LENA FARUGIA (ALMAL)
DAAGLIKS 9 45, 12 15, 2 30 5 30 8 00, 10 30 nm
• ROBIN WILLIAMS •
DEAD POETS SOCIETY
Hy maak hulle lewens buitengewoon (ALMAL)

**Kine Parow**
Sanlamsentrum, Parow Tel. 92 5126
VRY-SAT 9 45, 12 00, 2 30, 5 30 8 00, 10 15 nm
MAAN-DON. 9 45, 12 00 2 30, 5 30, 8 30 nm
RICHARD PRIOR • GENE WILDER
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL
SKREEUSNAAKSE VOLWASSE KOMEDIE (2 18)
DAAGLIKS Sien "See No Evil, Hear No Evil" bo vir tye
• JAMIE UYS •
THE GODS MUST BE CRAZY II
SPELERS N!XAM — LENA FARUGIA (ALMAL)

**Stellenbosch**
TEL. (02231) 4464
VRY 2 00, 4 15, 6 30, 8 45 nm
SAT 11 00, 2 00, 4 15, 6 30, 8 45 nm
MAAN-DON 2 00, 4 15, 6 30 en 8 45 nm
PATRICK DEMPSEY • KATE JACKSON
KIRSTIE ALLEY
LOVERBOY
ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
VRY 2 00, 4 30, 6 45, 9 00 nm
SAT 11 00, 2 00, 4 30 6 45, 9 00 nm
MAAN-DON 2 00, 4 30, 6 45, 9 00 nm
RICHARD PRIOR • GENE WILDER
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL
SKREEUSNAAKSE VOLWASSE KOMEDIE (2 18)
VRY 2 00, 4 15, 6 30, 8 45 nm
SAT 11 30, 2 00, 4 15, 6 30, 8 45 nm
MAAN DON 2 00, 4 15, 6 30, 8 45 nm
• JAMIE UYS •
THE GODS MUST BE CRAZY II
SPELERS N!XAM — LENA FARUGIA (ALMAL)
VRYDAG 2 00, 4 30, 6 45, 9 00 nm
SATERDAG 11 00, 2 00, 4 30, 6 45 9 00 nm
MAAN-DON 2 00, 4 30, 6 45, 9 00 nm
Mariann Sägebrecht • CCH Pounder • Jack Palance
BAGDAD CAFE
'N KOMEDIE-FABEL — HOOG AANGESKREWE (2-16)

**Somerset-Wes**
TEL (024) 51-5581
VRY 2 15, 4 45, 7 15, 9 30 nm
SAT 11 00 2.15, 4 45, 7.15, 9 30 nm
MAAN-DON 3 00, 6 00, 8 30 nm
• ROBIN WILLIAMS •
DEAD POETS SOCIETY
Hy maak hulle lewens buitengewoon (ALMAL)
VRY 2 00, 4 30, 6 45, 9.00 nm
SAT 10 30, 2 00, 4 30, 6 45, 9 00 nm
MAAN-DON 2 30, 5 30, 8 00 nm
• JAMIE UYS •
THE GODS MUST BE CRAZY II (ALMAL)

# STER-KINEKOR ROLPRENTE

17 NOV – 23 NOV
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 – ALMAL WELKOM

PRETORIA COMPUTICKET
NAVRAE (012) 322-7460

## SENTRAAL

**KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2**
Daagliks 10 00, 2.30, 5.30, 8 00, 10.15 nm
BETRAYED (2-19)
'N SPANNINGVOLLE RILLER MET TOM BERENGER & DEBRA WINGER!
LOVERBOY (2-14)
A ROMANTIC COMEDY STARRING PATRICK DEMPSEY AND KIRSTIE ALLEY!
BRUTAL GLORY (2-12)
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
ROADHOUSE (2-19)
TORCH SONG TRILOGY (2-19)
Daagliks: 9 45, 12 15, 2.30, 5 30 8 00, 10 30 nm
DEAD POET'S SOCIETY (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Nov – ERNEST SAVES CHRISTMAS (A)
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)
8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)
MISS HILLBROW PAGEANT
Komende Sondag, 6.30 nm.
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE

**KINE HILLBROW 1-3 725-3134**
Daagliks. 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IS TERUG IN DIE AKSIE RILLER!
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
GENE WILDER & RICHARD PRYOR IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAN IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER KOMEDIE!
VOLGENDE AANBIEDINGS
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**SK DIE MEKKA VAN GEHALTE FILMS**
Pensioenaris konsessies slegs geldig Maan tot Don om 10 00 vm, 12.15 & 2.30 nm by Constantia en The Mall
VOLGENDE AANBIEDINGS
SALAAM BOMBAY
A FEW DAYS WITH ME
GONE WITH THE WIND
VENUS TRAP

**THE MALL ROSEBANK 880-2866/7**
Daagliks: 9.45, 12.00, 2.30, 5 30, 8.00, 10.30 nm
CINEMA PARADISO (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15
TORCH SONG TRILOGY (2-19)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
BAGDAD CAFE (2-16)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
WIZARD OF LONELINESS (2-12)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
HAIRSPRAY (A)
WAR REQUIEM (2-12)

**CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300**
Daagliks 10.00, 2 30, 8.00 nm
LAWRENCE OF ARABIA (A)
(LW: DRAAITYD 226 MINUTE)
Daagliks; 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
DEAD POET'S SOCIETY (A)
Onderdak parkering beskikbaar by ingang agter Constantia-sentrum

## NOORD

**SANDTON CITY 1-9 783-4430/1**
Daagliks: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10 30 nm
BETRAYED (2-19)
'N SPANNINGVOLLE RILLER MET TOM BERENGER & DEBRA WINGER!
Daagliks: 10 00, 12 15, 2.30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
LOVERBOY (2-14)
'N ROMANTIESE KOMEDIE MET PATRICK DEMPSEY EN KIRSTIE ALLEY!
BRUTAL GLORY (2-12)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
Daagliks: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 8 00, 10.15 nm
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
ROADHOUSE (2-19)
Sat 18 Nov 10 00 & 12 15 nm
THE SECRET OF NIMH (A)
Daagliks 9 45, 12.00, 2 30, 5.30, 8 00, 10.30 nm
CINEMA PARADISO (A)
(ENGELSE BYSKRIFTE)
Daagliks: 9 45, 12.15, 2 30, 5 30, 8 00, 10 30 nm
DEAD POET'S SOCIETY (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Nov – ERNEST SAVES CHRISTMAS (A)
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)
8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

BINNEKORT BY 'N TEATER NABY U . . .
24 NOVEMBER
ERNEST SAVES CHRISTMAS
'n Kersfees Komedie met . . .
JIM VARNEY
1 DESEMBER
BLACK RAIN
'n Aksie Riller met . . .
MICHAEL DOUGLAS
8 DESEMBER
GHOSTBUSTERS 2
'n Kersfees Aksie Komedie met . . .
BILL MURRAY
SIGOURNEY WEAVER

**CRESTA RANDBURG 476-3802**
Daagliks. 10 00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 nm
LOVERBOY (2-14)
'N ROMANTIESE KOMEDIE MET PATRICK DEMPSEY EN KIRSTIE ALLEY!
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
GENE WILDER & RICHARD PRYOR IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAN IS TERUG!
VOLGENDE AANBIEDING
8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

**KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446**
Daagliks: 10 00, 12.15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IS TERUG IN DIE AKSIE RILLER!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAN IS TERUG!
VOLGENDE AANBIEDINGS
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816**
Daagliks. 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10.00 nm
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IS TERUG IN DIE AKSIE RILLER!
Daagliks: 9.45, 12.15, 2 30, 5 20, 8 00, 10 30 nm
DEAD POET'S SOCIETY (A)
ROBIN WILLIAMS IN DIE ROERENDE KOMEDIE/DRAMA!
VOLGENDE AANBIEDING
1 Des – BLACK RAIN (2-18)

## OOS

**EASTGATE 1-6 622-3617/8**
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
LOVERBOY (2-14)
'N ROMANTIESE KOMEDIE MET PATRICK DEMPSEY EN KIRSTIE ALLEY!
BRUTAL GLORY (2-12)
DIE DRAMATIESE VERHAAL VAN 'N LEGENDE! MET TIMOTHY BRANTLEY!
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
Daagliks: 9 45, 12 15, 2 30, 5.30, 8 00, 10 30 nm
DEAD POET'S SOCIETY (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Nov – ERNEST SAVES CHRISTMAS (A)
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)
8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

**KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023**
Maan Don 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45 nm
Vry-Sat: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IS TERUG IN DIE AKSIE RILLER!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAN IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER KOMEDIE!
VOLGENDE AANBIEDINGS
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**CONSTANTIA BENONI 422-3305**
Maan-Don 12.15, 2 30, 5 30, 7.45 nm
Vry: 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
Sat 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IS TERUG IN DIE AKSIE RILLER!
Sat 18 Nov 10 00 & 12 15 nm
AMERICAN NINJA 3 (A)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY BENONI PLAZA
VOLGENDE AANBIEDINGS
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**350 BOKSBURG 52-4631**
Maan-Don: 12.15, 2 30, 5 30, 7.45 nm
Vry: 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
Sat: 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAS IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER!

**PALMSPRINGS 1 & 2 56-3223**
Maan-Don: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7 45 nm
Vry-Sat: 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
LOVERBOY (2-14)
'N ROMANTIESE KOMEDIE MET PATRICK DEMPSEY EN KIRSTIE ALLEY!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAN IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER KOMEDIE!
VOLGENDE AANBIEDING
8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

## POTCH

**KINE POTCHEFSTROOM 930378**
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5.30, 7 45, 10 00 nm
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IS TERUG IN DIE AKSIE RILLER!
BRUTAL GLORY (2-12)
DIE DRAMATIESE VERHAAL VAN 'N LEGENDE! MET TIMOTHY BRANTLEY!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAN IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER KOMEDIE!
VOLGENDE AANBIEDINGS
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

## WES

**WESTGATE 1-3 764-2530**
Daagliks. 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IS TERUG IN DIE AKSIE RILLER!
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
GENE WILDER & RICHARD PRYOR IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAN IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER KOMEDIE!
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Nov – ERNEST SAVES CHRISTMAS (A)
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**KINE FLORA 1 & 2 472-1658**
Daagliks 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
LOVERBOY (2-14)
'N ROMANTIESE KOMEDIE MET PATRICK DEMPSEY EN KIRSTIE ALLEY!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAN IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER KOMEDIE!
VOLGENDE AANBIEDINGS
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**CINE HIGHGATE 1-5 474-2013**
Kaartjies: Volwassenes R5,50. Skoliere R3,50
Daagliks. 10 00, 2 30, 5.30, 8 00, 10 15 nm
BETRAYED (2-19)
'N SPANNINGVOLLE RILLER MET TOM BERENGER & DEBRA WINGER!
Daagliks. 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
BRUTAL GLORY (2-12)
DIE DRAMATIESE VERHAAL VAN 'N LEGENDE! MET TIMOTHY BRANTLEY!
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IS TERUG IN DIE AKSIE RILLER!
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
Sat 18 Nov 10 00 & 12 15 nm
CROCODILE DUNDEE 1 (A)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)

**KINE KRUGERSDORP 665-5330**
Daagliks. 9 45, 12.15, 2 30, 5 30, 8 00, 10 30 nm
DEAD POET'S SOCIETY (A)
ROBIN WILLIAMS IN DIE ROERENDE KOMEDIE DRAMA!
Daagliks: 10 00, 12 15, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 nm
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAN IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER KOMEDIE!
VOLGENDE AANBIEDINGS
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

## VAAL

**RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928**
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
LOVERBOY (2-14)
'N ROMANTIESE KOMEDIE MET PATRICK DEMPSEY EN KIRSTIE ALLEY!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**KINE VANDERBIJLPARK 016-330072**
Daagliks: 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
DIE BOESMAN IS TERUG IN JAMIE UYS SE NUUTSTE TREFFER KOMEDIE!
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IS TERUG IN DIE AKSIE RILLER!
VOLGENDE AANBIEDING
24 Nov – ERNEST SAVES CHRISTMAS (A)

## PRETORIA

**STERLAND 1-8 341-7568/9**
Daagliks. 10 00, 12.15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
LOVERBOY (2-14)
'N ROMANTIESE KOMEDIE MET PATRICK DEMPSEY EN KIRSTIE ALLEY!
BRUTAL GLORY (2-12)
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
ROADHOUSE (2-19)
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
TORCH SONG TRILOGY (2-19)
THE KARATE KID 3 (A)
THE BEAR (VV2-8)
VOLGENDE AANBIEDINGS
24 Nov – ERNEST SAVES CHRISTMAS (A)
1 Des – BLACK RAIN (2-18)
8 Des – GHOSTBUSTERS 2 (A)

**SUNNYPARK 1-3 44-4069**
Daagliks 10 00, 12.15, 2.30, 5 30, 7 45, 10.00 nm
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
Daagliks 9 45, 12 15, 2.30, 5.30, 8 00, 10.30 nm
DEAD POET'S SOCIETY (A)
Daagliks 9 45, 12 00, 2 30, 5 30, 8 00, 10.30 nm
CINEMA PARADISO (A)
(ENGELSE BYSKRIFTE)
VOLGENDE AANBIEDING
8 Des – HONEY, I SHRUNK THE KIDS (A)

**TRANSVALIA 26-8387**
Maan-Vry: 2 30, 8 00 nm
Sat: 10 00, 2.30, 8 00 nm
LAWRENCE OF ARABIA (A)
VOLGENDE AANBIEDING
1 Des – TORCH SONG TRILOGY (2-19)

**VERWOERDBURGSTAD 663-2034**
Maan-Don 10 00, 12 15 2 30, 5 30, 7 45 nm
Vry-Sat. 10 00, 12 15, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 nm
LOVERBOY (2-14)
'N ROMANTIESE KOMEDIE MET PATRICK DEMPSEY EN KIRSTIE ALLEY!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
VOLGENDE AANBIEDING
1 Des – BLACK RAIN (2-18)

**ICE-RINK 44-5253**
PUBLIEK SKAATS
MAANDAE – SATERDAE
1ste Sessie. 10.00-12.30 nm
2de Sessie: 2.00-5.00 nm
Son. 2.00-5.00 nm – 7.30-10.30 nm

**Sun City Teaters 014651-21174**
WORD TANS VERTOON:
OOP 7 DAE PER WEEK
CINE 3
PINK CADILLAC (A)
FAREWELL TO THE KING (A)
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
CINE 1
BARE BEHIND BARS (Volwasse)
TRINITY BROWN (Volwasse)
LAS VEGAS MANIACS (Volwasse)
CINE 2
PRETTY PEACHES (Volwasse)
COVER GIRL (Volwasse)
THE BLOND NEXT DOOR (Volwasse)

## STER-KINEKOR PRETORIA INRYE

VOLGENDE AANBIEDINGS:
Binnekort
LOVERBOY
BLACK RAIN
Skakel asb Ster-Kinekor Navrae 44-5253 vir besonderhede

**FOUNTAINS 44-2454**
HULLE IS TERUG OP DIE GROOT SKERM! MEL GIBSON & DANNY GLOVER TERUG IN AKSIE!
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
WITCHES OF EASTWICK (2-18)

**SWARTKOPS 374-4902**
PATRICK SWAYZE (DIRTY DANCING) IS MET SAM ELLIOT TERUG IN DIE AKSIE FILM . . .
ROADHOUSE (2-19)
PET SEMETARY (2-18)

**WONDERBOOM 57-1108**
DIE BOESMAN IS TERUG!
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
THE KARATE KID 3 (A)

**LYNNWOOD 87-1633**
GENE WILDER EN RICHARD PRYOR IN DIE LAGWEKKENDE AKSIE KOMEDIE VAN DIE JAAR!
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
SKIN DEEP (2-19)

**UITSPAN 7-2515**
TIMOTHY BRANTLEY EN ROBERT VAUGHN IN
BRUTAL GLORY (2-12)
CIRCLES IN A FOREST (A)

**JAKARANDA 54-9115 9**
CHRISTIAN SLATER IN DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR FILM! PLUS ROBERT DOWNEY JR IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
GLEAMING THE CUBE (VV2-8)
CHANCES ARE (A)

**WITBANK 01351-81064**
DIE SEKS RILLER VAN DIE JAAR! PLUS CHARLES BRONSON IN AKSIE!
TWO MOON JUNCTION (2-19)
KINJITE (2-18)

**RUSTENBURG 01421-29358**
DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE! PLUS DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR FILM!
YOU'RE FAMOUS (A)
PLATOON LEADER (2-12)

## STER-KINEKOR 17 Nov – 23 Nov INRYE

TREFFER FILMS NOU BY DIE INRYE!
THE GODS MUST BE CRAZY 2
Atlas
DEAD POET'S SOCIETY
5-Star en Panorama
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL
Velskoen, Speedy's, Sterlig, Meiringspark
ROADHOUSE
Top Star, Germiston, Springbok, Hillfox
Hekke en Kafeteria maak 5 nm oop
Vertoning begin 7.15 nm

**TOP STAR (STAD) 412-1843/493-5877**
ROADHOUSE (2-19)
PET SEMETARY (2-18)
ROADHOUSE (2-19)
(LW: 3de Vertoning – Slegs Vry & Sat)
24 Nov: THE GODS MUST BE CRAZY 2

**VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812**
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
SKIN DEEP (2-19)
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
(LW: 3de Vertoning – Slegs Vry & Sat)
24 Nov: THE GODS MUST BE CRAZY 2

**ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017**
THE GODS MUST BE CRAZY 2 (A)
THE KARATE KID 3 (A)
WEES AANGERAAI – KOM VROEG! HEKKE EN KAFETERIA MAAK 5 nm OOP. VERTONING BEGIN 7.15 nm!

**STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131**
MEL GIBSON & DANNY GLOVER IN DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR!
LETHAL WEAPON 2 (2-18)
DANGEROUS LIAISONS (2-18)
24 Nov: SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL

**5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/795-1963**
(LW: NUWE INGANG IN BOUNDARYWEG, VOLG DIE PYLE IN HONEYDEWWEG)
DEAD POET'S SOCIETY (A)
DISORGANISED CRIME (A)
24 Nov PATRICK SWAYZE – ROADHOUSE

**KEMPTON PARK 816-1444/976-4905**
CLINT EASTWOOD . . .
PINK CADILLAC (A)
THREE FUGITIVES (A)
24 Nov SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL

**SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129**
DIE KOMEDIE SPAN VAN DIE JAAR IN DIE PRET KOMEDIE! GENE WILDER & RICHARD PRYOR!
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
SKIN DEEP (2-19)
24 Nov. Clint Eastwood in PINK CADILLAC

**VEREENIGING 816-1444/12-3211**
AKSIE! OPWINDING! ROMANSE! MET LOUIS GOSSET JR.!
IRON EAGLE 2 (A)
NOWHERE TO HIDE (A)
24 Nov BATMAN

**STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468**
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
SKIN DEEP (2-19)
24 Nov: THE GODS MUST BE CRAZY 2

**BRAKPAN 816-1444/915-3907**
CLINT EASTWOOD . . .
PINK CADILLAC (A)
HER ALIBI (A)
24 Nov. LETHAL WEAPON 2

**PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411**
PATRICK SWAYZE (DIRTY DANCING)
ROADHOUSE (2-19)
PET SEMETARY (2-18)
24 Nov: DEAD POET'S SOCIETY

**MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060**
SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL (2-18)
SKIN DEEP (2-19)
24 Nov: CLINT EASTWOOD – PINK CADILLAC

**HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212**
DIE STER VAN "DIRTY DANCING" EN "NORTH AND SOUTH" PATRICK SWAYZE
ROADHOUSE (2-19)
PET SEMETARY (2-18)
24 Nov: LETHAL WEAPON 2

**SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138**
"DIRTY DANCING"
PATRICK SWAYZE
IS TERUG IN AKSIE!
ROADHOUSE (2-19)
PET SEMETARY (2-18)

**GERMISTON 816-1444/902-1607/8**
"DIRTY DANCING"
PATRICK SWAYZE
IS TERUG!
ROADHOUSE (2-19)
FLETCH LIVES (A)

**KINANDER (EVANDER) 816-1444/24117**
DIE SEKS RILLER VIR VOLWASSENES!
TWO MOON JUNCTION (2-19)
AVENGING FORCE (2-18)
24 Nov: THE BEAR/BRUTAL GLORY

**KRUGERSDORP 412-1843/953-1959**
SUPER FAMILIE DUBBEL!
CLINT EASTWOOD . . .
PINK CADILLAC (A)
HER ALIBI (A)
24 Nov: SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL

**NIGEL 816-1444/739-6616**
SUPER FAMILIE KOMEDIE EN AKSIE DUBBEL!
THE DREAM TEAM (2-10)
FLETCH LIVES (A)
24 Nov: SEE NO EVIL, HEAR NO EVIL

## FILMS

**ONAFHANKLIKE ROLPRENTTEATERS**

**KAAPSTAD**

LABIA - Oranjestraat 68:

Vanaand: 4.00 Oliver and Co. 5.45 Changing Places. 7.45 Sweet Country. 10.15 Anna.
Saterdag: 10.15vm en 2.15nm Oliver and Co. 3.45 Anna. 5.45 Sweet Country. 8.15 Red Kiss 10.15 Changing Places.
Maandag: 5.00 Clara's Heart, 7.00 Amadeus. 10.15 The Hanoy Hilton.
Dinsdag: 6.00 Anna. 8.00 The Hanoy Hilton. 10.15 Clara's Heart.
Woensdag: 5.00 Amadeus. 8.15 Clara's Heart. 10.15 The Hanoy Hilton.
Donderdag: 6.00 The Hanoy Hilton. 8.15 Anna. 10.15 Clara's Heart.

**JOHANNESBURG**

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. PASCALI'S ISLAND wys vanaand en Saterdagaand.

CINE SUN - Orange Grove. WILD STRAWBERRIES deur Igmar Bergman. Met Victor Sjostron en Bibi Anderson. Elke aand om 8nm.

YOL (The Way) is 'n Turkse film met Engelse onderskrifte. Daagliks om 2.30 en 6.00. Reggiseur: Yilmaz Güney.

7 ARTS, Norwood: Ken Russell se THE RAINBOW

CORLETT CINE, Louis Bothalaan: 'n Reeks balletprente is tot aanstaande Vrydag te sien: "SWAN LAKE", "GISELLE", AN EVENING WITH THE ROYAL BALLET", "MAYERLING", "SLEEPING BEAUTY", NUTCRACKER" EN "NATASHA".



**Ken Russell se weergawe van DH Lawrence se "The Rainbow" draai nou by die Seven Arts in Grantlaan, Norwood. "Rainbow" se hoofkarakter, Ursula (Sammi Davis), is "die eerste moderne vrou in die literatuur" genoem. Haar verhaal - haar strewe na vryheid en individualiteit - vind tydens die industriële revolusie in Engeland plaas. Glenda Jackson (links), Paul McGann, Amanda Donohoe en David Hemmings speel ook daarin.**

## DIE WEEK SE TV

### VRYDAG 20

**TV1**
7.00 Goeiemôre SA
2.00 TopSport
3.30 Take a Break
4.00 Santa Barbara
4.25 Fast Forward
4.55 Pink Panther and Sons
5.05 Rockbottom and Company
5.25 Bible Story
5.30 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Airwolf IV
8.00 Netwerk
8.45 Police File
9.00 Simon en Simon
9.50 Spies en Plessie
10.45 Die einde van 'n droom
12.15 Oordenking

**TV2**
5.00 Lingisa
5.32 T & T - (Engels op Radio 2000)
7.00 Public Affairs
7.19 News
7.39 Naboke Ubomi - volwasse drama
8.09 Sidlale Intsha - musiek

**TV3**
5.00 Centurions - (Engels op Radio 2000)
5.32 T & T - (Engels op Radio 2000)
7.00 Nuus
7.19 Public Affairs
7.39 Lapologa

**TV4**
6.03 Topsport
9.04 Mogambo
11.06 MASH
11.30 Creedance Clearwater Revival - kyk onder hoogtepunte

**M-NET**
10.30 Death Wish III
2.15 Telygames
2.45 A View to a Kill
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Robert Guillaume Show
Intekenare
7.00 Gandhi
10.10 The Challenge
12.00 Boks

### SATERDAG 18

**TV1**
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 TopSport
1.00 Bill en Boel
1.05 Eier-Manie
1.10 Die Robinsons
1.35 Noem my net Lamprecht
2.00 Topsport
6.00 Nuus
6.15 Teletreffers
7.05 J J Starbuck
8.00 News
8.35 Magnum
9.30 There was a Crooked Man - kyk onder hoogtepunte
11.30 Four the Fun of It
12.50 Flying High
1.40 Epilogue

**TV2**
11.00 Educational Rendezvous
3.00 TopSport
5.00 Meriteng
7.00 Public Affairs
7.19 News
7.39 Shell Road to Fame
8.26 Thabure

**TV3**
11.00 Educational Rendezvous
3.00 TopSport
5.00 Meriteng
7.00 News
7.19 Public Affairs
8.26 Thabure

**TV4**
6.03 Check it Out
6.30 Learning the Ropes
9.03 Murphy Brown
9.32 Baby Boom
9.59 Knots Landing
10.53 Cover Story
11.20 Soko 5113
12.10 TopSport

**M-NET**
1.00 Beach Boys
2.00 Stevie Nicks - kyk onder hoogtepunte
3.00 Frankenstein
4.45 Rugby
Oop Tyd
6.00 Rugby
6.15 Houston Knights
Intekenare
7.00 The Longshot
8.30 60 Minutes
9.00 Eleni - kyk onder hoogtepunte
11.00 April Morning
12.40 Hot Hits

### SONDAG 19

**TV1**
11.30 TopSport: Spesiale uitsending
3.00 ZET!
3.10 Bybelvasvra
3.45 Collage
4.45 The Leftovers (finaal)
5.45 50/50
6.50 Kruis en Kroniek
8.00 Network
9.00 SACPAC Honours 1989
10.15 Piano Concerto in A Minor
10.50 Impetus
11.20 Insight

**TV2**
12.00 Kickers kinderprogram
12.30 Unqambothi
1.00 TopSport
7.00 Public Affairs
7.16 News
7.33 Imibono
7.57 Masakhane Godsdiensprogram
8.14 Ukholo Lunje

**TV3**
12.00 Dokumentêr
12.30 Ke Tsona
1.00 TopSport
7.00 News
7.16 Public Affairs
7.33 Le Reng/ La Reng?
7.55 Ho Lla Noto - Koorsang
8.13 Mahlasedi A Tumelo

**TV4**
6.03 Kupid
9.04 North and South
9.58 227
10.25 Sing Country
10.56 Topsport

**M-NET**
7.30 Indiese diens begin
10.30 Portugese diens begin
Intekenare
1.30 Tennis
2.30 Dusty
3.00 Remo: Unarmed and Dangerous
5.00 Motorsport
Oop Tyd
6.00 Sokker
Intekenare
7.15 Carte Blanche
8.00 Wildlife on One
8.30 Floyd on Great Britain and Ireland
9.00 Tin Men - kyk onder hoogtepunte
11.00 Tennis

### MAANDAG 20

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Santa Barbara
4.30 Throb
5.00 Sylvanian Families
5.10 Pumpkin Patch
5.25 Bible Story
5.30 Bravestarr
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 Murder She Wrote
8.00 Netwerk
9.00 Dirk Hoffman
9.40 Die Duitse wesies
10.00 Topsport
11.00 Op die drumpel van die dood
12.00 Oordenking

**TV2**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Home and School Safety
5.10 Moving On Again
5.30 Ngenxa Yothando - Jeugdrama
7.00 Public Affairs
7.29 News
7.57 Police File
8.14 Igagasi
8.42 Ezodumo

**TV3**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Home and School Safety
5.10 Moving On Again
5.30 Voltron (Engels op Radio 2000)
7.00 News
7.29 Public Affairs
7.57 Police File
8.14 Di A Rora - Musiek

**TV4**
6.03 Small Wonder
6.30 Topsport
9.03 Head of Class
9.30 Dynasty
10.23 Wiseguy
11.19 The Beam

**M-NET**
10.30 Lassiter
12.10 West 57th
2.30 Telygames
3.00 Sylvester
5.00 G I Joe
5.30 The Smurfs
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.05 Police Story: The Freeway Killings
9.30 Greased Lightning - kyk onder hoogtepunte
11.05 Gandhi

### DINSDAG 21

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Die veearts
5.00 Die wonderwêreld van kleiman
5.10 Wielie Walie
5.30 Roep van die visarend
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Potpourri
7.00 Oorlewing
7.30 Vleuels
8.00 Network
9.00 Hollywood Legends: Deel 1 - Steve McQueen - kyk onder hoogtepunte
10.00 Topsport
11.00 Open University
11.55 Evening Prayer

**TV2**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Animal Family
5.10 Dealing with Dogs
5.20 Getting it Together
5.30 GI Joe
7.00 Public Affairs
7.29 News
7.57 Ezasempuma Koloni
8.27 Ikapa Lodumo

**TV3**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Animal Family
5.10 Dealing with Dogs
5.20 Getting it Together
5.30 Lesoka Mphe Batho
7.00 News
7.29 Public Affairs
7.57 Diwetse

**TV4**
6.03 Reaching for the Skies
9.04 Weekend of Shadows
10.37 She's the Sheriff
11.05 Gunsmoke

**M-NET**
10.30 Eleni
2.30 Telygames
3.00 Finders Keepers
4.35 West 57th
5.00 My Little Pony
5.30 Dino Riders
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Valerie
Intekenare
7.05 Hemingway (deel 3)
8.45 Golf
9.00 Sokker
10.00 An Audience With...
11.00 The Challenge

### HOOGTEPUNTE

## Woody Allen soek troos by drie vroue

STARDUST MEMORIES is 'n komedie oor grootoog-filmmaker Woody Allen wat ná 'n mislukte fliekmaakpoging by drie vroue simpatie soek. Ook met Charlotte Rampling, Jessica Harper en Tony Roberts. "Stardust Memories" wys Donderdag-aand op M-Net.

MY BODY, MY CHILD is 'n drama waarin 'n vrou met drie volwasse dogters nog 'n kind begeer: Donderdag-aand op TV1. Toe sy uitvind dat sy wel verwagtend is, dwing komplikasies haar om 'n belangrike besluit te maak. Met Vanessa Redgrave en Jack Albertson.

Michael Landon gooi sy cowboyhoed weg in die drama COMEBACK om plek te maak vir 'n notaboekie en pen as Australiese joernalis. 'n Mooi meisie moet informasie oor dié joernalis se doen en late vir 'n boef inwin maar toe raak sy verlief op hom (die joernalis nou). Die fliek is Woensdagaand op M-Net te sien.

Die drama GREASED LIGHTNING wat Maandag-aand op M-Net wys, is gebasseer op 'n ware verhaal oor 'n renjaer (Richard Pryor) wat een van die eerste swart Amerikaners was om in die sport uit te blink. Ook met Beau Bridges en Pam Grier.

Twee verkoopsmanne (Danny de Vito en Richard Dreyfuss) hou nie vreeslik van mekaar nie, en baklei gedurig oor wie watse besigheid van een of ander ryk Baltimore-huis-eienaar moet kry in die komedie TIN MEN wat Sondag-aand op M-Net wys. Die fliek speel in die jare 60 af. Ook met Barbara Hershey.

TV1 se Saterdagaand-fliek is THERE WAS A CROOKED MAN... met Kirk Douglas en Henry Fonda en is oor 'n man wat tronk toe gestuur word oor roof nog voor hy sy buit kon geniet. Op 'n stadium ontsnap hy, met die tronkbewaarder kort op sy hakke.

Die drama ELENI, gebasseer op 'n ware gebeurtenis, handel oor 'n joernalis wat 30 jaar na sy ma ter dood veroordeel is tydens die Griekse oorlog, ondersoek instel na die oorsaak: Saterdagaand op M-Net. Die lieflike John Malkovich speel die rol van die joernalis. Ook met Kate Nelligan.

'n Spesiale program oor Stevie Nicks van Fleetwood Mac-faam kan ook Saterdag op M-Net gesien word. Met videos van haar gewilde plate, konserte en so aan.

### WOENSDAG 22

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleschool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Silhouette
5.00 Sylvanian Families
5.10 ZAPMAG
5.25 Bible Story
5.30 Turkey Caper
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Telly Fun Quiz
7.30 Starting from Scratch
8.00 Netwerk
9.05 Formule 1
9.35 Diagonal Street
10.00 TopSport
11.00 Die ma-plotters
11.30 Die storie agter die storie
12.30 Oordenking

**TV2**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Bimbo
5.10 Career Awareness
5.20 Famous Fables
5.30 Voltron (Engels op Radio 2000)
7.00 Public Affairs
7.29 News
7.57 Deliwe
8.27 Imali Noma Ibhokisi

**TV3**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Bimbo
5.10 Career Awareness
5.20 Famous Fables
5.30 Re A Aga
7.00 News
7.29 Public Affairs
7.57 Ntome Tsebe

**TV4**
6.03 The New Leave it to Beaver
6.30 Topsport
9.04 The Colbys
9.58 Fontanes
11.25 9 to 5

**M-NET**
10.30 Witchboard
12.05 60 Minutes
2.00 Telygames
2.30 Police Story: The Freeway Killings
5.00 The Diplodos
5.30 Robocop
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Dear John
Intekenare
7.05 Hemingway (deel 4)
8.50 Boks
9.00 Comeback - kyk onder hoogtepunte
10.40 The Koppel Report
11.30 Stevie Nicks

### DONDERDAG 23

**TV1**
6.00 Goeiemôre SA
3.00 Teleskool
3.30 Opvoedkundige TV
4.00 Die Veearts
5.00 Niklaas
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.00 Hardcastle en McCormick
8.00 Netwerk
9.00 Hill Street Blues
10.00 Topsport
11.00 My Body, My Child - kyk onder hoogtepunte
12.40 Face to Face

**TV2**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Fat Albert and the Cosby Kids
5.15 Music and Me
5.30 Ezabasha
7.00 Public Affairs
7.29 News
7.57 Isigqi
8.30 Sizungeza Izwe

**TV3**
4.50 Featherfoot Farm
5.00 Fat Albert and the Cosby Kids
5.15 Music and Me
5.30 Sabre Riders (Engels op Radio 2000)
7.00 News
7.29 Public Affairs
7.57 Jazz Jazz Jazz
8.26 Mopheme

**TV4**
6.03 TV4 Top 20
6.30 Muzik A la Carte
9.04 21 Jump Street
9.58 Movie Focus
10.32 Night Court
11.00 Misdaad in Miami
11.52 Ripley's Believe It or Not

**M-NET**
10.30 Finders Keepers
12.05 60 Minutes
2.30 Telygames
3.00 Garfield
3.30 Mickey's 60th birthday
4.20 A Charlie Brown Thanksgiving
5.00 Worzel Gummidge Down Under
5.30 The Real Ghostbusters
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 Golf
9.00 Stardust Memories - kyk onder hoogtepunte
10.30 60 Minutes
11.00 April Morning

**Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS**

## PAUL SLAB IS WOES - 5